

**KAPITAALOORDRAGBELASTING IN SUID-AFRIKA:
'n EVALUERING VAN DIE HUIDIGE POSISIE,
MET SPESIFIEKE VERWYSING NA SEKERE
AANBEVELINGS TEN OPSIGTE
VAN TRUSTS**

deur

Ada Mara Nel

WERKSTUK

voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereiste vir die graad

MAGISTER REKENINGKUNDE (BELASTING)

in die

Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe

aan die

UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH.

**STUDIELEIERS: Prof. C.J. van Schalkwyk
en Prof. J.A. Matthee**

17 November 1999



VERKLARING

Ek, die ondergetekende, verklaar hiermee dat die werk in hierdie werkstuk vervat, my eie oorspronklike werk is en dat ek dit nie vantevore in die geheel of gedeeltelik by enige universiteit ter verkryging van 'n graad voorgelê het nie.

Datum: 17-11-99.....

OPSOMMING

In Suid-Afrika is die verdeling van rykdom en inkomste baie ongelyk. Die armer 80 persent van die bevolking is hoofsaaklik weens politieke faktore verhoed om rykdom te akkumuleer. In Suid-Afrika is die moontlikheid van belasting-hervorming met betrekking tot kapitaaloordragbelasting dus 'n belangrike saak, veral aangesien die regering tans onder groot druk verkeer om die ongelykheid in die verdeling van rykdom aan te spreek.

Rykdom kan slegs direk belas word deur middel van kapitaalbelasting. Kapitaal word op verskeie maniere in ontwikkelende en ontwikkelde lande belas. Dit kan in veral twee oorhoofse groepe verdeel word, naamlik kapitaalwinstbelasting en welvaartbelasting. Daar is egter ook verskeie vorme van welvaartbelasting, naamlik 'n jaarlikse welvaartbelasting, kapitaaloordragbelasting en grondbelasting.

Tans is die enigste kapitaaloordragbelasting wat in Suid-Afrika gehef word, boedel- en skenkingsbelasting. Die Margo- en Katz-kommissies het egter sekere voorstelle in die verband met die struktuur van kapitaaloordragbelasting in Suid-Afrika gemaak. Een van hierdie voorstelle is byvoorbeeld die onderwerping van tegnieke waarmee generasies oorgeslaan word (byvoorbeeld trusts waarin geen begunstigde 'n gevestigde reg het nie) aan kapitaaloordragbelasting.

Die skynbaar onbelangrike rol wat kapitaaloordragbelasting tans in Suid-Afrika vervul, tesame met die moontlike gebruik daarvan om herverdeling te bewerkstellig, noodsaak die evaluering van die huidige kapitaaloordragbelasting-stelsel aan die hand van sekere algemene beginsels, naamlik neutraliteit, billikheid, aansporing, ekonomiese doeltreffendheid, sekerheid, eenvoud, koste, doeltreffendheid, buigsaamheid en stabiliteit.

Daar word bevind dat die kapitaaloordragbelastingstelsel in Suid-Afrika nie aan die beginsels van neutraliteit, billikheid, eenvoud en effektiwiteit voldoen nie.

Die volgende veranderinge sal moontlik hierdie probleem verbeter: Boedel- en skenkingsbelasting moet onder een wet geadministreer word, die korting van R1 000 000 (ten opsigte van boedelbelasting) moet hersien word en dan jaarliks aangepas word vir die effek van inflasie, teenvermydingsbepalings behoort ingestel word in die boedelbelastingwet en kapitaaloordragbelasting behoort bereken te word op die verskil tussen rente teen 'n amptelike koers en die werklike rente op rentevrye en lae rentekoers lenings.

Die bepalinge van die Grondwet, die mening van 'n belastingkundige, asook die verslag van die Parlementêre Kommissie ten opsigte van die resultate van 'n bespreking oor die aanbevelings deur die Katz-kommissie, ondersteun al bogenoemde veranderinge, behalwe die aanbeveling ten opsigte van belasting op lae rentekoers en rentevrye lenings; dus word die bogenoemde veranderinge, met die uisluiting van die belasting op rentevrye en lae rentekoerslenings aanbeveel, ten einde die probleem aan te spreek.

Alhoewel die hervorming van die kapitaaloordragbelastingstelsel in Suid-Afrika nodig blyk te wees, is daar sekere ander faktore wat ook in aanmerking geneem moet word: Die verhouding direkte tot indirekte belasting in Suid-Afrika, wat tans reeds hoër is as in ander ontwikkelende lande, die administratiewe kapasiteit van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens en die aansporing tot besparing en belegging.

Die finale besluit oor die verandering, al dan nie, in die kapitaaloordragbelasting-stelsel in Suid-Afrika, is egter 'n beleidsoorweging ten opsigte waarvan die uiteindelijke besluit by die regering van die dag berus.

ABSTRACT

The distribution of wealth and income is very unequal in South Africa. The poorer 80 percent of the population was prevented from accumulating wealth, largely as a result of political factors. The possibility of tax reformation with regards to capital transfer tax, is an important issue in South Africa, especially in times during which the government is under pressure to address the inequality in the distribution of wealth.

Wealth can only be taxed directly by means of capital taxes. Capital taxes can be sub-divided into tax on capital gains and wealth tax. Wealth tax can further be distinguished into an annual wealth tax, capital transfer tax and land-tax.

The only capital transfer taxes in South Africa are estate duty and donations tax. The Margo and Katz Commissions however made certain recommendations with regards to the structure of the capital transfer tax in South Africa. One of these recommendations was the subjection of generation skipping methods (for example trusts in which no beneficiary has a vested right), to capital transfer tax.

The apparent unimportant role of capital transfer tax in South Africa, as well as the possible use thereof to accomplish redistribution necessitates the evaluation of the current capital transfer system in the light of certain general principles, namely neutrality, reasonableness, incentive, economical efficiency, certainty, simplicity, cost, effectiveness, flexibility and stability.

It was found that the capital transfer tax system in South Africa does not comply with the requirements of neutrality, reasonableness, simplicity and effectiveness.

The following changes will improve this problem: Estate duty and donations should be administered through a single act, the rebate of R1 000 000 (with regards to estate duty) should be reviewed, and thereafter adjusted each year to take into account the effect of inflation, anti-avoidance provisions should be included in the estate duty act and capital transfer tax should be calculated on the difference between interest at an efficient rate and the actual interest rate on low interest and interest free loans.

The provisions in the Constitution, the opinion of a tax expert, as well as the report of the Parliamentary Commission on the results of a discussion about the Katz Commission report, support these all these changes, with the exception of the tax on low interest and interest free loans. Therefore the above-mentioned changes, excluding the tax on interest free loans is recommended to address the problems.

Although the reform of the capital transfer tax system in South Africa seems necessary, there are certain other factors which should be taken into account: The proportion of direct to indirect taxes in South Africa, which is currently higher than in other developing countries, the administrative capacity of the South African Revenue Services, and the incentive to saving and investment.

The final decision about the reform of the capital transfer tax system in South Africa is however, a policy consideration, and therefore lies with Government.

INHOUDSOPGAWE

INHOUDSOPGAWE.....	(i)
LYS VAN BYLAES.....	(ix)

HOOFSTUK 1: INLEIDING EN AGTERGROND

1.1	INLEIDING.....	2
1.2	METODES OM RYKDOM TE BELAS.....	10
1.2.1	Die Margo-kommissie se voorstelle.....	10
1.2.2	Aanvaarding van die Margo-kommissie se aanbevelings?.....	12
1.2.3	Die Katz-kommissie se voorstelle.....	13
1.2.4	Aanvaarding van die Katz-kommissie se aanbevelings?.....	16
1.3	DOEL VAN DIE STUDIE	17
1.4	ONDERSOEKMETODIEK.....	18
1.5	RAAMWERK VIR DIE STUDIE	18
1.5.1	Hoofstuk 2	18
1.5.2	Hoofstuk 3	19
1.5.3	Hoofstuk 4	19
1.5.4	Hoofstuk 5	19
1.5.5	Hoofstuk 6	19
1.5.6	Hoofstuk 7	20
1.5.7	Hoofstuk 8	20

HOOFSTUK 2: KAPITAALOORDRAGBELASTING: DOEL EN OMVANG

2.1	INLEIDING.....	22
2.2	DIREKTE EN INDIREKTE BELASTINGS.....	22
2.3	KAPITAALBELASTING	24
2.3.1	Kapitaalwinsbelasting.....	24
2.3.2	Welvaartbelasting.....	24
2.3.2.1	Jaarlikse welvaartbelasting	24
2.3.2.2	Kapitaaloordragbelasting	25
2.3.2.3	Grondbelasting.....	25
2.4	DOEL VAN KAPITAALOORDRAGBELASTING.....	25
2.5	HEFFING VAN KAPITAALOORDRAGBELASTING.....	27
2.6	BEGINSELS WAT AS EVALUERINGSMAATSTAWWE KAN DIEN .	29
2.6.1	Neutraliteit	29
2.6.2	Billikheid	30
2.6.3	Aansporing en ekonomiese doeltreffendheid	32
2.6.4	Sekerheid en eenvoud.....	33
2.6.5	Koste en doeltreffendheid.....	34
2.6.6	Buigzaamheid en Stabiliteit	35
2.6.7	Hantering van oorgangsprobleme	36
2.7	SAMEVATTING.....	36

HOOFSTUK 3: BELASTING OP KAPITAALOORDRAGTE: HUIDIGE POSISIE IN SUID-AFRIKA

3.1	INLEIDING.....	38
3.2	KAPITAALBELASTING IN SUID-AFRIKA.....	38
3.2.1	Kapitaalwinsbelasting.....	38
3.2.2	Welvaartbelasting.....	39
3.2.2.1	Skenkingsbelasting.....	40
3.2.2.2	Boedelbelasting.....	44
3.3	TRUSTS.....	52
3.3.1	Klassifikasie van trusts.....	52
3.3.2	Diskresionêre trusts.....	54
3.4	SAMEVATTING.....	56

HOOFSTUK 4: 'N EVALUERING VAN DIE KAPITAALOORDRAGBELAS- TINGSTELSEL IN SUID-AFRIKA

4.1	INLEIDING.....	58
4.2	BEGINSELS WAT AS EVALUERINGSMAATSTAWWE KAN DIEN.....	58
4.2.1	Neutraliteit.....	58
4.2.2	Billikheid.....	59
4.2.2.1	Horisontale billikheid.....	59
4.2.2.2	Vertikale billikheid.....	59
4.2.3	Aansporing en ekonomiese doeltreffendheid.....	60
4.2.4	Sekerheid en eenvoud.....	61
4.2.5	Koste en doeltreffendheid.....	61
4.2.5.1	Administrasiekoste.....	62

4.2.5.2	Nakomingskoste.....	62
4.2.6	Buigsaamheid en Stabiliteit.....	62
4.2.7	Hantering van oorgangsprobleme	63
4.3	SAMEVATTING.....	63

HOOFSTUK 5: KAPITAALOORDRAGBELASTING IN ANDER LANDE

5.1	INLEIDING.....	67
5.2	KAPITAALOORDRAGBELASTING IN DIE VERENIGDE KONINKRYK.....	67
5.2.1	Ontwikkeling van kapitaaloordragbelasting in die VK.....	67
5.2.2	Die huidige kapitaaloordragbelastingstelsel in die VK.....	69
5.2.2.1	Belasbare oordragte.....	70
5.2.2.2	Gevestigde eiendom waarin geen belang tot eie voordeel gehou word nie	72
5.2.2.3	Berekening van erfenisbelasting	74
5.2.2.4	Verligting en kortings.....	76
5.2.3	Samevatting	76
5.3	KAPITAALOORDRAGBELASTING IN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA.....	77
5.3.1	Boedel- en Skenkingbelasting	77
5.3.1.1	Belasting op geskenke	78
5.3.1.2	Boedelbelasting.....	79
5.3.1.3	Berekening van boedel- en skenkingsbelasting	80
5.3.1.4	Verligting en kortings.....	81
5.3.2	"Generation Skipping Transfer Tax"	83
5.3.2.1	Heffing van GSTT.....	83
5.3.2.2	Berekening van GSTT	84

5.3.2.3	Verligting en kortings.....	85
5.3.2.4	Samevatting.....	85
5.4	SAMEVATTING.....	86

HOOFSTUK 6: 'N EVALUERING VAN DIE KAPITAALOORDRAGBELASTINGSTELSELS IN ANDER LANDE

6.1	INLEIDING.....	89
6.2	BEGINSELS AS EVALUERINGSMAATSTAWWE.....	89
6.3	'N EVALUERING VAN DIE KAPITAALOORDRAGBELASTINGSTELSEL VAN DIE VERENIGDE KONIKRYK.....	89
6.3.1	Neutraliteit.....	89
6.3.2	Billikheid.....	90
6.3.2.1	Horisontale billikheid.....	90
6.3.2.2	Vertikale billikheid.....	90
6.3.3	Aansporing en ekonomiese doeltreffendheid.....	90
6.3.4	Sekerheid en eenvoud.....	91
6.3.5	Koste en doeltreffendheid.....	92
6.3.5.1	Nakomingskoste.....	92
6.3.5.2	Invorderingskoste.....	92
6.3.6	Buigsaamheid en stabiliteit.....	93
6.3.7	Samevatting.....	93
6.4	'N EVALUERING VAN DIE KAPITAALOORDRAGBELASTINGSTELSEL VAN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA.....	94
6.4.1	Neutraliteit.....	94
6.4.2	Billikheid.....	94
6.4.2.1	Horisontale billikheid.....	94

6.4.2.2	Vertikale billikheid	95
6.4.3	Aansporing en ekonomiese doeltreffendheid	95
6.4.4	Sekerheid en eenvoud.....	95
6.4.5	Koste en doeltreffendheid	96
6.4.5.1	Opbrengs	96
6.4.5.2	Nakomingskoste.....	96
6.4.5.3	Invorderingskoste.....	96
6.4.6	Buigsaamheid en stabiliteit.....	97
6.4.7	Samevatting	97
6.5	SAMEVATTING.....	97

HOOFSTUK 7: 'N VERGELYKING TUSSEN DIE KAPITAALOORDRAG-BELASTINGSTELSELS VAN SUID-AFRIKA EN DIE VAN GESELEKTEERDE LANDE

7.1	INLEIDING.....	101
7.2	'N VERGELYKING VAN DIE KAPITAALOORDRAGBELASTINGSTELSELS VAN SUID-AFRIKA, DIE VK EN DIE VSA EN DIE TOEPASSING DAARVAN OP DIE POSISIE IN SUID-AFRIKA	101
7.2.1	Neutraliteit	101
7.2.1.1	'n Vergelyking tussen die lande.....	101
7.2.1.2	Toepassing op Suid-Afrika	102
7.2.2	Billikheid	104
7.2.2.1	'n Vergelyking tussen die lande.....	104
7.2.2.2	Toepassing op Suid-Afrika	105
7.2.3	Aansporing en ekonomiese doeltreffendheid	106
7.2.3.1	'n Vergelyking tussen die lande.....	106
7.2.3.2	Toepassing op Suid-Afrika	107
7.2.4	Sekerheid en eenvoud.....	107

7.2.4.1	'n Vergelyking tussen die lande.....	107
7.2.4.2	Toepassing op Suid-Afrika	108
7.2.5	Koste en doeltreffendheid.....	108
7.2.5.1	'n Vergelyking tussen die lande.....	108
7.2.5.2	Toepassing op Suid-Afrika	108
7.2.6	Buigsaamheid en stabiliteit.....	109
7.2.6.1	'n Vergelyking tussen die lande.....	109
7.2.6.2	Toepassing op Suid-Afrika	109
7.3	ANDER FAKTORE	110
7.3.1	Die verhouding direkte tot indirekte belasting	110
7.3.2	Die administratiewe vermoë van die kommissaris	110
7.3.3	Aansporing tot besparing en belegging	111
7.4	SAMEVATTING.....	111

HOOFSTUK 8: SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKING VAN STUDIE

8.1	INLEIDING.....	114
8.2	AANBEVELINGS EN VOORSTELLE WAT UIT DIE STUDIE VOORTVLOEI.....	115
8.2.1	Behou kapitaaloordragbelasting in Suid-Afrika	115
8.2.2	Die koers van kapitaaloordragbelasting.....	115
8.2.3	Administrasie onder een wet	116
8.2.4	Aanpassing van korting	116
8.2.5	Aanbevelings betreffende diskresionêre trusts.....	117
8.2.6	Teenvermydingsbepalings.....	117
8.2.7	Lae rentekoers en rentevrye lenings	118

8.3	EVALUERING VAN AANBEVELINGS	119
8.3.1	Grondliggende beginsels.....	119
8.3.2	Die Grondwet.....	120
8.3.3	Kundige mening.....	122
8.3.4	Verlag van die Portefeulje Komitee Finansies	125
8.3.4.1	Algemene kommentaar	125
8.3.4.2	Insette van persone/instansies.....	126
8.3.5	Oorgangsprobleme.....	128
8.4	SAMEVATTING	129
	BIBLIOGRAFIE	131
	BYLAES	136

LYS VAN BYLAES

- Bylae 1: Boedel- en skenkingsbelasting as 'n persentasie van die totale belasting-verwante invorderings in Suid-Afrika
- Bylae 2: Figuur 1 – Kapitaaloordragbelasting as 'n persentasie van die totale belastinginkomste in Suid-Afrika
- Bylae 3: Direkte en indirekte belasting as 'n persentasie van totale belasting: die posisie in Suid-Afrika
- Bylae 4: Figuur 2 - Indirekte belasting as 'n persentasie van die totale belasting in Suid-Afrika
- Bylae 5: Die koerse waarteen boedel- en skenkingsbelasting in die VSA gehef word

Hoofstuk 1

INLEIDING EN AGTERGROND

1.1	INLEIDING.....	2
1.2	METODES OM RYKDOM TE BELAS	10
1.2.1	Die Margo-kommissie se voorstelle.....	10
1.2.2	Aanvaarding van die Margo-kommissie se aanbevelings?.....	12
1.2.3	Die Katz-kommissie se voorstelle.....	13
1.2.4	Aanvaarding van die Katz-kommissie se aanbevelings?.....	16
1.3	DOEL VAN DIE STUDIE	17
1.4	ONDERSOEKMETODIEK.....	18
1.5	RAAMWERK VIR DIE STUDIE	18
1.5.1	Hoofstuk 2	18
1.5.2	Hoofstuk 3	19
1.5.3	Hoofstuk 4	19
1.5.4	Hoofstuk 5	19
1.5.5	Hoofstuk 6	19
1.5.6	Hoofstuk 7	20
1.5.7	Hoofstuk 8	20

1.1 INLEIDING

Rykdom kan verskeie vorme aanneem: persoonlike besittings, byvoorbeeld meubels en juweliersware, huise, grond, finansiële bates soos geld, aandele en staatseffekte, en besigheidsbates. Op enige tydstip besit elke individu 'n sekere voorraad van hierdie bates. Hierdie "voorraad" maak aanspraak op 'n gedeelte van die hulpbronne in die samelewing. Hierdie bates lewer verder 'n sekere opbrengs vir die eienaar wat ook 'n verskeidenheid vorme kan aanneem, byvoorbeeld geld, appresiasie van kapitaal, gemak of bevrediging (OESO, 1979: 12).

Dit is te verwagte dat herverdeling 'n sentrale geskilpunt sal wees in 'n gemeenskap waar die verdeling van rykdom baie ongelyk is. In Suid-Afrika is herverdeling wel 'n begrip wat in baie politieke gesprekke en argumente opgehaal word. Daar kan dus vrae ontstaan rondom die graad van ongelykheid in rykdom en/of inkomste in Suid-Afrika en of die manipulering van die belastingstelsel wel in sommige gevalle as 'n sinvolle remedie vir sodanige toestand aangewend kan word.

Aangesien die studie nie ten doel het om die bestaan al dan nie, asook die graad van ongelykheid in Suid-Afrika te beoordeel nie, word daar vervolgens slegs verwys na die menings en/of studies van persone wat wel ondersoek ingestel het na sodanige toestand, ten einde 'n begrip te verkry van die graad van ongelykheid in rykdom en/of inkomste wat in Suid-Afrika heers. (Aanhalings is in toepaslike gevalle 'n vrye vertaling):

“Die bevindinge dui daarop dat Suid-Afrika een van die mees ongelyke verdelings van inkomste en rykdom in die wêreld het.” (McGrath, 1983: 349)

“Die enorme verskil wat tussen ryk en arm bestaan, is die gevolg van die historiese groeipad wat die ekonomie ingeslaan het.” (McGrath, 1984: 27)

Volgens Lieb Loots toon die verdeling van inkomste in Suid-Afrika 'n beduidende graad van ongelykheid. Die hoë graad van ongelykheid is die gevolg van beide die ongelyke investering in menslike kapitaal en van die regs-, sosiale en demografiese mag wat die relatiewe lone en salarisse bepaal. Dit is dus seker dat 'n herverdelingsbeleid 'n belangrike deel sal vorm in die politiek, asook in beleidsbepalings (Moll, Nattrass & Loots, 1991: 39).

Hy verwys dan na die studie wat deur McGrath gedoen is, waaruit dit blyk dat die eienaarskap van persoonlike rykdom in Suid-Afrika baie gekonsentreer is in vergelyking met ander lande: die boonste 5 persent van die besitters van rykdom besit 88 persent van die persoonlike rykdom, in vergelyking met 54 persent in die Verenigde Koninkryk en 44 persent in die Verenigde State van Amerika (Moll, Nattrass & Loots, 1991: 39).

Peter Moll vind dit onaanvaarbaar dat Suid-Afrika die land is met die mees ongelyke verdeling van inkomste in die wêreld (Moll, Nattrass & Loots, 1991: 39).

Volgens Bundy is die graad van ongelykheid in Suid-Afrika die hoogste van die 57 lande waarvoor data beskikbaar is... en het 26 persent van die inkomste in Suid-Afrika in 1977 aan 72 persent van die bevolking toegeval; terwyl 64 persent van die inkomste aan 16 persent toegeval het. Lieb Loots aanvaar ook in sy hoofstuk oor die post-apartheid uitdaging van die regering (Schrire, 1992: 90) dat die ekonomiese bestel onder apartheid die omvang van die regstelling wat ten opsigte van inkomste-verdeling en ander voordele deur die regering gemaak moet word, laat toeneem het. Hy is dit ook eens dat, soos deur 'n hele aantal ander skrywers genoem, die druk wat op die regering geplaas gaan word om herverdeling te bewerkstelling so groot gaan wees, dat hulle dit nie kan ignoreer nie.

Van der Berg dui daarop dat Suid-Afrika tans in 'n fase van ekonomiese ontwikkeling is, waar ekonomiese ongelykheid (selfs in die afwesigheid van apartheid) sterk sosiale konflik veroorsaak. Volgens hom sal ekonomiese stagnasie ons voorland wees indien daar nie sigbare en deursigtige sosiale hervorming plaasvind nie (Schrire, 1992: 122).

“Die aard van inkomste-ongelykheid in Suid-Afrika volg 'n baie duidelike patroon: inkomste is normaalweg baie ongelijk verdeel tussen rasse-groepe ... die bevolkingsverdeling tussen wit en swart is onderskeidelik 12,9% en 76,2%; terwyl die inkomste-verdeling 58,5% en 29,3% is.” (Whiteford, Posel & Kelawang: 1995: 15)

“Dit is duidelik dat die hoë vlakke van ongelykheid in Suid-Afrika veroorsaak is deur 'n verskeidenheid van faktore, waarvan sommige kenmerkend is van die ontwikkelingsproses; terwyl ander diep gewortel is in Suid-Afrika se geskiedenis van sosiale, politieke en ekonomiese diskriminasie. Dit is ook duidelik dat die patroon en vlak van ongelykheid in Suid-Afrika onaanvaarbaar is ... en dat die bereiking van hoër vlakke van ontwikkeling, asook die volhoubare verbetering in die lewenstandaarde van die breë bevolking ... afhanklik is van die suksesvolle aanspreking van die ongelykheidsprobleem.” (Botha, 1996: 56)

“Teen 1970 was die per capita inkomste van blankes 15 persent hoër as die van swartes. Hierdie groot verskil tussen rasse was die vernaamste oorsaak vir die landswye ongelykheid in die ekonomie, wat as die hoogste vir die lande waarvoor daar inligting beskikbaar is, gereken is. Gedurende die volgende twee dekades het hierdie ongelykheid tussen rasse egter afgeneem, hoofsaaklik as gevolg van die geleidelike uitwissing van apartheid. Die vermindering van ongelykheid tussen rasse het egter nie gelei tot 'n afname in die totale ongelykheid nie, aangesien dit vervang is deur 'n ongelykheid binne die

rassegroepe... Suid-Afrika is lank beskou as een van die mees ongelyke gemeenskappe in die wêreld.” (Whiteford & McGrath, 1998: 1)

“Suid-Afrika se Gini koëffisient het nog altyd as die duidelikste aanduider van die ongelyke verdeling van inkomste in die land gedien. Vir ’n geruime tyd was Suid-Afrika se Gini koëffisient die hoogste wat in die wêreld aangeteken is. Tans het Brazilië egter wel ’n hoër Gini koëffisient as Suid-Afrika, maar beide die twee lande se Gini waardes is egter baie hoog en dus ’n aanduider van die skewe verdeling van inkomste in die twee lande.” (Leibrandt, Bhorat & Woolard, 1999: 1)

“Whiteford en McGrath (1998) het getoon dat, alhoewel die Gini koëffisient van Suid-Afrika relatief staties tussen 1975 en 1991 gebly het, dit die feit dat die rykes ryker en die armes armer geword het, verbloem. Binne die bevolkingsgroepe het dieselfde verskynsel plaasgevind... die inkomste-aandeel wat byvoorbeeld aan die armste 40% van die swartbevolking toegeval het, het met 48% gedaal; terwyl die aandeel wat aan die rykste 10% toegeval het, met 43% gestyg het.” (Leibrandt, Bhorat & Woolard, 1999: 1)

“Die ongelykheid wat tussen rassegroepe in Suid-Afrika bestaan is, alhoewel dit kleiner as die binne-rasgroep ongelykheid is, van die hoogste, indien nie die hoogste in die wêreld.” (Leibrandt, Bhorat & Woolard, 1999: 1)

Volgens professor Sampie Terreblanche is die verdeling van inkomste nou meer ongelyk as in 1991. In sterk teenstelling met die opkomende ryk swart “elite”, het die inkomste van die armste 60 persent van die bevolking (wat grootliks uit swartmense bestaan) steeds afgeneem. Hul aandeel in die totale inkomste het afgeneem van ongeveer 14 persent in 1991 tot ongeveer 11 persent huidiglik.” (Van Vuuren, 1999: 1)

"As gevolg van toenemende inter-rassegroep ongelikheid, is die ongelikheidsprobleem in Suid-Afrika besig om weg te beweeg van 'n rasse-probleem (ryk/wit versus arm/swart) na 'n klas-probleem (die ryk/magshebbende/werkersklas versus die arm/magslose/werkloses)" (Van Vuuren, 1999: 1)

"Die groot verskil tussen die ekonomiese status en sosiale ontwikkeling in Suid-Afrika kan grootliks toegeskryf word aan die hoë vlakke van materiële ongelikheid wat 'n groot aantal van die bevolking uit die ekonomiese hoofstroom uitsluit." (Van der Berg, 1999: 1)

Op grond van bogenoemde aanhalings word daar dus vir die doel van hierdie studie aanvaar dat daar wel 'n baie ongelyke verdeling van rykdom en inkomste in Suid-Afrika bestaan. Die regering se voorneme om hierdie ongelikheid aan te spreek, blyk duidelik uit die volgende aanhaling die Regering se Witskrif ten opsigte van die Heropbou en Ontwikkelingsprogram (Coetzee, 1995: 5):

"At the heart of the Government of National Unity is a commitment to effectively address the problems of poverty and the gross inequality evident in almost all aspects of South African society."

Onmiddellik vloei die vraag dus nou voort na moontlike maniere waarop die regering hierdie probleem gaan aanspreek. Aangesien hierdie studie ook nie ten doel het om sodanige remedies te ondersoek of voor te stel nie, word daar weereens slegs verwys na die bevindinge van persone wat wel sodanige studies gedoen het.

Daar word gefokus op hierdie persone se mening met betrekking tot die rol wat die belastingstelsel kan speel as 'n moontlike remedie, aangesien slegs sodanige area van toepassing sal wees op die res van die studie.

"Alhoewel daar geen bevredigende enkel teorie vir inkomste-verdeling en ontwikkeling in ontwikkelende lande is nie, is die herverdeling van

rykdom wel een van die vernaamste komponente. Die vermindering van ongelykhede in die verdeling van eienaarskap is 'n fundamentele doelwit van die politieke aktiwiteit in 'n ontwikkelende land." (Adelman & Robinson, 1978: 6 – 7)

"Die keuse van die beleid wat gevolg moet word in die poging om armoede te elimineer, het duidelik verreikende implikasies op die struktuur van die ekonomie, asook op die struktuur van die gemeenskap en politiek. Om dus effektief te wees, moet 'n beleid noodwendig beduidende veranderinge in die verdeling van landsinkomste, rykdom en mag hê." (Adelman & Robinson, 1978: 200)

"Een moontlikheid wat beskikbaar is, is om die belasting op persoonlike rykdom uit te brei... die bydrae van die bestaande rykdombelasting in Suid-Afrika (in die vorm van boedelbelasting) het beduidend afgeneem oor die laaste aantal jare... Dit blyk dus dat daar 'n moontlikheid bestaan dat staatsinkomste verhoog kan word deur 'n uitbreiding van die belasting op rykdom... Verder sal 'n toename in die belasting op rykdom 'n direkte bydrae kan maak om die ongelykheid in die verdeling van rykdom te verminder." (McGrath, 1983: 404 - 405)

"'n Wyse van herverdeling is om die balans tussen ryk en arm sodanig te hou dat die armer gedeelte van die bevolking proporsioneel minder belasting betaal, maar 'n groter aandeel van die spandering deur die regering ontvang." (Moll, 1991: 14)

Volgens Lieb Loots is die uitdaging van 'n belastingbeleid om 'n belastingstelsel daar te stel wat doeltreffend is in die verkryging van inkomste en wat deur die bevolking as regverdig beskou word, asook om hierdie inkomste sodanig te verdeel dat volhoubare herverdeling bereik kan word (Moll, Natrass & Loots, 1991: 39).

Hy is dit ook verder van mening dat 'n belastingstelsel wat nie hierdie ongelyke verdeling op een of ander wyse aanspreek nie, as onregverdig beskou sal word deur die grootste gedeelte van die bevolking. Dit is dus nodig en in die belang van doeltreffendheid dat rykdom op een of ander wyse belas word.

Verder het die hoofrede vir 'n belasting op rykdom te make met sosiale oorwegings: oorwegings met betrekking tot gelykheid binne 'n gemeenskap. Hierdie saak word volgens hom dan ook nie genoegsaam aangespreek deur die huidige kapitaalbelasting, naamlik boedelbelasting, skenkingsbelasting en grondbelasting deur plaaslike owerhede, nie. Dit is dus om hierdie rede dat daar aan ander potensiële kapitaalbelastingsoorweging geskenk moet word (Moll, Natrass & Loots, 1991: 39).

"Ekonomiese ontwikkeling is 'n proses van strukturele veranderinge wat 'n handhaafbare styging in die lewenstandaarde van die hele bevolking sal verseker. Dit impliseer dat ekonomiese ontwikkeling drie kern elemente bevat: strukturele verandering, ekonomiese groei en die verdeling van die voordele voortspruitend uit hierdie groei. 'n Relatief gelyke verdeling van inkomste is dus 'n sentrale doelstelling in die bereiking van hoër vlakke van ekonomiese ontwikkeling. (Van der Berg, 1992: 126)

Lieb Loots aanvaar ook in sy hoofstuk oor die post-apartheid uitdaging van die regering (Schrire, 1992: 90 - 91) dat die ekonomiese bestel onder apartheid die omvang van die regstelling wat ten opsigte van inkomste-verdeling en ander voordele deur die regering gemaak moet word, laat toeneem het. Hy is dit ook eens dat, soos deur 'n hele aantal ander skrywers genoem, die druk wat op die regering geplaas gaan word om herverdeling te bewerkstelling so groot gaan wees, dat hulle dit nie kan ignoreer nie. Hy is dit ook eens dat dit noodsaaklik is dat die ekonomiese bestel sodanig is dat die gedeelte van die

bevolking wat voorheen onderdruk is, dit moet aanvaar; dus is oordragte vanaf die rykes na die armes deur middel van herverdelingsprogramme nodig.

Hy is dit eens dat, alhoewel die opbrengs uit kapitaaloordragbelasting laag is, veral in ag genome die moeilikheidsgraad van die invordering daarvan, dit steeds nodig is om die sigbare regverdigheid van, asook 'n gebalanseerde belastingstelsel teweeg te bring. (Schrire, 1992: 99)

Dennis Davis stel dit dat, alhoewel daar reeds 'n kapitaaloordragbelasting in die vorm van boedelbelasting in Suid-Afrika in plek is, die opbrengs wat daaruit verdien word baie laag is in vergelyking met ander lande. (Schrire, 1992: 90)

"Vir Suid-Afrika om te groei en vooruitgang te toon en sodoende 'n stabiele demokrasie te vorm, sal ernstige oorweging geskenk moet word aan die onaanvaarbare vlakke van ongelykheid en geassosieerde armoede in die land." (Botha, 1996: 1)

"Dit is nodig om sigbare en betekenisvolle sosiale hervorming in te stel om ekonomiese stagnasie te voorkom, asook om die post-apartheid bestel te legitimeer." (Botha, 1996: 54)

"In 'n ongelyke gemeenskap soek nuwe regeerders na toenemende ekonomiese legitimeit en dus ook politieke legitimeit vir hulself deur middel van herverdeling." (Van der Berg, 1998: 251)

Op grond van bogenoemde stellings word die aanname dus gemaak dat, alhoewel die belastingstelsel nie die enigste instrument is wat die regering kan gebruik as deel van hul fiskale beleid om herverdeling te bevorder nie, dit wel een van die instrumente is.

Wêreldwyd word belasting op kapitaaloordragte of kapitaalwinste gebruik om die populis se weersin in groot opeenhoping van rykdom te kalmeer (Financial

Mail, 1994: 33). Daar word verder aangevoer dat die groot debat rondom die moontlike instelling van belasting op rykdom, byna geheel en al polities van aard is. In Suid-Afrika, as gevolg van die groot ongelykhede in inkomstevlakke, het die geskilpunt ten opsigte van kapitaaloordragbelasting ontwikkel in 'n emosionele en hoogs gepolitiseerde kwessie (Financial Mail, 1992: 28).

1.2 METODES OM RYKDOM TE BELAS

Vir belastingdoeleindes bestaan rykdom uit die kapitaal wat 'n belastingpligtige besit, dit wil sê dit omsluit alle bates en eiendom wat 'n belastingpligtige besit. Die enigste manier om rykdom dus direk te belas, is deur middel van die heffing van kapitaalbelastings (Hamman, 1995: 4).

Kapitaalbelasting kan in twee oorhoofse groepe verdeel word, naamlik kapitaalwinsbelasting en welvaartbelasting. Daar kan verder tussen drie vorme van welvaartbelasting onderskei word, naamlik 'n jaarlikse welvaartbelasting, 'n kapitaaloordragbelasting en 'n grondbelasting.

In Suid-Afrika word daar tans slegs van een tipe kapitaalbelasting gebruik gemaak, naamlik kapitaaloordragbelasting in die vorm van boedel- en skenkingsbelasting. (Grondbelasting word wel op plaalike owerheidsvlak gehef, maar nie op 'n nasionale vlak nie.) Daar is egter aanbevelings in die verband gemaak deur die twee kommissies wat ondersoek moes uitvoer na die Republiek van Suid-Afrika se belastingstruktuur, naamlik die Margo- en Katz-kommissies (soos hulle in die volksmond bekend staan). Die vernaamste van hierdie aanbevelings sal vervolgens kortliks bespreek word:

1.2.1 Die Margo-kommissie se voorstelle

Die kommissie het aanbeveel dat kapitaalwins nie aan belasting onderworpe moet wees nie (Margo, 1987: 232). Daar is egter wel aanbevelings gemaak en verband met aanpassings aan die kapitaaloordragbelasting in Suid-Afrika:

- a) 'n kapitaaloordragbelasting moet gehef word om boedelbelasting en belasting op geskenke te vervang. In beginsel moet die belasting op alle kapitaaloordragte sonder vergoeding gehef word teen 'n koers van 15 persent (wat 'n verlaging in die marginale koers van 35 persent ten opsigte van boedelbelasting en 25 persent ten opsigte van skenkingsbelasting (soos op daardie stadium van toepassing) sal meebring) (1987: 336).
- b) By die bepaling van die belastingbasis moet die grootste deel van die aftrekkings en kortings wat op daardie stadium as toegewing toegelaat is, vervang word met enkelbedragaftrekkings van R10 000 per jaar (nie kumulatief) gedurende die belastingpligtige se leeftyd en R250 000 by sy dood. Die vrystelling ten opsigte van beskikkings tussen gades moet egter behou word (1987: 336).
- c) Rentevrye en laerentelings en ander metodes van finansiering, om reële rykdom oor te dra teen onvoldoende vergoeding, moet aan die belasting onderwerp word (1987: 337).
- d) Metodes om generasies oor te slaan, soos die aanwending van trusts, moet aan die belasting onderwerp word na verloop van 'n sekere tydperk, byvoorbeeld 15 jaar, in die mate waarin die begunstigdes nie gevestigde regte bekom het nie (1987: 337).

Die Regering het in die Witskrif-terugvoer op die verslag deur die Margo-kommissie bogenoemde aanbevelings aanvaar (Foxcroft, 1988: 34); dus was daar baie besprekings en bespiegeling en verband met die implementering daarvan. Van die vernaamste bespiegeling het gehandel oor die redes hoekom die kommissie die aanbevelings gemaak het:

Daar is aangevoer dat die vernaamste rede ten gunste van die instelling van 'n belasting op rykdom, die feit is dat kapitaal nie net sekuriteit verskaf nie, maar dat dit ook 'n persoon se vermoë om te verbruik verhoog. Dit dra dus by tot die belastingbetaler se vermoë om te betaal. Sodanige belasting is ook

nodig om rykdom te herverdeel en om die belastinglas regverdig te versprei (Financial Mail, 1987: 52).

Soos reeds genoem het die geskilpunt ten opsigte van kapitaalbelasting in Suid-Afrika, as gevolg van die groot ongelykhede in inkomstevlakke, ontwikkel in 'n emosionele en hoogs gepolitiseerde kwessie (Financial Mail, 1992: 28). Dit word selfs nóg sterker gestel: Dit blyk dat die kommissie die standpunt inneem dat dit wat polities aanvaarbaar is, aanbeveel moet word, eerder as dit wat ekonomies regverdigbaar is (Financial Mail, 1987: 30).

Volgens D. Davis (1988: 18 – 19) is die feit dat die regering nie in die Witskrif ingestem het tot 'n belastingvermydingsartikel ten opsigte van kapitaaloordragbelasting nie, 'n duidelike aanduiding is dat die regering nie gretig is om só 'n belasting in te stel nie, maar dit bloot op rekord hou vir politieke redes.

Daar is wel verwag dat daar wetgewing op die Witskrif sal volg wat die aanbevelings implementeer. Dr. T. Lategan (1990: 18) het selfs gesê dat, aangesien die regering die voorstelle aanvaar het, wetgewing "sekerlik nie verder uitgestel kan word nie".

1.2.2 Aanvaarding van die Margo-kommissie se aanbevelings?

Kragtens die 1988/89-Begrotingsrede het die regering reeds sommige van die – meer as 300 aanbevelings van die kommissie in werking gestel; terwyl daar in dieselfde begrotingsrede bepaal is dat van die ander aanbevelings in die 1989/90-boekjaar in werking gestel sal word.

Ten opsigte van die aanbevelings in verband met 'n kapitaaloordragbelasting is daar soos volg in die 1988/89-Begrotingsrede bepaal (1988: 7 – 8): Aangesien die voorbereiding van 'n wetsontwerp op kapitaaloordragbelasting (wat die bestaande boedel- en skenkingsbelasting sal vervang) 'n geruime tyd in beslag sal neem, moet die bestaande wetgewing paslik gewysig word. Die voorgestelde enkelkoers van 15 persent op die waarde van

kapitaaloordragte waarvoor daar nie voldoende vergoeding betaal word nie, is ingestel. 'n Korting van R20 000 per jaar op kapitaaloordragte (waarvoor onvoldoende vergoeding ontvang word) gedurende elke belastingpligtige se leeftyd en 'n korting van R1 miljoen by sy dood sal vrygestel wees van kapitaaloordragbelasting (of in die onveranderde vorm: van skenkings- en boedelbelasting). (Die kortings is heelwat hoër as dié wat deur die kommissie aanbeveel is, naamlik R10 000 en R250 000 onderskeidelik).

Die aanbevelings van die kommissie ten opsigte van teenvermydingsbepalings met betrekking tot die gebruik van rentevrye en lae rentekoerslenings by die oordrag van rykdom, asook die gebruik van tegnieke om generasies oor te slaan, is egter nie aangespreek nie, nie in die 1989/90 boekjaar geïmplementeer nie en ook nie daarna nie (Finance Week, 1994: 25 - 26).

1.2.3 Die Katz-kommissie se voorstelle

Ongeveer elf jaar na die Margo-kommissie se ondersoek, op 7 Maart 1997, het die Kommissie van Ondersoek na sekere aspekte van die Belastingstruktuur van Suid-Afrika, onder voorsitterskap van Michael Katz, hul Vierde Interim Verslag uitgebring. Hierdie verslag het ook gehandel oor kapitaaloordragbelasting.

Die kommissie het dit, soos die Margo-kommissie, gestel dat die vernaamste regverdiging vir 'n belasting op rykdom, die bevordering van vertikale en horisontale billikheid is. Die kommissie beveel dan ook aan dat, ten einde vertikale en horisontale billikheid te verkry, daar 'n kapitaaloordragbelasting in Suid-Afrika ingestel moet word (1997: 6). Die feit dat daar tans effektief 'n kapitaaloordragbelasting in die vorm van skenkings- en boedelbelasting in Suid-Afrika bestaan, is volgens die kommissie 'n bevestiging van bogenoemde aanbeveling.

Die kommissie maak dan die volgende spesifieke aanbevelings ten opsigte van kapitaaloordragbelasting in hul verslag:

- a) Alhoewel skenkings- en boedelbelasting konsepsioneel gekombineer moet word in 'n enkele statuut, sal die voordeel wat tans daaruit verkry kan word kleiner wees as die hulpbronne wat benodig sal word om dit ten uitvoer te bring (1997: 8); dus moet skenkings- en boedelbelasting vir eers behou word tot tyd en wyl die nodige hulpbronne aan die Suid-Afrikaanse Inkomstediens beskikbaar gestel kan word.
- b) Die vasstelling van 'n toepaslike koers vir kapitaaloordragbelasting is 'n beleidsoorweging wat deur die regering bepaal moet word en nie deur die kommissie nie. 'n Belangrike vraag in dié verband is of daar 'n relatief lae enkelkoers moet wees (soos tans die geval is) en of daar 'n progressiewe koers moet wees wat toeneem soos die bedrag van donasies of grootte van die boedel toeneem. Die huidige koers van 25 persent wat gekombineer word met 'n jaarlikse vrystelling van R25 000 ten opsigte van skenkings en 'n eenmalige vrystelling van R1 miljoen ten opsigte van boedels, se gesamentlike uitwerking is dié van 'n progressiewe belasting. Op 'n boedel van R1,5 miljoen is daar byvoorbeeld R125 000 boedelbelasting betaalbaar, wat 'n effektiewe koers van 8,3 persent impliseer. Op 'n boedel van R3 miljoen is daar weer belasting van R500 000 betaalbaar, wat 'n effektiewe koers van 16,7 persent beteken (1997: 8).

Terwyl billikheidsoorwegings dus vereis dat hoë koerse en progressiewe skale ingestel moet word, is daar ander oorwegings wat weer aan 'n relatief lae enkelkoers voorkeur verleen (1997: 9), naamlik:

- i. 'n enkelkoers is makliker om te administreer
- ii. internasionale ondervinding dui daarop dat, indien kapitaalbelasting wesenlik hoër as 15 persent is, daar uitgebreide beplanning voorkom, wat in vermyding uitloop, sodat die effektiewe opbrengs baie laag is
- iii. 'n uitgebreide vermydingsindustrie veroorsaak die ondoertreffende aanwending van hulpbronne

- c) Ten opsigte van die kortings bevel die kommissie aan dat die huidige kortings, naamlik R25 000 op die jaarlikse donasies per skenker en R1 miljoen van elke boedel, behou word. Daar word egter gewys op die feit dat die impak van inflasie die waarde van die kortings in reële terme verlaag het (aangesien daar geen aanpassings aan die kortingsbedrae sedert die instelling daarvan in 1989 gemaak is nie), en dat dit dus raadsaam sal wees om die kortings in die toekoms te hersien om sodoende die impak van inflasie daarop in ag te neem (1998: 9).
- d) Ten opsigte van rentevrye of laerentekoerslenings bevel die kommissie geen spesifieke wetgewing aan nie. Die aanbeveling is gegrond op die feit dat daar in min ander lande sodanige wetgewing voorkom en dat dit baie ingewikkeld is in dié lande waar dit wel voorkom (1997: 10).
- e) Volgens R. Friedland (1997: 17) is trusts egter die vernaamste teiken van die verslag en veral die gebruik daarvan as 'n meganisme om generasies oor te slaan. Die kommissie het twee aanbevelings ten opsigte van trusts gemaak:
- i. Trusts moet onderwep word aan kapitaaloordragbelasting-bepalings op die basis dat die netto bates van 'n diskresionêre trust waardeur word tydens periodieke intervalle. Die koers van die kapitaaloordragbelasting moet dieselfde wees as die koers wat van toepassing is op skenkings wat gedurende 'n persoon se leeftyd gemaak word, sonder enige korting. Die gereeldheid van die periode van waardasie moet deur die regering vasgestel word, maar behoort normaalweg 'n enkele generasie te reflekteer; dit wil sê enige periode tussen 25 tot 30 jaar (Katz, 1997: 13).
 - ii. Die verdeling van kapitaal uit 'n trust, behoort ook onderworpe te wees aan kapitaaloordragbelasting in alle omstandighede waar sodanige belasting nie sal veroorsaak dat daar 'n dubbele kapitaaloordragbelasting gehef word nie. Dit wil sê indien 'n trust na-belaste inkomste akkumuleer en dit na 'n tyd verdeel, moet daar kapitaaloordragbelasting op dié verdeling gehef word. (Dieselfde posisie sou geld as die oordrag

byvoorbeeld deur middel van 'n *inter vivos*-skenking gedoen is.) Wat betref die periodieke waardasie van trustbates (soos in (a) bespreek), moet die bedrae geakkumuleer en behou (met ander woorde nog nie verdeel nie) ook onderwerp word aan die periodieke kapitaaloordragbelasting (Katz, 1997: 13 – 14).

Die aanbevelings van die kommissie is sterk gekritiseer. W. Cronjé (Friedland, 1997: 17) som byvoorbeeld die aanbevelings van die kommissie ten opsigte van trusts soos volg op:

"The Katz proposals are overkill and go from one extreme to another ... the commission not only proposes the generation-skipping levy, but also suggests that distributions of capital from a trust should also be taxed at this rate."

Hy het ook in 'n ander artikel die volgende stelling gemaak (Cronjé, 1997: 27):

"Broadening the scope of the tax to include interest free loans will – as the report argues – certainly be complex. However this would be less complex and damaging than the draconian new taxes on trusts recommended in the report."

1.2.4 Aanvaarding van die Katz-kommissie se aanbevelings?

Die 1998-Begrotingsrede het geen duidelikheid oor die regering se beleid ten opsigte van bogenoemde aanbevelings gebring nie. Daar is slegs twee veranderinge ten opsigte van die belasting op trusts aangebring, naamlik dat verliese van 'n trust vir belastingdoeleindes nie meer mag "deurvloei" na die begunstigdes nie. (Die bepaling is van toepassing op bestaande trusts vanaf 1 Januarie 1999 en ook op alle nuwe trusts opgerig op of na 11 Maart 1998.) Die tweede verandering geld vanaf 1 Maart 1998 en het betrekking op die belastingkoerse waarteen die inkomste wat in 'n trust as belastingpligtige belas sal word: 35 persent op die belasbare inkomste wat minder of gelyk is

aan R100 000 en 45 persent op die bedrag belasbare inkomste meer as R100 000 (Begrotingsrede, 1998: 22 – 23).

1.3 DOEL VAN DIE STUDIE

Die gebruik van belasting op rykdom om vertikale en horisontale gelykheid te bevorder, is nie beperk tot Suid-Afrika nie. Die enigste tipe welvaartbelasting wat egter tans in Suid-Afrika voorkom, is kapitaaloordragbelasting in die vorm van boedel- en skenkingsbelasting. Dié belastings lewer egter maar 'n baie klein bydrae van die totale belastings gehef deur die fiscus, soos uit die tabel in Bylae 1 sal blyk.

Oor die afgelope ses jaar het daar drastiese politieke veranderinge in Suid-Afrika voorgekom. Hierdie veranderinge het gepaardgegaan met verskeie belastinghervormings. Behalwe vir die koersverhoging (vanaf 15 na 25 persent) in boedel- en skenkingsbelasting in 1996, was daar geen drastiese struktuurveranderinge ten opsigte van kapitaaloordragbelasting in Suid-Afrika nie. Daar is wel sekere aanbevelings gemaak deur byvoorbeeld die Katz-kommissie (sien 2.3), wat verreikende implikasies kan hê indien dit geïmplementeer sou word. Hierdie aanbevelings is nog nie in wetgewing vervat nie. Dit veroorsaak egter grootskaalse onsekerheid by belastingpligtiges.

Die oënskynlike onbelangrike rol wat kapitaaloordragbelasting die afgelope paar jaar in Suid-Afrika vervul het, die moontlike gebruik daarvan as herverdelingsmeganisme, asook die groot onsekerheid wat tans by belastingpligtiges heers oor wat die toekoms kan inhou, dien as motivering vir die studie. Die oogmerk met die studie sal dus wees om die tekortkominge in die huidige kapitaaloordragbelastingstelsel te identifiseer en dan ook sekere aanbevelings te maak wat moontlik as remedie vir hierdie tekortkominge kan dien.

1.4 ONDERSOEKMETODIEK

Die norme vir 'n gesonde kapitaaloordragbelasting-stelsel sal bepaal word. Die norme sal as evalueringsmaatstawwe dien waarteen die huidige stelsel ten opsigte van kapitaaloordragbelasting in Suid-Afrika gemeet sal word om sodoende enige tekortkominge in die stelsel te identifiseer. Die werking van kapitaaloordragbelastingstelsels in ander lande sal ondersoek word. Daar sal byvoorbeeld veral aandag geskenk word aan die werking van 'n kapitaaloordragbelasting soos in die Verenigde Koninkryk, asook dié van 'n "generasie-oorslaan-oordragbelasting" ("generation skipping transfer tax") soos dit in die Verenigde State van Amerika voorkom. Hierdie stelsels sal ook teen die norme gemeet word.

Positiewe en negatiewe faktore wat in ag geneem moet word by aanpassings aan 'n kapitaaloordragbelasting-stelsel sal dus geïdentifiseer word. Daar sal verder gepoog word om 'n meer effektiewe kapitaaloordragbelasting voor te stel na aanleiding van die vergelykende studie met ander lande.

Die navorsing sal hoofsaaklik bestaan uit 'n literatuurstudie wat gerig is op die suiwer teoretiese aspekte van 'n kapitaaloordragbelasting. Daar sal dus grootliks van reeds gepubliseerde data gebruik gemaak word.

1.5 RAAMWERK VIR DIE STUDIE

1.5.1 Hoofstuk 2

Die hoofstuk verskaf 'n oorsig oor die rol wat 'n kapitaaloordragbelasting in die totale belastingstruktuur vervul. Daar word sekere beginsels neergelê waaraan 'n goeie kapitaaloordragbelasting moet voldoen. Dié beginsels sal dan as maatstawwe dien wat in die res van die studie gebruik sal word om kapitaaloordragbelasting-stelsels te evalueer.

1.5.2 Hoofstuk 3

In die hoofstuk word die huidige stelsel in Suid-Afrika ten opsigte van belasting op kapitaaloordragte bespreek. Tans maak boedelbelasting en die belasting op geskenke die kapitaaloordragbelasting in Suid-Afrika uit, maar daar is sekere aanbevelings ten opsigte van trusts (wat deur die Katz-kommissie in hul Vierde Interim verslag gemaak word) wat, indien dit geïmplimenteer word, ook deel sal vorm van die kapitaaloordragbelasting. Hiërdie aanbevelings en die huidige belasting ten opsigte van trusts word dus ook kortliks bespreek.

1.5.3 Hoofstuk 4

Die maatstawwe wat in hoofstuk 2 neergelê is, word nou gebruik om die kapitaaloordragbelasting-stelsel in Suid-Afrika te evalueer en enige tekortkominge uit te lig.

1.5.4 Hoofstuk 5

In die hoofstuk word die belasting ten opsigte van kapitaaloordragte in ander lande bespreek. Daar word veral verwys na die kapitaaloordragbelasting soos dit in die Verenigde Koninkryk voorkom, asook die oordragbelasting wat gehef word by die oorslaan van generasies ("generation skipping transfer tax"), soos in die Verenigde State van Amerika.

1.5.5 Hoofstuk 6

Die maatstawwe wat in hoofstuk 2 neergelê is, word nou weer gebruik om die belastingstelsel ten opsigte van kapitaaloordragte in ander lande te evalueer. Swakpunte, sowel as sterkpunte in hiërdie stelsels sal dus geïdentifiseer word.

1.5.6 Hoofstuk 7

Na aanleiding van die bevindinge in hoofstukke 4 en 6 asook ander faktore wat moontlik 'n rol kan speel, sal daar moontlike alternatiewe vir die Suid-Afrikaanse kapitaaloordragbelasting-stelsel voorgestel word. Die moontlike alternatiewe sal dan opgeweeg word teen die instandhouding of bloot aanpassing (byvoorbeeld deur die instelling van teenvermydingsbepalings) van die bestaande stelsel. Sodoende sal gepoog word om dié stelsel te bepaal wat die mees doeltreffende resultate vir die huidige Suid-Afrikaanse posisie sal verseker.

1.5.7 Hoofstuk 8

Die resultate en gevolgtrekking wat uit hierdie studie voortvloei sal in hierdie hoofstuk saamgevat word.

Hoofstuk 2

KAPITAALOORDRAGBELASTING: DOEL EN OMVANG

2.1	INLEIDING.....	22
2.2	DIREKTE EN INDIREKTE BELASTINGS.....	22
2.3	KAPITAALBELASTING	24
2.3.1	Kapitaalwinsbelasting	24
2.3.2	Welvaartbelasting.....	24
2.3.2.1	Jaarlikse welvaartbelasting	24
2.3.2.2	Kapitaaloordragbelasting	25
2.3.2.3	Grondbelasting.....	25
2.4	DOEL VAN KAPITAALOORDRAGBELASTING.....	25
2.5	HEFFING VAN KAPITAALOORDRAGBELASTING.....	27
2.6	BEGINSELS WAT AS EVALUERINGSMAATSTAWWE KAN DIEN	29
2.6.1	Neutraliteit	29
2.6.2	Billikheid	30
2.6.3	Aansporing en ekonomiese doeltreffendheid	32
2.6.4	Sekerheid en eenvoud.....	33
2.6.5	Koste en doeltreffendheid.....	34
2.6.6	Buigzaamheid en stabiliteit.....	35
2.6.7	Hantering van oorgangsprobleme	36
2.7	SAMEVATTING.....	36

2.1 INLEIDING

In die eerste gedeelte van die hoofstuk sal daar aangedui word waar kapitaaloordragbelasting in die totale belastingstruktuur inpas, en watter funksie dit vervul. In die laaste gedeelte van die hoofstuk sal sekere beginsels waaruit 'n goeie belastingstruktuur behoort te bestaan, uitgelig word. Dit sal as evalueringsmaatstawwe tydens die oorblywende gedeelte van die studie dien.

2.2 DIREKTE EN INDIREKTE BELASTINGS

Dit is algemeen aanvaarbaar vir die regering van 'n land om die een of ander vorm van belasting van sy inwoners te vorder. Die belasting word aangewend om die doeltreffende bestuur en beheer van die land tot voordeel van al die inwoners te verseker (Scannell, 1977: 1). Volgens die Chelliah-kommissie se verslag (1986: 67) is die belastingstelsel van 'n land ook 'n belangrike komponent van die totale fiskale stelsel en dit vorm 'n kragtige instrument in die hande van die regering om die ekonomie te beïnvloed en te verander in die verlangde rigting.

In lyn met die res van die wêreld het Suid-Afrika onlangs wegbeweeg van 'n belastingstelsel wat hoofsaaklik op direkte belasting gebaseer was, na 'n stelsel wat 'n kombinasie van direkte en indirekte belasting is (Huxham, 1998: 1).

Direkte belasting hou verband met persone en hul individuele omstandighede, terwyl indirekte belasting weer verband hou met goedere. Eersgenoemde word dus direk deur die belastingpligtige betaal, byvoorbeeld belasting op individue, trusts, boedels, maatskappye en beslote korporasies, en laasgenoemde, indirek deur middel van 'n transaksie, byvoorbeeld belasting op toegevoegde waarde.

In Suid-Afrika het die klem in die middel tagtigerjare begin val op die moontlikheid om belasting aan te pas by individuele omstandighede ('n

kenmerk wat eie is aan direkte belasting). Indirekte belasting word op voorwerpe eerder as persone gehef en ingevorder wanneer transaksies ten opsigte van dié voorwerpe aangegaan word; dus is dit nie moontlik om tussen die besondere behoeftes en omstandighede van persone te onderskei nie. Indirekte belasting is dus noodwendig aan proporsionele koerse onderworpe. In teenstelling hiermee kan die koerse van direkte belasting afhanklik gemaak word van die eienskappe van die persone wat belas word. Dit is dus moontlik om die "vermoë om te betaal"-beginsel toe te pas, deur diegene met 'n groter materiële vermoë swaarder te belas as die onvermoëndes (Margo, 1987: 74).

Volgens die Chelliah-kommissie (1986: 69) wissel die verhouding van indirekte tot totale belasting in ontwikkelende lande tussen 60 en 80 persent. Alhoewel 'n norm of ideale verhouding nie vasgestel kan word nie, sal die verwagting wees dat die verhouding sal afneem met ekonomiese ontwikkeling en groei. In ontwikkelde lande is inkomstebelasting 'n "massa"-belasting, omdat die grootste deel van die persone wat inkomste verdien daaraan onderwerp word; dus is die verhouding direkte belasting tot totale belasting in ontwikkelde lande heelwat hoër as byvoorbeeld in ontwikkelende lande. Die huidige situasie in Suid-Afrika word in Bylae 2 geïllustreer.

Die tabel toon aan dat, in teenstelling met bovermelde verhoudings, direkte belasting in Suid-Afrika die grootste deel van die totale belastinginkomste uitmaak (ongeveer 60 persent).

Soos reeds genoem, is die verhouding direkte tot totale belasting wel groter in ontwikkelde lande, maar die verwagting is dat die toename in die verhouding gepaard gaan met ekonomiese groei en ontwikkeling (Van Blerck, 1993: 102 – 104). Die huidige verhouding in Suid-Afrika is dus te hoog.

In die studie word sekere aspekte van die kapitaaloordragbelasting in Suid-Afrika ondersoek. Aangesien kapitaaloordragbelasting deel vorm van die groep van direkte belastings, sal bogenoemde voortdurend in gedagte gehou moet word wanneer aanbevelings gemaak word. Die aanvaarbaarheid van

voorstelle sal dus ook geëvalueer moet word aan die hand van die invloed wat dit op bogenoemde verhouding sal hê (sien 7.3.1).

In die meeste lande vorm persoonlike en maatskappy-inkomste die belangrikste basis vir direkte belasting. Hierdie inkomste sluit sowel dié van inkomste en kapitale aard in (Margo, 1987: 76). Belasting ten opsigte van maatskappye, sowel as inkomstebelasting is irrelevant vir hierdie studie en sal dus geen verdere aandag geniet nie. Vervolgens sal kapitaalbelasting verder bespreek word.

2.3 KAPITAALBELASTING

Kapitaalbelasting word gebaseer op die kapitaalfondse van 'n belastingpligtige. Ander belasting word gehef op die vloei van inkomste, uitgawes, winste dividende, ensovoorts (Meade, 1978: 317). Kapitaal word op verskeie maniere in ontwikkelende en ontwikkelde lande belas. Dit kan in veral twee oorhoofse groepe verdeel word:

2.3.1 Kapitaalwinsbelasting

Dit is belasting wat gehef word op die realisering van kapitaalbates teen 'n wins, ongeag of dit langtermyn of korttermynwinste is (OESO, 1979: 95).

2.3.2 Welvaartbelasting

Kapitaal dra by tot 'n persoon se vermoë om belasting te betaal en bied dus 'n verdere basis om belasting te hef (Katz, 1995: 50). Daar is egter verskeie vorme van welvaartbelasting:

2.3.2.1 Jaarlikse welvaartbelasting

Die belasting word gewoonlik teen lae koerse (om te verhoed dat die kapitaal verskuif word vanaf een jurisdiksie na 'n ander, waar 'n ligter las opgelê word)

op netto rykdom wat deur 'n belastingpligtige gehou word, gehef (Margo, 1987: 332; Meade, 1978: 350).

2.3.2.2 Kapitaaloordragbelasting

Die belasting word gehef op welvaart wanneer dit van een persoon na 'n ander oorgedra word teen geen of onvoldoende vergoeding, byvoorbeeld as 'n geskenk of deur middel van die boedel van 'n afgestorwene (Katz, 1995: 52).

2.3.2.3 Grondbelasting

Die belasting stem ooreen met die jaarlikse welvaartbelasting, behalwe dat stedelike en/of landbougrond die rykdom/kapitaal is ten opsigte waarvan die belasting gehef word (Margo 1987: 333).

In Suid-Afrika word daar nie belasting op kapitaalwinste gehef nie en die enigste welvaartbelasting wat wel in Suid-Afrika voorkom is kapitaaloordragbelasting, in die vorm van skenkings- en boedelbelasting (asook grondbelasting, maar dit word deur plaaslike owerhede gehef). Die doel van kapitaaloordragbelasting sal vervolgens bespreek word.

2.4 DOEL VAN KAPITAALOORDRAGBELASTING

Volgens die Meade-kommissie se verslag (1978: 317 – 318) is daar veral drie doelwitte wat nagestreef word met die implementering van 'n kapitaaloordragbelasting:

- a) Eerstens erken die heffing van sodanige belasting dat die eienaarskap van welvaart sekere voordele vir die eenaar daarvan inhou, naamlik onafhanklikheid, sekuriteit en 'n sekere mate van gesag. Dit dra dus by tot die bereiking van horisontale billikheid, deurdat die addisionele vermoë om te betaal in aanmerking geneem word (Margo, 1987:332).

- b) Tweedens kan herverdeling van rykdom deur middel van kapitaaloordragbelasting bewerkstellig word. Hoë koerse op welvaart wat deur 'n belastingpligtige gehou word, sal die akkumulاسie van fortuine verhoed. Dit sal dus billikheid bevorder.
- c) Derdens kan daar 'n onderskeid getref word tussen rykdom wat uit die eienaar se eie verdienste opgehoop het en dié wat bloot geërf is. Die eienaar wat as gevolg van sy eie inspanning en werk 'n fortuin opgebou het, behoort beter belasting-behandeling te kry as die een wat bloot sy fortuin geërf het. Waar 'n jaarlikse welvaartbelasting dus teen dieselfde koers gehef word op rykdom wat 'n persoon geërf het, sowel as op die rykdom wat 'n persoon deur sy eie arbeid of inspanning versamel het of gespaar het, kan 'n kapitaaloordragbelasting egter sodanig aangepas word dat dit net op die verkryging van rykdom deur 'n erflating gehef word en nie ook op die akkumulاسie van rykdom nie.

Ten opsigte van die derde doelwit mag dit voorkom asof dit bloot beteken dat kapitaaloordragbelasting ingevorder moet word vanaf die ontvanger (van die skenking of erflating) in plaas van vanaf die skenker. Dit is egter 'n misleidende onderskeid. Indien 'n uniforme koers op alle kapitaaloordragte vanaf 'n skenker na 'n ontvanger gehef word en die skenker steeds dieselfde bedrag (voor belasting in berekening gebring is) aan die ontvanger skenk, sal die belasting in effek deur die ontvanger gedra word, ongeag of dit deur die skenker of ontvanger betaal moet word. Indien die skenker egter besluit om 'n sekere bedrag sonder belasting (dit wil sê na belasting) aan die ontvanger na te laat, sal hy meer moet spaar gedurende sy leeftyd om die belasting te kan betaal. Dié belasting word dus deur die skenker gedra, ongeag of dit vanaf die skenker of ontvanger ingevorder word. Hierdie situasie sal egter drasties verander as daar van 'n progressiewe koers gebruik gemaak word: Die belastingkoers styg progressief in ooreenstemming met die totale kumulatiewe skenkings wat die skenker gedurende sy leeftyd tot op datum gemaak het. Die koers hang dus geensins af van die omstandighede van die ontvangers nie. Indien 'n soortgelyke belasting vanaf die ontvanger ingevorder word, word dit 'n suksesie belasting genoem. In hierdie geval

word die koers weer geensins beïnvloed deur die skenker se omstandighede nie, maar wel deur die kumulatiewe bedrag geskenke of erflatings wat deur die ontvanger gedurende sy leeftyd tot dusver ontvang is.

Uit bogenoemde blyk dit dus dat daar breedweg twee metodes is waarvolgens 'n kapitaaloordragbelasting gehef kan word, naamlik 'n boedeltipe belasting en 'n suksessietipe belasting (Meade, 1978: 319).

2.5 HEFFING VAN KAPITAALOORDRAGBELASTING

Die eerste belangrike beginsel waaroor besluit moet word by die toepassing van 'n kapitaaloordragbelasting, is die vorm wat die belasting moet aanneem: moet dit 'n boedelbelasting of 'n erflatingsbelasting wees, dit wil sê 'n skenker-gebaseerde of ontvanger-gebaseerde belasting?

In die Katz-kommissie se verslag (1997: 7) is die volgende argumente vir en teen bogenoemde tipes kapitaaloordragbelasting geopper:

Ten opsigte van erflatingsbelasting (tesame met die gepaardgaande skenkingsbelasting) is daar veral twee redes aangevoer hoekom dit beter is as 'n boedelbelasting:

- a) Dit bring die primêre doel van 'n belasting ten tye van sterfte, naamlik die vermindering van die ongelyke verspreiding van rykdom, ten uitvoer. Belasting word dus gehef op dit wat ontvang word, ongeag die grootte van die boedel waaruit dit ontvang word. Dit spreek dus die kern van die probleem van ongelykheid aan, aangesien dit groot erfposies is wat ongelykheid laat voortbestaan en nie groot boedels nie.
- b) Erflatingsbelasting spoor verder ook boedel-eienaars aan om hul rykdom wyer te versprei.

Die vernaamste voordeel ten opsigte van 'n boedeltipe belasting lê weer daarin dat dit baie makliker is om te administreer. By 'n erflatingsbelasting

moet 'n afsonderlike rekening vir elke begunstigde opgestel word; terwyl daar by 'n boedelbelasting slegs een rekening vir elke boedel opgestel hoef te word.

Nadat die kommissie bogenoemde bespreek het, wys hulle egter daarop dat sekere ander faktore wat spesifiek op Suid-Afrika se posisie betrekking het, ook in ag geneem moet word:

- a) Die kapasiteit van die belastingadministrasie om hierdie belasting in te vorder is relatief klein in Suid-Afrika; dus sal 'n suksessie-tipe belasting beslis ekstra mannekrag en tyd benodig.
- b) Die feit dat boedelbelasting reeds oor 'n tydperk van 'n paar jaar in Suid-Afrika gevestig is, dit omvattend gedokumenteer is en die onderwerp van verskeie regsuitsprake is, toon aan dat die Kommissaris van Binnelandse Inkomste se kantoor ingerig is om boedelbelasting te hanteer.
- c) Die behoud van die bestaande boedelbelasting-stelsel sal die kleinste deflektering van hulpbronne meebring. Die invorderingstelsels is goed gevestig en daar is relatief baie regsprosedente wat reeds ten opsigte van boedelbelasting bestaan. Daar is dus groter sekerheid en dit is makliker vir belastingpligtiges om beplanning te kan doen.
- d) Hulpbronne van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens kan meer effektief op ander gebiede aangewend word.

Die kommissie stel dit dan dat, alhoewel skeningsbelasting saam met boedelbelasting konsepsueel in een statuut gekombineer behoort te word, die onmiddellike voordeel wat daaruit mag voortspruit waarskynlik minder sal wees as die hulpbronne wat benodig sal word om dit in werking te stel (Katz, 1997: 8).

2.6 BEGINSELS WAT AS EVALUERINGSMAATSTAWWE KAN DIEN

Voordat die struktuur ten opsigte van kapitaaloordragbelasting ondersoek word om vas te stel of bogenoemde doelwitte (soos in 2.4 bespreek) daarmee bereik word, moet die maatstawwe waarteen dit gemeet kan word eers bepaal word. Hierdie evalueringsmaatstawwe sal ooreenstem met die eienskappe wat vereis word vir enige goeie belastingstruktuur, naamlik:

- a) neutraliteit
- b) billikheid
- c) aansporing en ekonomiese doeltreffendheid
- d) sekerheid en eenvoud
- e) koste en doeltreffendheid
- f) buigsaamheid en stabiliteit
- g) hantering van oorgangsprobleme

Bogenoemde sal vervolgens kortliks bespreek word:

2.6.1 Neutraliteit

Volgens die Margo-kommissie (1987: 54) word neutraliteit so hoog aangeslaan deur die meeste owerhede, dat dit een van die beginsels geword het wat as noodsaaklik vir goeie belastingwetgewing beskou word.

Neutraliteit vereis dat mense nie deur die belastingstelsel beïnvloed moet word om een handelswyse bo 'n ander te verkies alleenlik of hoofsaaklik omdat hul belastingposisie onder een van die opsies beter is nie. 'n Neutrale belastingstelsel is dus 'n stelsel wat sover moontlik die impak van die belastingstruktuur op ekonomiese gedrag, insluitend bedryfsorganisasie, arbeidsinspanning en besparing, minimaliseer.

2.6.2 Billikheid

Volgens die Organisasie vir Ekonomiese Samewerking en Ontwikkeling (OESO) se verslag (1979: 13), vorm die sogenaamde "sosiale oorwegings" die grondrede vir kapitaalbelasting. Hierdie sosiale oorwegings omsluit beide horisontale en vertikale billikheid. Horisontale billikheid vereis die gelyke behandeling van persone met vergelykbare belasbare kapasiteit; terwyl vertikale billikheid aan die ander kant weer vereis dat diegene in verskillende omstandighede toepaslik verskillende belastinglaste moet dra. Dit wil sê diegene met 'n hoër vlak van "ekonomiese welstand" sal 'n groter las moet dra as diegene wat minder goed daaraan toe is. In die Meade-verslag (1978: 12) is die verdelingseffek van belasting as een van die noodsaaklike karaktertrekke van 'n goeie belastingstruktuur beskou. In die verslag is die volgende punte uitgelig:

- a) 'n Goeie belastingstelsel behoort horisontale gelykheid te bevorder, dit wil sê soortgelyke belastingpligtiges moet eenders behandel word.
- b) 'n Moderne belastingstelsel moet so gekonstrueer word dat vertikale herverdeling tussen ryk en arm daarmee bewerkstellig kan word.
- c) Daar sal 'n onvermydelike botsing tussen die kriteria van ekonomiese doeltreffendheid (wat lae marginale belastingkoerse vereis) en vertikale herverdeling (wat hoë gemiddelde belastingkoerse vir die rykes vereis) wees, maar in 'n goeie belastingstelsel sal die effek van die botsing minimaliseer. Sodoende sal herverdeling bevorder word en terselfdertyd sal die verlies aan doeltreffendheid tot 'n minimum beperk word.
- d) Die finale keuse in verband met die herverdelingsdoelwitte van 'n belastingstelsel sluit basiese waarde-oordele ten opsigte van die aard van die samelewing in. Dit is egter sake wat deur politieke besluitneming bepaal moet word.

Die Margo-kommissie (1987: 55) omskryf billikheid weer aan die hand van die twee naverwante begrippe, die voordeelbeginsel en betaalvermoë:

Die voordeelbeginsel bepaal dat daar van diegene wat uit die gebruik van bepaalde goedere of dienste voordeel trek, vereis moet word om daarvoor te betaal. Volgens Adam Smith in sy "Wealth of Nations" (1977: 307; The Taxpayer, 1985: 161) kan die beginsel van billikheid egter nie gebaseer word op die koste van diens aan, of waarde van voordeel vir 'n belastingpligtige nie, aangesien geen bepaalde diens aan die belastingpligtige gewaarborg is nie en verder is daar ook geen spesifieke of meetbare voordeel aan enige individuele belastingpligtige nie.

Betaalvermoë is weer 'n moeilike begrip om te omskryf. Die onderliggende idee is dat belasting 'n opoffering is wat geverg word as gevolg van 'n sekere formulering van persoonlike ekonomiese welvaart. Die moeilike vraagstuk ontstaan egter wanneer die begrip "ekonomiese welvaart" uitgedruk moet word in 'n presiese omskrywing van die belastingbasis. Daar moet 'n keuse tussen rykdom, inkomste en besteding as geskikte basisse vir die bepaling van "ekonomiese welvaart" gemaak word. Gepaardgaande daarmee is daar die keuse van die belastingeenheid, byvoorbeeld die gesin in teenstelling met die individu, of die groep in teenstelling met die maatskappy, wat die persepsie van billikheid aansienlik kan beïnvloed.

Dit is dus by die begrip betaalvermoë waar horisontale en vertikale billikheid ter sprake kom.

Wat die beginsel van billikheid volgens Adam Smith (1977: 307) dus wel impliseer, is dat die totale opoffering van alle belastingpligtiges 'n minimum moet wees. Die marginale opoffering van individuele belastingpligtiges sal dan gelyk wees. Dit is die essensie van billikheid.

2.6.3 Aansporing en ekonomiese doeltreffendheid

Daar is verskeie maniere waarop 'n belastingstelsel ekonomiese doeltreffendheid kan beïnvloed. Dit kan byvoorbeeld 'n belangrike invloed hê op die aansporing tot en geleentheid vir werk, besparing, belegging van kapitaal in ontwikkelings, die neem van risiko's, innovering, die doeltreffende gebruik van hulpbronne en die benutting daarvan op die wyse wat die behoeftes van die samelewing die beste dien (Meade, 1978: 7).

Ekonomie onderskei tussen die "inkomste-effek" en die "vervangings-effek" van die belastinglas. Swaarder belastings op inkomste sal die belastingpligtige se na-belasting inkomste sodanig verminder dat hy waarskynlik harder sal wil werk om sy na-belasting inkomste gedeeltelik te vervang – die "inkomste-effek". 'n Hoër marginale koers kan egter ook die netto na-belasting inkomste wat 'n belastingpligtige uit 'n uur se werk kan kry sodanig verminder dat hy ontspanning bo die ekstra werk verkies, as gevolg van die vermindering in die ekstra goedere wat hy uit 'n uur se ekstra werk kan verdien – die "vervangings-effek". 'n Persoon wat geld spaar mag byvoorbeeld toekomstige besteding vervang met huidige besteding, as gevolg van die belasting op die opbrengs van sy spaargeld.

Die inkomste-effek is bloot die mees effektiewe manier om die onvermybare belastinglas te dra. Die vervangings-effek is egter 'n aanduiding van ekonomiese ondoeltreffendheid (Meade, 1978: 8). By die invordering van belastinginkomste sal lae koerse oor 'n groot belastingbasis minder "vervangings"-afwykings veroorsaak as wanneer dieselfde inkomste ingevorder word deur te konsentreer op hoër koerse van belasting ten opsigte van 'n relatief klein hoeveelheid aktiwiteite (tensy spesiale omstandighede aantoon dat daardie bepaalde aktiwiteit 'n uitsonderlike lae sensitiviteit vir die vervangings-effek het) (Meade, 1978: 9).

In die OESO-verslag (1979: 15) is die volgende bepaal ter aansluiting by bogenoemde: Dit is moontlik dat 'n hoër netto welvaartbelasting wat ingestel word saam met 'n alreeds hoër inkomstebelasting nie alleen besparing kan

ontmoedig nie, maar in werklikheid kan lei tot die verbruik van kapitaal. Regerings moet dus die moontlike negatiewe uitwerking van kapitaalbelasting op besparing en dus op kapitaal-akkumulاسie in ag neem. 'n Vermindering in die koers van kapitaal-akkumulاسie sal waarskynlik 'n ooreenstemmende negatiewe effek op die ekonomiese groeikoers hê (Meade, 1979: 16).

2.6.4 Sekerheid en eenvoud

Volgens Adam Smith in sy "Wealth of Nations" (1977: 307) moet die tydsberekening, wyse van betaling asook die bedrag betaalbaar, duidelik en eenvoudig vir die belastingpligtige wees.

Die Margo-kommissie (1987: 55) sluit hierby aan deur te bepaal dat 'n belasting seker en eenvoudig moet wees wat die begrip en invordering daarvan betref. Sekerheid impliseer dat 'n belastingpligtige redelik seker moet weet wat sy belastingaanspreeklikheid in 'n gegewe stel omstandighede sal wees. 'n Ingewikkelde belastingstelsel wek dus onsekerheid wat weer onkoste in die vorm van konsultasie met belastingadviseurs kan meebring. Eenvoud vereis weer dat 'n belasting maklik aangeslaan, ingesamel en geadministreer moet kan word, ten einde die koste van die belasting vir sowel die belastingpligtige as die fiskus tot die minimum te beperk.

Daar moet dus 'n duidelike omskrywing wees van dit wat belasbaar is en gepaard daarmee moet daar sekerheid wees oor die bedrag belasting wat betaal moet word ten opsigte van elke belasbare onderwerp. In dié verband is probleme wat met waardasie kan ontstaan, veral belangrik: 'n welvaartbelasting wat berus op die voortdurende waardasie van alle kapitaal-bates, waarvan die meeste nie voortdurend in 'n georganiseerde mark gekoop en verkoop word nie, sal baie minder sekerheid van die belastinglas inhou as 'n belasting wat gehef word tydens die verkryging van of wegdoening met kapitaal-bates. Die grootste gedeelte van dié bates (wat verkry of oorgedra word) sal deel wees van onderhandelinge in 'n ope mark of gewaardeer word vir boedelbelastingdoeleindes tydens die verandering in eienaarskap. 'n

Belastingstelsel moet aanvaarbaar wees vir die publiek en sekerheid en eenvoud is nodig vir aanvaarbaarheid (Meade, 1978: 19).

2.6.5 Koste en doeltreffendheid

Die invorderingskoste van belasting bestaan uit administrasiekoste en nakomingskoste. Administrasiekoste is byvoorbeeld die koste verbonde aan die instelling en instandhouding van 'n belastingadministrasie en die koste verbonde aan die hantering van oortreders. Nakomingskoste omsluit weer die tyd, geld en moeite wat belastingpligtiges bestee ten einde hul verpligtinge na te kom. Die invorderingskoste van 'n bepaalde belasting moet altyd met die belastingopbrengs verband hou (Margo, 1987: 55 – 56). 'n Doeltreffende belastingstelsel sal dus só ontwerp wees dat die verskil tussen dit wat uit die bevolking se sak kom, en dit wat beskikbaar gestel word aan die tesourie, tot 'n minimum beperk word (Smith, 1977: 308).

Pogings om belasting te ontwyk, dikwels met die hulp van belastingkonsultante, gee aanleiding tot wat 'n "suiwer verlies" vir die samelewing genoem kan word. Reële hulpbronne word aangewend in die sosiaal onproduktiewe soeke na skuiwergate en nie-belasbare alternatiewe (Margo, 1987: 56).

Kompleksiteit van administrasie gee gewoonlik aanleiding tot koste. Die koste van 'n belastingstelsel kan egter nie net gemeet word aan die amptelike administrasiekoste nie. Die koste wat private belastingpligtiges moet aangaan ten einde hul belastingaanspreeklikhede te bepaal, moet ook in ag geneem word. Indien 'n belastingpligtige se verpligting eenvoudig en onomwonde is, sal hy minder tyd hoef te spandeer aan die voorbereiding van sy belastingaanslag of besware. Daar sal verder ook minder ruimte vir die belastingpligtige wees om tyd en hulpbronne te verkwis in die soeke na ingewikkelde wyses waarop hy sy belastingaanspreeklikheid kan verminder (Maede, 1978: 20).

2.6.6 Buigsaamheid en stabiliteit

'n Goeie belastingstruktuur moet buigsaam wees om te voldoen aan veral twee doelwitte; waarvan die een ekonomies en die ander polities van aard is:

Ten opsigte van die ekonomiese doelwit is dit nodig dat die totale belastinglas vinnig en gereeld aangepas kan word, ten einde beheer oor totale vraag en die ekonomie te kan uitoefen. Een van die werktuie van die westerse regerings is om die totale belastinglas sodanig te beplan dat totale vraag daardeur gestimuleer of beperk word. Buigsaamheid van die stelsel is noodsaaklik daarvoor.

In 'n demokratiese gemeenskap is buigsaamheid van die belastingstruktuur egter nodig vir 'n basiese politieke rede: Verskillende politieke partye verteenwoordig verskillende politieke, sosiale en ekonomiese filosofieë. In 'n gesonde demokratiese gemeenskap moet daar breë politieke konsensus oor sekere basiese sake wees, maar daar moet terselfdertyd ook die moontlikheid vir veranderinge wees wanneer een regering 'n ander opvolg (Meade, 1978: 21).

Daar is egter terselfdertyd 'n behoefte aan stabiliteit in belasting, sodat belastingpligtiges beplanning vir die toekoms dan doen. Fundamentele onsekerhede veroorsaak 'n gebrek in vertroue en dit is 'n groot struikelbolk in die pad van produksie en vooruitgang.

Daar is dus duidelik 'n botsing tussen die vereiste van buigsaamheid en dié van stabiliteit. Volgens die Meade-verslag (1978: 21 – 22) sal baie fluktuasies in belastingkoerse lei tot groot onsekerheid en 'n gebrek aan vertroue, en dit moet dus vermy word. Afgesien daarvan is 'n voorvereiste vir die nodige graad van stabiliteit, die vermyding van gereelde omwentelinge in die hele belastingstruktuur, dit wil sê 'n stand van sake waar elke nuwe regering 'n hele nuwe stel belastings implementeer.

2.6.7 Hantering van oorgangsprobleme

'n Belangrike kriteria in die beoordeling van 'n nuwe belastingvoorstel is nie bloot die kwaliteit van die stelsel wanneer dit in volle werking is nie, maar ook die gemak of dan ongemak waarmee die omskakeling vanaf die ou na die nuwe struktuur gedoen kan word. Dit wil sê die besluit of 'n verandering geïmplementeer moet word hang nie net af van die gewenste resultate wat sal voorkom wanneer dit eendag ten volle funksioneer nie, maar beslis ook van die oorgangsprobleme wat kan voorkom, byvoorbeeld die begrip van die nuwe stelsel deur die belastingpligtige. Daar is dus 'n element van waarheid in die stelling: 'n ou belasting is 'n goeie belasting (Meade, 1978: 22).

Die vraag wat dus gevra moet word voor 'n nuwe voorstel geïmplementeer kan word, is of daar spesiale reëlings getref kan word, sonder uitermatige kostes of onbillikheid, wat die moontlik onaanvaarbare uitwerking van die oorskakeling kan neutraliseer.

2.7 SAMEVATTING

In die hoofstuk is daar in breë trekke verwys na direkte en indirekte belastings. Kapitaalbelasting, as 'n komponent van direkte belasting, is bespreek deur na die verskillende tipes kapitaalbelasting te verwys. Daar is verder uitgebrei oor die doel en heffing van een tipe kapitaalbelasting, naamlik kapitaaloordragbelasting.

In die laaste deel van die hoofstuk is daar aandag geskenk aan sekere beginsels waaraan 'n goeie belastingstruktuur moet voldoen. Dié beginsels dien as evalueringsmaatstawwe wat in hoofstukke vier en ses gebruik sal word om onderskeidelik Suid-Afrika en een of twee ander geselekteerde lande se stelsels ten opsigte van kapitaaloordragbelasting te evalueer. Dit sal dan ook die basis vorm van die aanbevelings wat in hoofstuk ag gemaak word.

Hoofstuk 3

BELASTING OP KAPITAALOORDRAGTE: HUIDIGE POSISIE IN SUID-AFRIKA

3.1	INLEIDING.....	38
3.2	KAPITAALBELASTING IN SUID-AFRIKA.....	38
3.2.1	Kapitaalwinsbelasting.....	38
3.2.2	Welvaartbelasting.....	39
3.2.2.1	Skenkingsbelasting.....	40
3.2.2.2	Boedelbelasting.....	44
3.3	TRUSTS.....	52
3.3.1	Klassifikasie van trusts.....	52
3.3.2	Diskresionêre trusts.....	54
3.4	SAMEVATTING.....	56

3.1 INLEIDING

Die hoofstuk verskaf inligting met betrekking tot kapitaalbelasting in Suid-Afrika. Welvaartbelasting as 'n tipe kapitaalbelasting, met spesifieke verwysing na skenkings- en boedelbelasting, word dan bespreek. Laastens word daar verwys na die klassifikasie en voordele van trusts, hoe dit gebruik kan word in boedelbeplanning en sekere aanbevelings wat ten opsigte hiervan gemaak is.

3.2 KAPITAALBELASTING IN SUID-AFRIKA

Aangesien kapitaaloordragbelasting deel vorm van die oorhoofse groep kapitaalbelasting (soos in hoofstuk twee uiteengesit), sal die algehele posisie ten opsigte van kapitaalbelasting in Suid-Afrika eers in ag geneem word:

3.2.1 Kapitaalwinsbelasting

Ontvangste en toevallings van 'n kapitale aard word spesifiek uitgesluit by die heffing van inkomstebelasting kragtens die inkomstebelastingwet no. 58 van 1962. Die definisie van bruto inkomste ingevolge artikel 1 van die wet lui soos volg:

"...die totale bedrag, hetsy in kontant of andersins, ontvang deur of toegeval aan of ten gunste van so 'n persoon gedurende bedoelde jaar of tydperk van aanslag uit 'n bron in die Republiek of geag in die Republiek te wees, met uitsluiting van ontvangstes of toevallings van 'n kapitale aard..."

Daar is al verskeie ondersoeke geloods om te bepaal of die basis van belasting in Suid-Afrika nie uitgebrei kan word om 'n kapitaalwinsbelasting in te sluit nie. Die meerderheid van die kommissarisse in die Margo-kommissie was gekant teen die belasting van kapitaalwins in Suid-Afrika (Margo, 1987: 231).

Nadat verskeie voor- en nadele van 'n kapitaalwinstbelasting oorweeg is, het die Katz-kommissie in hul Derde Interim Verslag (1995: 49) ook aanbeveel dat geen kapitaalwinstbelasting in Suid-Afrika ingestel moet word nie, as gevolg van 'n gebrek aan die administratiewe vermoë om sodanige belasting te hanteer.

Hierdie posisie is baie gunstig vir die belastingpligtige. Indien 'n kapitale bate dus nie onderhewig is aan kapitaaloordragbelasting (soos hierna bespreek) of in 'n mindere mate aan grondbelasting nie, val die waarde van die bate buite enige direkte Suid-Afrikaanse belastingwetgewing en sal die opbrengs dus belastingvry wees (Hamman, 1995: 37).

3.2.2 Welvaartbelasting

Die enigste tipe welvaartbelasting wat tans in Suid-Afrika gehef word, is kapitaaloordragbelasting in die vorm van boedel- en skenkingsbelasting. (Alhoewel grondbelasting deur plaaslike owerhede gehef word, is dit nie 'n nasionale belasting nie en val dit dus buite die omvang van hierdie studie.)

Kapitaaloordragbelasting sal net gehef word op die waarde van bates wat oorgedra word teen geen vergoeding of op die verskil tussen die markwaarde van bates oorgedra en die vergoeding ontvang (as dit laer as markwaarde is), dit wil sê by skenkings of erflatings. Hereregte wat betaalbaar is by die oordrag van vaste eiendom val dus nie in hierdie kategorie nie (Hamman, 1995: 18).

Skenkingsbelasting word gehef kragtens artikel 54 van die Inkomstebelastingwet, no. 58 van 1962; terwyl boedelbelasting kragtens die Boedelbelastingwet, no. 45 van 1955 gehef word. Die twee tipes kapitaaloordragbelasting sal vervolgens verder bespreek word.

3.2.2.1 Skenkingsbelasting

Alhoewel skenkingsbelasting gehef word kragtens die Inkomstebelastingwet, is dit nie 'n belasting wat op inkomste gehef word nie, dit wil sê dit is nie 'n verpligte jaarlikse of maandelikse belasting nie, maar dit is 'n belasting wat op die netto oordrag van rykdom gehef word en is dus eintlik maar boedelbelasting wat vooruit betaal word (Huxham & Haupt, 1998: 526).

Die doel met skenkingsbelasting is dus tweeledig: In die eerste plek voorkom dit die vermyding van boedelbelasting deur die skenking van bates voor afsterwe en tweedens, voorkom dit die vermyding van inkomstebelasting deur die skenking van 'n persoon se inkomsteproduiserende bates aan verskeie belastingpligtiges, om sy effektiewe belastingkoers te verlaag (De Koker, 1996: 29_3).

a) Heffing van Skenkingsbelasting

Na die Margo-kommissie se aanbevelings (1988: 333 – 334) is die koers van skenkingsbelasting vanaf 'n glyskaal-basis, wat op kumulatiewe skenkings gebaseer was (Hamman, 1995: 42), verander na 'n enkelkoers van 15 % wat per skenking gehef word. Daar is verder 'n korting van R 20 000 per jaar op skenkings gedurende die jaar gemaak (kumulatief bereken) toegelaat (1988/89 – Begrotingsrede, 1988: 7 – 8). Sedert 14 Maart 1996 is die koers van skenkingsbelasting egter verhoog na 25 % (Danziger en Cronjé, 1998: artikel 64). Die jaarlikse korting is ook vanaf hierdie datum verhoog na R25 000 (Danziger en Cronje, 1998: artikel 56(2)(c)).

Skenkingsbelasting is kragtens artikel 54 betaalbaar op die waarde van enige eiendom, waarvoor beskik word ingevolge 'n skenking deur 'n persoon wat gewoonlik in die Republiek woonagtig is of deur 'n binnelandse maatskappy (Huxam & Haupt, 1998: 527).

b) Waardasie van skenkings

Skenkingsbelasting word gehef op die waarde van eiendom. Hierdie "eiendom" word omskryf in artikel 55 van die wet as "enige reg op eiendom, hetsy roerend of onroerend, liggaamlik of onliggaamlik, en waar ook al geleë".

Artikel 62 van die wet handel oor die waardasie van sodanige eiendom. Indien die skenker volle eiendomsreg het op die eiendom wat hy skenk, is die waarde van die skenking die billike markwaarde van die eiendom op die datum van skenking. (Indien daar *bona fide*-boerderyaktiwiteite beoefen word op die eiendom, kan die Landbankwaarde geag word die billike markwaarde te wees.) (Huxham & Haupt, 1998: 533)

Daar is spesifieke bepalings ten opsigte van waardasie wat geld wanneer 'n fidusiêre of 'n vruggebruiksreg oorgedra word. Die waarde van sodanige reg word kragtens artikel 62(1)(a) vasgestel deur die jaarlikse waarde van die reg op die gebruik van die eiendom (teen 12 % van die billike markwaarde) te kapitaliseer oor die verwagte lewensduur van die skenker (of oor 'n korter tydperk, indien die reg vir 'n korter tydperk gehou gaan word).

Die waardasie van eiendom wat onderworpe is aan fidusiêre of vruggebruiksreg, dit wil sê die waardasie van die blote eiendomsreg, word weer gebaseer op die tydperk waartydens die reg geniet sal word. Die waarde van die gebruiksreg word dus bepaal soos verduidelik, maar met in agneming van die tydperk van die gebruiksreg (dit wil sê die verwagte lewensduur van die houer van die reg en nie die skenker nie), en dit word dan afgetrek van die billike markwaarde, om die waarde van die blote eiendomsreg te verkry.

c) Vrystellings van Skenkingsbelasting

Daar word egter verligting ten opsigte van sommige skenkings deur artikel 56 van die wet verleen. Die vernaamste hiervan is die volgende:

- i. skenking aan 'n gade
- ii. *donatio mortis causa*, dit wil sê 'n skenking wat gemaak word met die dood in gedagte
- iii. skenking van eiendom wat buite die Republiek geleë is, indien sodanige eiendom deur die skenker verkry is:
 - voordat die skenker hom vir die eerste keer in die Republiek gevestig het, of
 - deur erflating of skenking van iemand wat nie gewoonlik in die Republiek woonagtig is nie, of
 - met geld wat uit die vervreemding van eiendom in bogenoemde paragrawe genoem, verkry is, of
 - met geld uit 'n bedryf wat deur die skenker buite die Republiek beoefen word, of
 - in die geval van onroerende eiendom, verkry deur die skenker minstens tien jaar voor die datum waarop die skenking in werking tree.
- iv. skenkings deur of aan enige inrigting van 'n liefdadigheids, godsdienstige of opvoedkundige aard, of enige inrigting vir die bevordering van die wetenskap of kuns
- v. indien ingevolge en ooreenkomstig 'n trust oor sodanig eiendom beskik word
- vi. indien sodanige eiendom bestaan uit 'n reg (uitgesonderd 'n fidusiêre reg, vruggebruik of ander derglike reg) op die gebruik of okkupasie van eiendom wat vir boerderydoeleindes gebruik word, en die begunstigde is 'n kind van die skenker
- vii. skenkings gemaak deur 'n maatskappy wat vir belastingdoeleindes as 'n publieke maatskappy erken word

Daar is verder ook kortings wat by die berekening van skenkingsbelasting in ag geneem moet word. Hierdie kortings word kragtens artikel 56(2) van die wet verleen, dit moet per jaar toegepas word teen skenkings wat op 'n kumulatiewe wyse bereken word en daar word onderskeid getref tussen skenkings gemaak deur natuurlike persone en skenkings deur ander persone:

- toevallige skenkings deur 'n skenker (natuurlike persone uitgesluit) gedurende 'n jaar van aanslag gemaak, wat nie R 5 000 oorskry nie
- skenkings deur natuurlike persone op of na 1 Maart 1996 van alle eiendom waarvan die waarde nie R 25 000 per jaar te bowe gaan nie (voor 1 Maart 1996 was die bedrag R 20 000).
- Soveel van enige *bona fide*-bydrae deur 'n skenker tot die onderhoud van enige persoon gemaak as wat die Kommissaris redelik ag.

d) Betaling van Skenkingsbelasting

Skenkingsbelasting is betaalbaar binne drie maande vanaf die effektiewe datum van die skenking. Die skenker is aanspreeklik vir die betaling, maar as hy nie die belasting betaal nie, is die skenker en begunstigde gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik vir die belasting.

e) Samevatting

Uit bostaande bespreking blyk dit dat skenkingsbelasting nie 'n ingewikkelde belasting is nie. Skenkingsbelasting is egter nie 'n groot bron van inkomste in Suid-Afrika nie (soos blyk uit die tabel in Bylae 1). Daar kan veral twee redes hiervoor aangevoer word: Dit is nie 'n belasting wat teen hoë koerse gehef word nie, en baie skenkings word deur belastingpligtiges gemaak sonder dat belasting daarop betaal word, bloot omdat dit nie in die administrasie-afdeling van die Kommissaris nagespeur word nie.

Die feit dat skenkingsbelasting deur die Inkomstebelastingwet gehef word, het tot gevolg dat dit aan die algemene teenvermydingsbepalings (wat in artikel

103 vervat word) onderworpe is. Dit wil sê enige transaksie, handeling of skema aangegaan met die uitsluitlike of hoofdoel om skenkingsbelasting te vermy of te verminder, sal as gevolg van die toepassing van artikel 103 nie tot sodanige besparing lei nie.

3.2.2.2 Boedelbelasting

Soos reeds genoem, word boedelbelasting gehef kragtens die Boedelbelastingwet, no. 45 van 1955. Die eksekuteur van die bestorwe boedel is verantwoordelik vir die berekening van die boedel se belastingpligtigheid en hy moet toesien dat dit aan die Ontvanger betaal word.

(a) Heffing van boedelbelasting

Artikel 2(1) van die Boedelbelastingwet bepaal soos volg:

"Daar word ten opsigte van die boedel van iedere persoon wat op of na die eerste dag van April 1955 te sterwe kom, 'n belasting bekend as 'n boedelbelasting opgelê, gehef en ingevorder."

Boedelbelasting word kragtens artikel 2(2) opgelê op die "belasbare bedrag" van die boedel, soos deur die bepalings van die Boedelbelastingwet bereken; dus vorm die bepaling van hierdie "belasbare bedrag" die kern van die vasstelling van die belastingaanspreeklikheid. Artikels 3 tot 5 van die wet reël die vasstelling van die belasbare bedrag; terwyl artikels 6 tot 32 van die wet sekere diverse en administratiewe aspekte reël.

(b) Belasbare bedrag

Skematies kan die vasstelling van die belasbare bedrag van 'n boedel soos volg aangedui word (Huxham & Haupt, 1998: 548):

Eiendom – artikel 3(2)	[gewaardeer ooreen-	xxx
Geagte eiendom – artikel 3(3)	komstig artikel 5]	<u>xxx</u>
BRUTO WAARDE VAN BOEDEL		xxx
Min: Aftrekkings en vrystellings – artikel 4		<u>(xxx)</u>
NETTO WAARDE VAN BOEDEL		xxx
Min: Korting – artikel 4A		<u>(1 milj)</u>
BELASBARE BEDRAG VAN BOEDEL		<u>XXX</u>

Boedelbelasting word teen 'n vasgestelde koers van 25 persent op die belasbare bedrag van die boedel gehef.

i. Bruto waarde van boedel

Alle eiendom van 'n persoon wat sterf terwyl hy gewoonlik in die Republiek woonagtig is, word kragtens artikel 3(1) en 3(2) by 'n persoon se boedel ingesluit, ongeag waar dit geleë is (Huxham & Haupt, 1998: 555). Eiendom word gedefinieer as enige reg op goed, hetsy roerend of onroerend, liggaamlik of onliggaamlik en sluit ook in fidusiêre of vruggebruikregte, sowel as die reg op 'n annuïteit. Die omskrywing is dus breedvoerig en sluit feitlik alle moontlike bates in.

Artikel 3(2)(c) tot (g) sluit egter spesifieke bates wat deur 'n persoon, wat nie gewoonlik woonagtig in Suid-Afrika ten tye van sy dood was nie, uit by die omskrywing van eiendom: By sodanige persoon se boedel vir Suid-Afrikaanse boedelbelastingdoeleindes, sal slegs die bates wat in Suid-Afrika geleë is ingesluit word (artikel 26 bied wel verligting indien dubbele belasting in sodanige gevalle gehef word).

Addisioneel tot werklike eiendom, sluit aftikel 3(1) ook alle eiendom wat ooreenkomstig die wet geag word eiendom van die persoon te wees, in by die boedel van 'n persoon. Artikel 3(3) bepaal wat hierdie "geagte eiendom" behels. Dit sluit in binnelandse versekeringspolis op die lewe van die oorledene, betalings uit pensioen- en ander fondse by die dood van die oorledene, eiendom geskenk ingevolge 'n *donatio mortis causa*, toevallings ingevolge die Wet op Huweliksgoedere en eiendom waaroor die oorledene bevoeg was om tot sy eie voordeel of tot voordeel van sy boedel te beskik.

Hierdie eiendom en geagte eiendom word dus ooreenkomstig artikel 5 waardeer om die bruto waarde van die boedel te vorm.

ii. Waardasie van eiendom

Indien eiendom verkoop word (deur 'n *bona fide* koop en verkoop) in die loop van die likwidasie van die boedel, word sodanige eiendom waardeer teen die prys wat deur so 'n verkoop verkry is. Eiendom wat egter nie verkoop word nie, word teen die redelike markwaarde op die datum van dood waardeer. (Ten opsigte van eiendom waarop *bona fide* landboubedrywigheede beoefen word, bepaal die wet dat die waarde na keuse van die eksekuteur as óf die billike markwaarde, óf die Landbankwaarde van die eiendom op die datum van dood, vasgestel kan word.) (Huxham & Haupt, 1998: 559 en 565)

Fidusiêre of vruggebruikregte word soos volg waardeer: kapitaliseer die jaarlikse waarde (wat 12 % van die markwaarde van die eiendom is) oor die verwagte lewensduur van die persoon op wie die vruggebruik sal oorgaan. Artikel 5 het verder sekere voorbehoudsbepalings ten opsigte van die waardasie van sodanige regte indien die vruggebruik oorgaan op 'n persoon wat reeds die houer van die blote eiendomsreg is. Die waardasie van ander tipes eiendom en geagte eiendom word ook breedvoerig uiteengesit in artikel 5.

iii. Aftrekkings en vrystellings

In artikel 4 word die aftrekkings en vrystellings wat teen die bruto waarde van die boedel vereken kan word om die netto waarde te bepaal, uiteengesit. Vervolgens word sommige van hierdie aftrekkings en vrystellings gelys:

- sterfbed en begrafniskoste (artikel 4(a))
- skulde deur die oorledene verskuldig aan persone wat gewoonlik in die Republiek woonagtig is (artikel 4(b)), sowel as die surplus van buitelandse skulde bo buitelandse bates (artikel 4(f))
- administrasiekoste, byvoorbeeld die koste om bates te realiseer, om skulde in te vorder en die eksekuteursvergoeding (artikel 4(c))
- sekere buitelandse bates, naamlik eiendom wat buite die Republiek geleë is, ás die oorledene:
 - dit verkry het voordat hy vir die eerste keer sy gewone verblyfplek in die Republiek opgeneem het,
 - dit as 'n geskenk van 'n buitelander verkry het, of dit van 'n buitelander geërf het, indien hy dit verkry het nadat hy vir die eerste keer sy gewone verblyfplek in die Republiek opgeneem het óf
 - dit uit winste uit die verkoop van sodanige eiendom of uit die opbrengs van sodanige eiendom verkry het
- as 'n fidusiêre of vruggebruik ingevolge 'n geskenk gehou is en dit terugval aan die oorspronklike skenker, die waarde van sodanige reg (artikel 4(g))
- die waarde van eiendom wat aan enige liefdadigheids-, onderwys- of godsdienstige inrigting of openbare instelling (wat ingevolge artikel 10(1)(f) van die Inkomstebelastingwet van belasting vrygestel is) toeval (artikel 4(h)(i))
- die verhoging in waarde van eiendom as gevolg van verbeteringe aangebring deur die begunstigde (artikel 4(i))
- eiendom wat aan die langselewende eggenoot toeval

iv. Korting

Artikel 4A verleen 'n primêre korting van R 1 miljoen wat van die "netto waarde" van die boedel afgetrek mag word. Dié korting word sedert 1 Maart 1988 toegelaat. Dit is ingestel na aanleiding van die aanbevelings wat deur die Margo-kommissie gemaak is (sien 1.2.1) en is nog nooit sedert 1988 aangepas nie.

Figuur 1 (Bylae 2) toon duidelik die afname in opbrengs uit boedel- en skenkingsbelasting vir die jare 1988 tot 1992 (nadat die korting ingestel is). Die stelselmatige toename daarna kan weer toegeskryf word aan die feit dat die korting nie aangepas is om vir inflasie voorsiening te maak nie.

(c) Korting ten opsigte van opeenvolgende sterftes

Indien 'n oorledene eiendom aan 'n ander persoon nalaat, sal die eiendom by die boedel van daardie ander persoon gevoeg word indien hy/sy sterf. Boedelbelasting sal dus nou twee keer in 'n kort periode op dieselfde eiendom betaal word (Huxham & Haupt, 1998: 569); dus verleen die Eerste Bylae tot die wet die volgende verligting:

Die waarde van die belasting betaalbaar op eiendom wat by die boedel van die tweede persoon wat te sterwe kom ingesluit word, sal verminder word met die volgende persentasies, mits boedelbelasting op die eiendom betaal is by die dood van die eerste persoon. (Die vermindering word beperk tot die belasting wat die eerste keer betaal is):

100 %	indien die persoon binne 2 jaar na die eerste persoon te sterwe kom,
80 %	indien die tydperk 2 – 4 jaar is,
60 %	indien die tydperk 4 – 6 jaar is,
40 %	indien die tydperk 6 – 8 jaar is, en
20 %	indien die tydperk 8 – 10 jaar is.

(d) Betaling van Boedelbelasting

Kragtens artikel 12 moet die totale belasting deur die eksekuteur betaal word. Hy kan dit dan kragtens artikel 13 van die persone wat daarvoor aanspreeklik is verhaal.

Artikel 11 bepaal watter persone aanspreeklik is vir die belasting en dit kan skematies soos volg voorgestel word (Huxham & Haupt, 1998: 568):

Artikel	Belasbare eiendom	Belasbare Persoon
3(2)(a)	Fidusiêre, vruggebruik of soortgelyke belang en 'n annuïteit teen eiendom beswaar	Begunstigde
3(2)(b)	'n Annuïteit wat aan 'n ander persoon toeval by die dood van die oorledene	Begunstigde
3(3)(a)	Bedrag verskuldig ingevolge 'n binne-landse versekeringspolis	Persoon aan wie bedrag betaalbaar is
3(3)(a)bis	Bedrag betaalbaar deur 'n fonds by, of as gevolg van die oorledene se dood	Persoon aan wie die voordeel toeval
3(3)(b)	<i>Donatio mortis causa</i>	Skenker
3(3)(cB)	Skenkings aan familiemaatskappy	Skenker
	Alle ander eiendom	Die eksekuteur

(e) Samevatting

Die vasstelling van 'n persoon se aanspreeklikheid vir boedelbelasting is 'n ingewikkelde proses. Dit is dus moeilik om te administreer en uit 'n fiskale

oogpunt onproduktief, aangesien dit betreklik min inkomste vir die staat oplewer (Margo, 1987: 325). Dit is waarskynlik die vernaamste redes hoekom die Boedelbelastingwet nie altyd so streng en effektief toegepas word nie (Hamman, 1995: 55).

Die feit dat boedelbelasting deur 'n afsonderlike wet gereël word, het die implikasie dat die algemene teenvermydingsbepalings van die Inkomstebelastingwet (kragtens artikel 103) nie toegepas kan word om die vermyding van boedelbelasting as gevolg van enige transaksie, handeling of skema, te voorkom nie. Daar is verder ook geen teenvermydingsbepalings in die boedelbelastingwet nie.

Die rede hoekom die regering nie instem tot teenvermydingsbepalings ten opsigte van kapitaaloordragbelasting nie, is volgens D. Davis (1988: 18 – 19) 'n duidelike aanduiding dat die regering bloot die kapitaaloordragbelasting op rekord hou vir politieke redes.

Die gebrek aan teenvermydingsbepalings, asook die onvermoë van die Kommissaris om die wet streng en effektief toe te pas, het gelei tot die ontstaan van 'n industrie, waardeur belastingpligtiges (bygestaan deur hul adviseurs) skemas en transaksies aangaan met die uitsluitlike of hoofdoel om boedelbelasting te vermy, tot gevolg.

Die struktuurering van die boedelbeplanner se boedelplan op so 'n wyse dat die minimum belasting betaal word is beslis een van die doelwitte van boedelbeplanning. 'n Britse Regter, Lord Clyde, het dit soos volg gestel (Van der Berg, 1998: 2):

"No man in this country is under the smallest obligation, moral or otherwise, to arrange his legal relations to his business or to his property as to enable the Inland Revenue to put the largest possible shovel into his stores."

Dit moet egter beslis nie die belangrikste doelwit wees nie. Boedelbeplanners behoort nie ingepaas te word in ingewikkelde, onbuigbare boedelplanne, bloot met die doel om belasting te bespaar nie. Soos Farr dit stel (Van der Berg, 1998: 2).

"As endless in its facets as mankind in its characteristics and peculiarities, and exactly as interesting, the estate plan is far too worthwhile as an intellectual exercise to be made dependant upon tax quirks and loopholes; and it deserves to be conjoined with a motive far more noble than mere tax economics. The philosophical approach of the draftsman and advisor is all important. His first task is to make certain of his philosophy and of his fundamental respect for his own creation."

Daar is egter tans verskeie metodes waarmee boedelbelasting in die praktyk vermy word. Dit word gedoen deur groei in die boedeleienaar se boedel te beperk. Een van die metodes is byvoorbeeld om 'n boedelbeplanner se bates na 'n maatskappy oor te dra in ruil waarvoor hy voorkeuraandele ontvang. Die gewone aandele in die maatskappy word dan aan die boedeleienaar se kinders teen pariwaarde oorgedra. Die voorkeuraandele is nie-kumulatief en aflosbaar en verseker 'n mate van beheer aan die boedeleienaar. Groei van die boedel word dus effektief bekamp, omdat die voorkeuraandele nie in waarde kan toeneem nie (Olivier & Van der Berg, 1991: 197). Sorg moet egter gedra word dat die beplanner nie sodanige beheer via die voorkeuraandele het, dat die waarde van die aandele in terme van artikel 5(i)(f)bis van die Boedelbelastingwet hoër sal wees as die nominale waarde daarvan nie (Van der Berg, 1998: 17).

Die trust bly egter steeds die beplanningsinstrument by uitstek. Weens sy inherente buigbaarheid en die feit dat trustbates nie in die boedels van die trustees of die begunstigdes vestig nie, is dit moontlik vir die boedeleienaar om, via die trust, boedelgroei te beperk sonder om noodwendig volle beheer oor die bates af te staan (Van der Berg, 1998: 18).

Die volgende aanhaling van Pierre Le Paulle uit *Civil Law Substitutes for Trusts* (Van der Berg, 1998: 18), som die gebruik van trusts goed op:

"Trusts have now pervaded all fields of social institutions in common-law countries. They are like those extraordinary drugs curing at the same time toothache, sprained ankles and baldness, sold by pedlars on the Paris Boulevards; they solve equally well family troubles, business difficulties, religious and charitable problems. What amazes the sceptical civilian, is that they really do solve them."

Trusts speel dus 'n belangrike rol by boedelbeplanning. As gevolg van die implikasies daarvan op kapitaaloordragbelasting in Suid-Afrika, asook die aanbevelings in dié verband deur die Margo- en Katz-kommissies (sien hoofstuk een), word dit nodig geag om die kenmerke van trusts kortliks te bespreek:

3.3 TRUSTS

Die trust-begrip het deur die Engelse Reg tot stand gekom en is saam met die 1820 Britse setlaars na Suid-Afrika gebring. Gedurende die 11'e en 13'e eeue was grondeienaars as gevolg van militêre verpligtinge soms vir lang periodes weg van hul eiendom. Indien hulle dan as gevolg van een of ander rede nie sou terugkeer nie, het die risiko bestaan dat hul eiendom deur die plaaslike heer (wat die koning verteenwoordig het) onteien kon word, wat dan sy familie sonder 'n heenkome en inkomstebron sou laat. Die praktyk het dus ontwikkel om vaste eiendom onder die naam en beheer van 'n vertroueling te plaas, wat dan die grond tot die voordeel van die grondeenaar se familie gehou het (Kourie & Ryder, 1997: 211).

3.3.1 Klassifikasie van trusts

Trusts kan geklassifiseer word as *inter vivos* trusts (wat gedurende die leeftyd van die oprigter van die trust geskep word), testamentêre trusts (wat in 'n testament geskep word en tot stand kom by die afsterwe van die erflater) en

trusts *mortis causa* (wat tot stand kom deur middel van 'n kontrak, maar eers effektief is en geregistreer word by die afsterwe van die oprigter). Aangesien 'n *mortis causa* oordrag deur middel van 'n kontrak nie 'n testamentêre oordrag is nie, hoef dit nie aan al die formaliteite van die "Wills Act" te voldoen nie. Dit is dus 'n *inter vivos* oordrag, alhoewel dit eers effektief word op datum van dood (Kourie & Oosthuizen, 1994: 511).

Elk van bogenoemde tipes trusts kan weer verdeel word in sekere klasse vanuit die oogpunt van die begunstigdes en hul regte met betrekking tot eienaarskap van die trustbates, naamlik (Kourie & Ryder, 1997: 224 – 225):

a) Diskresionêre trust

Eienaarskap en beheer van trustbates vestig in die trusteees in hul verteenwoordigende kapasiteit. Die trusteees het 'n diskresie rakende verdeling van inkomste en/of kapitaal binne 'n bepaalbare groep van begunstigdes. 'n Begunstigde het dus geen gevestigde reg op trustbates en/of inkomste nie.

b) Bewindtrust

Die begunstigdes het gevestigde regte op trustbates en die trusteees is bloot die administrateurs van die bates (en nie die eienaars nie).

c) Gevestigde trust

Eienaarskap en beheer van trustbates vestig in die trusteees in hul verteenwoordigende kapasiteit, maar die begunstigdes het wel persoonlike regte om hul deel van die trustvoordele van die trustee te eis op 'n bepaalde tydstip, soos gespesifiseer in die trust.

Die diskresionêre trust is die instrument wat meestal by boedelbeplanning gebruik word. Dit is ook hierdie tipe trust wat die teiken is van die aanbevelings wat deur die Margo- en Katz-kommissies gemaak is.

Vervolgens sal aandag geskenk word aan die voordele verbonde aan die gebruik van hierdie tipe trust. (Die belastingimplikasies word nie bespreek nie, aangesien daar tans slegs inkomstebelasting kragtens artikel 25B (onderworpe aan die bepalings van artikel 7) op trustinkomste gehef word en dit dus nie binne die omvang van die studie val nie.)

3.3.2 Diskresionêre trust

Volgens Kourie en Ryder (1997: 227) is 'n diskresionêre trust die mees effektiewe metode om kapitaaloordragbelasting en verwante koste te bespaar. Dit kan bereik word deur byvoorbeeld die volgende skema toe te pas (Margo, 1987: 329):

Die beplanner dra sy groeibates oor na 'n goedgesinde entiteit (in hierdie geval, 'n trust waarvan die begunstigdes dié persone is wat die beplanner wil bevoordeel). Die bates word gewoonlik aan die entiteit verkoop. Die koopsom word egter dikwels nie deur die entiteit betaal nie, maar bly betaalbaar op aanvraag, rentevry of teen slegs 'n nominale rentekoers. In die praktyk word sodanige onbetaalde koopsom vir doeleindes van boedelbelasting en die belasting op geskenke nie as 'n skenking beskou nie. Enige toename in waarde van daardie bates na die vervreemding daarvan sal nie in die boedel van die beplanner val nie. Wat dan gebeur, is dat die beplanner die waarde van sy boedel effektief "bevries" of "vaspen" op 'n vaste bedrag. In inflasionistiese tye sal die waarde van 'n eis uitgedruk in nominale monetêre terme daartoe lei dat die "bevriesde" boedel se waarde in reële terme daal, en insgelyks sal die skuld van die goedgesinde entiteit in reële terme verminder. Die wetgewer pas ook verder van tyd tot tyd sekere aftrekkings en kortings aan om in 'n sekere mate te kompenseer vir die erosie in die waarde van geld. Dit lei daartoe dat die belasbare bedrag van die boedel nie slegs konstant bly nie, maar in werklikheid verlaag word.

Die voordele van die diskresionêre trust uit 'n oogpunt van boedelbelasting is dus drievoudig van aard (Van den Berg, 1998: 22):

a) Beperking van boedelgroei

Soos uit bogenoemde blyk, vestig die trustbates in die trusteees en trek dit dus geen boedelbelasting as die boedeleienaar te sterwe kom nie. Die enigste bate in die boedeleienaar se boedel sal die koopsom wees wat die trust aan hom verskuldig is.

b) Beheer oor bates

Die oordrag van bates na 'n trust wat deur trusteees bestuur en beheer word, het vanselfsprekend die implikasie dat beheer oor bates tot 'n mate prysgegee moet word. Die probleem kan egter oorkom word deur die oprigter ook een van die trusteees te maak, sodat daar steeds 'n mate van beheer kan wees. Die bepaling van artikel 3(3)(d) van die Boedelbelastingwet moet egter in gedagte gehou word, naamlik

"Eiendom wat geag word eiendom van die oorledene te wees, omvat eiendom waaroor die oorledene onmiddellik voor sy dood bevoeg was om vir sy eie voordeel of vir die voordeel van sy boedel te beskik"

Dit wil sê die oprigter en sy gade kan nie byvoorbeeld die enigste trusteees van die trust wees nie.

c) Oorslaan van generasies

Die bates kan in die trust gehou word en benutting daarvan kan slegs van geslag tot geslag oorgedra word. Sodoende word boedelbelasting vrygespring elke keer as een geslag te sterwe kom.

Daar is tans dus geen bepaling in wetgewing vervat waardeur kapitaaloordragbelasting gehef word op trustbates nie. Skenkingsbelasting sal slegs deur die oprigter betaal word as hy die bates aan die trust skenk en die bates se waarde meer as R 25 000 is. (Dit gebeur egter selde in die

praktyk, aangesien die oprigter veel eerder die trustbates aan die trust verkoop en die koopsom op 'n leningsrekening hou.)

Die Margo- en Katz-kommissies se voorstelle (sien hoofstuk een) is waarskynlik in reaksie op hierdie vermydingskemas gemaak. Soos reeds genoem, beveel die Katz-kommissie aan dat trustbates elke 25 – 30 jaar waardeer moet word en onderworpe gestel word aan 'n kapitaaloordragbelasting. Uit hierdie aanbeveling vloei daar dan noodwendig die verdere aanbeveling dat verdeling van kapitaal uit 'n trust ook aan kapitaaloordragbelasting onderhewig moet wees.

3.4 SAMEVATTING

Kapitaaloordragbelasting vorm al vir 'n geruime tyd 'n relevante deel van Suid-Afrika se belastingstruktuur. Die laaste wesenlike veranderinge aan die kapitaaloordragbelastingstelsel, soos in hierdie hoofstuk uiteengesit, het in 1988 (na aanleiding van die Margo-kommissie se aanbevelings) plaasgevind. Hierdie belasting kan egter suksesvol vermy word deur middel van skemas, soos byvoorbeeld die gebruik van diskresionêre trusts.

Daar was verskeie politieke veranderinge sedert 1991 in Suid-Afrika, na aanleiding waarvan 'n kommissie onder leiding van Michael Katz 'n ondersoek na die belastingstruktuur van Suid-Afrika geloods het. Hulle het sekere aanbevelings rakende trusts gemaak. Die huidige struktuur van kapitaaloordragbelasting in Suid-Afrika, sowel as die aanbevelings wat deur die kommissies gemaak is ten opsigte van kapitaaloordragbelasting, sal in die volgende hoofstuk geëvalueer word aan die hand van die maatstawwe soos in hoofstuk twee uiteengesit.

Hoofstuk 4

'n EVALUERING VAN DIE KAPITAALOORDRAGBELASTING- STELSEL IN SUID-AFRIKA

4.1	INLEIDING.....	58
4.2	BEGINSELS WAT AS EVALUERINGSMAATSTAWWE KAN DIEN .	58
4.2.1	Neutraliteit.....	58
4.2.2	Billikheid.....	59
4.2.2.1	Horisontale billikheid.....	59
4.2.2.2	Vertikale billikheid.....	59
4.2.3	Aansporing en ekonomiese doeltreffendheid.....	60
4.2.4	Sekerheid en eenvoud.....	61
4.2.5	Koste en doeltreffendheid.....	61
4.2.5.1	Administrasiekoste.....	62
4.2.5.2	Nakomingskoste.....	62
4.2.6	Buigsaamheid en stabiliteit.....	62
4.2.7	Hantering van oorgangsprobleme.....	63
4.3	SAMEVATTING.....	63

4.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk sal die maatstawwe, soos in hoofstuk twee uiteengesit, gebruik word om die huidige en voorgestelde kapitaaloordragbelastingstelsel in Suid-Afrika (soos in hoofstuk drie bespreek) te evalueer.

4.2 BEGINSELS WAT AS EVALUERINGSMAATSTAWWE KAN DIEN

Daar bestaan waarskynlik nie 'n bevredigende kapitaaloordragbelastingstelsel nie, aangesien die omringende omstandighede in elke land die stelsel op só 'n wyse beïnvloed, dat daar altyd tekortkominge sal wees. Wat dus in een land die gewenste resultate lewer, kan byvoorbeeld in 'n ander land totaal en al onvoldoende wees.

Ten opsigte van kapitaaloordragbelasting in enige land moet daar egter wel gestreef word na sekere algemene en basiese beginsels. Hierdie beginsels is in hoofstuk twee uiteengesit en sal vervolgens as evalueringsmaatstawwe gebruik word:

4.2.1 Neutraliteit

In Suid-Afrika maak menige belastingpligtiges gebruik van diskresionêre trusts om boedelbelasting te vermy, aangesien die toename in die waarde van die bates wat in die trust geplaas word uit hul boedel gehaal word, sonder dat hul totale beheer daarvoor verloor.

Individue word dus wel deur die belastingstelsel beïnvloed om een handelswyse bo 'n ander te verkies, hoofsaaklik omdat hul belastingposisies onder die een opsie beter is. Die huidige stelsel voldoen dus nie aan die vereiste van neutraliteit nie.

Ten opsigte van die aanbevelings gemaak deur die kommissies: Indien die periodieke heffing op bates in 'n diskresionêre trust wel ingestel word, sal dit

bogenoemde skemas nutteloos maak. Die beginsel van neutraliteit sal dus bevorder word indien sodanige voorstelle aanvaar word.

4.2.2 Billikheid

Billikheid, as een van die sosiale oorwegings wat die grondrede vir kapitaalbelasting vorm, omsluit beide horisontale en vertikale billikheid:

4.2.2.1 Horisontale billikheid

Die huidige kapitaaloordragbelasting-stelsel in Suid-Afrika voldoen nie aan die vereiste dat persone met 'n vergelykbare belasbare kapasiteit eenders behandel word nie. Die feit dat boedelbelasting relatief maklik vermy kan word, veral aangesien daar geen teenvermydingsbepalings in die Boedelbelastingwet voorkom nie, veroorsaak dat belastingpligtiges wat transaksies of skemas (met die hulp van hul adviseurs) aangaan om boedelbelasting te vermy, nie dieselfde boedelbelasting betaal as 'n persoon met 'n soortgelyke boedel, maar wat nie sodanige transaksie of skema aangegaan het nie.

Die aanbevelings ten opsigte van trusts sal hierdie probleem slegs oplos in die gevalle waar die belastingpligtige van diskresionêre trusts gebruik maak in die skema. Die ander tegnieke wat gebruik word (byvoorbeeld die gebruik van maatskappye (sien hoofstuk 3.2.2.2 (e)) word dus nie aangespreek nie.

4.2.2.2 Vertikale billikheid

Alhoewel boedel- en skenkingsbelasting nie by wyse van progressiewe koerse gehef word nie, veroorsaak die korting van R1 miljoen dat die effektiewe koers van boedelbelasting wel verskil ten opsigte van belastingpligtiges met verskillende betaalvermoëns.

Die groter betaalvermoë van 'n belastingpligtige stel hom egter in staat om goeie belastingadviseurs te konsulteer. Die relatiewe gemak waarmee

kapitaaloordragbelasting in Suid-Afrika vermy kan word deur middel van sodanige goeie beplanning, asook die effek wat inflasie op die R1 miljoen korting (kragtens artikel 4A) sedert 1988 gehad het, veroorsaak egter dat die middel-inkomstegroep belastingpligtiges die swaarste deur die kapitaaloordragbelastingbepalings getref word.

Die aanbevelings ten opsigte van trusts sal slegs hierdie situasie beïnvloed indien die belastingpligtige met die groter betaalvermoë van 'n diskresionêre trust in sy boedelplan gebruik maak.

Uit bogenoemde blyk dit dus dat daar nie aan die beginsel van horisontale en vertikale billikheid voldoen word in die huidige stelsel in Suid-Afrika nie, en dat die aanbevelings verder ook slegs die probleem oplos in gevalle waar diskresionêre trusts gebruik word om boedelbelasting te vermy.

4.2.3 Aansporing en ekonomiese doeltreffendheid

Die heffing van belasting op geakkumuleerde kapitaal, kan persone ontmoedig om te spaar of selfs aanmoedig om hul kapitaal te verbruik. Lae koerse oor 'n groot belastingbasis sal minder van hierdie sogenaamde "vervangings"-afwykings veroorsaak.

Alhoewel die belastingbasis vir boedel- en skenkingsbelasting in Suid-Afrika nie groot is nie, is dit nie 'n resultaat van die spesifieke stelsel in Suid-Afrika nie, maar eerder van kapitaaloordragbelasting in die algemeen. Die koers van 25 persent, wat tans in Suid-Afrika geld, is wel relatief laag.

Sonder om die heffing van kapitaaloordragbelasting in die algemeen te kritiseer, sou die spesifieke stelsel wat in Suid-Afrika in werking is nie aan addisionele kritiek ten opsigte van hierdie beginsel onderwerp kan word nie.

Alhoewel die voorgestelde stelsel 'n uitbreiding van die belastingbasis sal veroorsaak, sou dieselfde argument steeds geld, aangesien die aanbevelings geen verandering in die struktuur of aan die basiese beginsels meebring nie.

4.2.4 Sekerheid en eenvoud

'n Belasting moet seker en eenvoudig wees wat die begrip en invordering daarvan betref. Skenkingsbelasting is 'n relatief eenvoudige belasting, veral omdat dit teen 'n enkelkoers gehef word. Alhoewel boedelbelasting nie 'n eenvoudige belasting is nie, het die instandhouding daarvan vir soveel jare wel 'n toename in die begrip daarvan veroorsaak.

Die invorderingsproses is egter nie eenvoudig nie, met die gevolg dat die beredding van 'n boedel groot koste vir die boedel inhou (in terme van byvoorbeeld eksekuteursfooie).

Die huidige stelsel in Suid-Afrika is dus nie eenvoudig nie (soos byna enige ander kapitaaloordragbelasting-stelsel), maar dit is wel seker, aangesien dit al vir soveel jare in stand gehou word. Verder is die grootste gedeelte van die bates wat aan boedel- en skenkingsbelasting onderworpe is, deel van onderhandelings in 'n ope mark; dus word probleme met waardasie grootliks uitgeskakel.

Indien die aanbevelings ten opsigte van die periodieke waardasies van trustbates in oënskou geneem word, blyk dit duidelik dat hiérdie belasting sal berus op die voortdurende waardasie van alle kapitaalbate, waarvan die meeste nie voortdurend in 'n georganiseerde mark gekoop en verkoop word nie. Dit impliseer dus dat daar baie minder sekerheid van die belastinglas sal bestaan (Meade, 1978: 19).

4.2.5 Koste en doeltreffendheid

'n Belasting is doeltreffend as die verskil tussen dit wat uit die bevolking se sak kom en dit wat beskikbaar gestel word aan die tesourie, tot 'n minimum beperk word. Met ander woorde die koste om die belasting in te vorder moet verband hou met die opbrengs. Hierdie invorderingskoste bestaan uit administrasie- en nakomingskoste:

4.2.5.1 Administrasiekoste

Die huidige kapitaaloordragbelastingstelsel in Suid-Afrika is moeilik om te administreer, aangesien die oordragte van kapitaal in baie gevalle nie werklik nagespeur kan word nie of selfs as iets anders verbloem word. Verder behels die bepaling van die bedrag waarop belasting gehef word die waardasie van eiendom, bates en regte en dít is altyd 'n ingewikkelde proses.

Die voorgestelde bepalings sal hierdie administrasieas nog groter en meer kompleks maak. Die tyd en koste wat spandeer sal moet word om die waardasies te doen waarop die periodieke heffing bereken word, asook die instandhouding van volledige rekords ten opsigte van die bates in, en kapitaalverdelings uit diskresionêre trusts, sal waarskynlik buite verhouding wees met die opbrengs wat uit hierdie belastings sal voortspruit (sien die opbrengs uit kapitaaloordragbelasting tot totale belasting in Bylae 1 en 2).

4.2.5.2 Nakomingskoste

In die huidige stelsel spandeer die belastingpligtiges wel baie tyd, geld en moeite om hul aanspreeklikheid ten opsigte van boedelbelasting na te kom. Die persentasie opbrengs wat in Bylae 1 getoon word, word dus nog kleiner as hierdie koste in ag geneem word.

Die aanbevelings rakende trusts sal hierdie koste baie verhoog. Die koste wat die belastingpligtige sal moet aangaan om periodiek die bates in 'n diskresionêre trust te waardeer, asook die rekords wat hy in stand sal moet hou, sal sy nakomingskoste met betrekking tot die aanbevole belasting baie verhoog.

4.2.6 Buigsaamheid en stabiliteit

Verskillende politieke partye verteenwoordig verskillende politieke, sosiale en ekonomiese filosofieë. Alhoewel daar dus in 'n gesonde demokratiese gemeenskap breë politieke consensus oor sekere basiese sake moet wees,

moet daar terselfdertyd die moontlikheid vir verandering wees wanneer een regering 'n ander opvolg (Meade 1978: 21).

Dit is dus waarskynlik die rede hoekom daar soveel veranderinge die afgelope paar jaar in Suid-Afrika se belastingstelsels was. In die lig hiervan ondersteun die voorgestelde wysigings wel die beginsel van buigsaamheid.

In teenstelling met bogenoemde moet daar egter ook stabiliteit in 'n belastingstelsel wees. Die huidige stelsel in Suid-Afrika ten opsigte van boedel- en skenkingsbelasting funksioneer al vir 'n geruime tyd en behalwe vir die verandering van 'n gyskaal na enkelkoers, periodieke koersveranderinge en die instel van kortings, was daar geen omwenteling in die belastingstruktuur nie; dus is die stelsel relatief stabiel.

Die voorgestelde stelsel sal egter gesien kan word as 'n struktuurverandering indien dit geïmplementeer sou word. Die veranderinge bedreig die stabiliteit van die kapitaaloordragbelastingstelsel, aangesien 'n metode wat voorheen toegelaat is en wat belastingpligtiges aangemoedig het om hul sake op 'n bepaalde wyse te organiseer, nou skielik onderhewig gestel word aan komplekse belastings.

4.2.7 Hantering van oorgangsprobleme

Hierdie beginsel kan slegs toegepas word op oorwegings of 'n stelsel verander moet word of nie. Dit sal dus in hoofstuk sewe gebruik word om enige aanbevelings te evalueer.

4.3 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die huidige en voorgestelde stelsel ten opsigte van kapitaaloordragbelasting gemeet teen die beginsels soos in hoofstuk twee uiteengesit. Uit hierdie evaluasie blyk dit dat daar baie tekortkominge in die huidige kapitaaloordragbelastingstelsel in Suid-Afrika bestaan. Die

vernaamste oorsaak van die tekortkominge is die feit dat hiërdie belasting so maklik vermy kan word.

Hierdie tekortkominge is dan waarskynlik die rede hoekom die aanbevelings deur die kommissies gemaak is. Die aanbevelings sal wel sommige van bogenoemde tekortkominge uitskakel, indien dit geag word in volle werking te wees en streng toegepas te word.

Hoofstuk 5

KAPITAALOORDRAGBELASTING IN ANDER LANDE

5.1	INLEIDING.....	67
5.2	KAPITAALOORDRAGBELASTING IN DIE VERENIGDE KONINKRYK.....	67
5.2.1	Ontwikkeling van kapitaaloordragbelasting in die Verenigde Koninkryk	67
5.2.2	Die huidige kapitaaloordragbelastingstelsel in die Verenigde Koninkryk	69
5.2.2.1	Belasbare oordragte.....	70
5.2.2.2	Gevestigde eiendom waarin geen belang tot eie voordeel gehou word nie	72
5.2.2.3	Berekening van erfenisbelasting	74
5.2.2.4	Verligting en kortings.....	76
5.2.3	Samevatting	76
5.3	KAPITAALOORDRAGBELASTING IN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA	77
5.3.1	Boedel- en Skenkingbelasting	77
5.3.1.1	Belasting op geskenke	78
5.3.1.2	Boedelbelasting.....	79
5.3.1.3	Berekening van boedel- en skenkingsbelasting	80
5.3.1.4	Verligting en kortings.....	81
5.3.2	"Generation Skipping Transfer Tax"	83
5.3.2.1	Heffing van GSTT	83
5.3.2.2	Berekening van GSTT.....	84
5.3.2.3	Verligting en kortings.....	85
5.3.2.4	Samevatting	85

5.4	SAMEVATTING.....	86
-----	------------------	----

5.1 INLEIDING

In die vorige hoofstuk is die kapitaaloordragbelasting van Suid-Afrika gemeet teen die norme, soos vasgestel in hoofstuk twee. Vervolgens sal die kapitaaloordragbelasting-stelsel in die Verenigde Koninkryk (VK) en die Verenigde State van Amerika (VSA) ondersoek word. Die rede hoekom dié twee lande gebruik word, is omdat die stelsel wat tans in die VK gebruik word baie ooreenkomste toon met die stelsel soos deur die Katz-kommissie voorgestel. In die VSA kom daar weer 'n sogenaamde "generation skipping transfer tax" voor, wat die probleem wat ontstaan met die oorslaan van generasies (soos ook deur die kommissies uitgewys) aanspreek.

Die doel met die ondersoek is om dié stelsels in die volgende hoofstuk te beoordeel deur dieselfde norme te gebruik. Na aanleiding van die resultate van die ontleding sal daar dan in latere hoofstukke aanbevelings gemaak word.

5.2 KAPITAALOORDRAGBELASTING IN DIE VERENIGDE KONINKRYK

5.2.1 Ontwikkeling van kapitaaloordragbelasting in die Verenigde Koninkryk

Die eerste tipe kapitaaloordragbelasting wat in die VK ingestel is, was boedelbelasting. Dit is ingestel gedurende 1894 en was 'n belasting wat gehef is op bates wat ten tye van afsterwe oorgedra is (Tingley, 1976: 4). Die basiese beginsels van boedelbelasting het tot 1974 bly voortbestaan.

As gevolg van die relatiewe gemak waarmee boedelbelasting vermy kon word, het dit mettertyd as die "vrywillige belasting" bekend gestaan. Kapitaaloordragbelasting, as 'n plaasvervanger vir boedelbelasting, is gedurende die Begrotingsrede, op 26 Maart 1974, bekendgestel (Bertram & Edwards, 1983: 257).

"Kapitaaloordragbelasting" is in der waarheid 'n verkeerde benaming. Die belasting is nie noodwendig 'n belasting op kapitaal nie en dit kan gehef word selfs al is daar geen oordrag as sulks nie. Alhoewel dit 'n enkele belasting is, is daar twee afsonderlike en onafhanklike groepe bepalinge waarkragtens dit gehef is, naamlik

- a) 'n hoofgroep wat handel met eiendom waarin daar 'n belang tot eie voordeel gehou word
- b) 'n spesiale groep met betrekking tot eiendom waarin daar geen sodanige belang gehou word nie (McCutcheon, 1984: xxvii).

Onder die hoofgroep word kapitaaloordragbelasting gehef wanneer daar 'n belasbare oordrag is. 'n Belasbare oordrag sal slegs ontstaan wanneer 'n persoon 'n oordrag van waarde maak (McCutcheon, 1984: 3). Die begrip "oordrag van waarde" is dus fundamenteel tot kapitaaloordragbelasting en sluit die volgende in: enige beskikking deur 'n persoon gemaak, waarvan die resultaat is dat die waarde van sy boedel onmiddellik na die beskikking minder is as wat dit sou wees as die beskikking nie gemaak is nie (McCutcheon, 1984: 9).

Die spesiale groep bepalinge is slegs van toepassing op 'n bepaalde gebied, naamlik diskresionêre trusts, met ander woorde eiendom waarin daar geen belang in eienaarskap bestaan nie (McCutcheon, 1984: xxvii).

Die vernaamste verskille tussen boedelbelasting en kapitaaloordragbelasting was dus die feit dat vrygewige beskikkings van bates ook potensieel belasbaar was by die kapitaaloordragbelasting, anders as by die boedelbelasting, waar slegs oordragte by dood belasbaar was. Verder het die kapitaaloordragbelastingstelsel ook spesifieke bepalinge ten opsigte van diskresionêre trusts gehad, wat nie in die boedelbelastingstelsel voorgekom het nie.

In 1986 is daar egter wesenlike veranderinge aangebring aan die kapitaaloordragbelastingstelsel in die VK deur die "Finance Act 1986". Die "nuwe" belasting word erfenisbelasting genoem, word gehef deur middel van die "Inheritance Tax Act" (ITA) en is gebaseer op die vorige kapitaaloordragbelastingstelsel. Die raamwerk van die "Capital Transfer Act 1984" is gebruik, maar daar is egter 'n vrystelling bygevoeg vir skenkings meer as sewe jaar voor die skenker se dood, asook 'n ingewikkelde stel teenvermydingsbepalings (Pinson & Thomas, 1986: 409). Vervolgens sal die stelsel van erfenisbelasting wat vandag nog van toepassing is verder bespreek word.

5.2.2 Die huidige kapitaaloordragbelastingstelsel in die Verenigde Koninkryk

Voordat die stelsel van kapitaaloordragbelasting bespreek kan word, is dit belangrik om daarop te let dat kapitaalwins wel ook in die VK belasbaar is. Vanaf 6 April 1997 is die eerste £6 500 van sodanige belasbare winste vrygestel. Belastingpligtiges in die VK is dus in 'n baie swakker posisie as dié in Suid-Afrika ten opsigte van kapitaalwins.

Die kapitaaloordragbelasting in die VK word gehef in die vorm van erfenisbelasting. Hierdie belasting word gehef met verwysing na die vermindering in die waarde van die oordraer se boedel en nie met verwysing na die toename in die waarde van die ontvanger se boedel nie. (Dit is dus 'n boedel-tipe en nie 'n suksessie-tipe belasting nie.) (Pinson & Thomas, 1986: 410)

Omstandighede wat aanleiding gee tot die heffing van erfenisbelasting kan in twee oorhoofse groepe verdeel word, naamlik belasbare oordragte en gevestigde ("settled") eiendom waarin geen belang tot eie voordeel gehou word nie. Hierdie twee groepe sal vervolgens verder uitgelig word:

5.2.2.1 Belasbare oordragte

Kragtens artikel 1 van die ITA (1984) is erfenisbelasting betaalbaar op die waarde oorgedra tydens 'n belasbare oordrag. 'n Belasbare oordrag word in artikel 2(1) gedefinieer as

- enige oordrag van waarde
- wat deur 'n individu gemaak word,
- anders as 'n vrygestelde oordrag.

Daar is dus drie vereistes vir 'n belasbare oordrag (Pinson & Thomas, 1986: 409 – 410).

- a) 'n oordrag van waarde: dit word in artikel 3(1) gedefinieer as 'n beskikking wat deur 'n persoon gemaak word wat tot gevolg het dat die waarde van sy boedel onmiddellik na die beskikking minder is as wat dit sou wees indien die beskikking nie gemaak is nie. Die afname in waarde is die waarde oorgedra.
- b) gemaak deur 'n individu: dit wil sê 'n oordrag van waarde wat byvoorbeeld deur 'n maatskappy of trust gemaak word is nie 'n belasbare oordrag nie. (Sekere beskikkings van eiendom wat aan die trustees oorgemaak is, sal aanleiding gee tot die heffing van belasting asof dit belasbare oordragte is – sien 5.2.2.(b))
- c) wat nie vrygestel is van erfenisbelasting nie: die "Finance Act" van 1986 het ten opsigte van hierdie vereiste 'n nuwe konsep bekendgestel, naamlik sogenaamde "potensieel vrygestelde oordragte". Daar moet dus onderskei word tussen vrygestelde en potensieel vrygestelde oordragte:

i. Vrygestelde oordragte

Sommige oordragte is ten volle vrygestel en ander is vrygestel tot by 'n sekere limiet. Die belangrikste vrystellings word kortliks gelys (Pinson & Thomas, 1986: 418):

- Oordragte tussen gades is ten volle vrygestel; tensy die ontvanger nie gedomisilieerd is in die VK nie. In sodanige geval is die vrystelling beperk tot £55 000 (kumulatief bereken) (ITA, 1984: artikel 18).
- Daar is 'n jaarlikse vrystelling van £3 000 beskikbaar ten opsigte van *inter vivos*-skenkings. Die oorblywende gedeelte van hierdie vrystelling kan vir een jaar vorentoe gedra word (ITA, 1984: artikel 19).
- Normale oordragte uit inkomste is vrygestel indien die oordraer kan bewys dat hy, nadat die oordrag gemaak is, steeds genoegsame inkomste het om sy gewone lewenstandaard te handhaaf (ITA, 1984: artikel 21).
- Skenkings aan liefdadigheidsorganisasies (soos gedefinieer in artikel 272) (ITA, 1984: artikel 23), politieke partye (artikel 24) en vir publieke voordeel (artikel 26).

ii. Potensieel vrygestelde oordragte

Indien 'n individu 'n oordrag van waarde maak (na 17 Maart 1986) as 'n geskenk aan 'n ander individu of aan 'n akkumulاسie of onderhoudstrust (dit wil sê 'n trust ten opsigte waarvan die inkomste wat akkumuleer, aangewend word om vir die onderhoud van 'n persoon voorsiening te maak), of aan 'n trust gestig vir gestremde persone, en die oordrag sou andersins 'n belasbare oordrag verteenwoordig, is dit "potensieel vrygestel".

'n Potensieel vrygestelde oordrag word onherroeplik vrygestel indien die skenker vir 'n tydperk van sewe jaar nadat hy die skenking gemaak het steeds leef. Dit wil sê die oordrag word beskou as vrygestel totdat die skenker sterf. Indien die skenker nie binne sewe jaar sterf nie, behou die skenking die vrygestelde status, andersins word dit wel onderworpe gestel aan erfenisbelasting.

Potensieel vrygestelde oordragte wat by dood belasbaar raak, word steeds beskou as *inter vivos*-oordragte en word dus op die datum waarop

die oorspronklike oordrag gemaak is, belas. Dit impliseer dat die kumulatiewe waarde van alle belasbare oordragte in die sewe jaar tydperk voor die datum van oordrag vasgestel moet word en die erfenisbelasting op hierdie waarde bereken sal word.

Die opheffing van die vrygestelde status is egter nie in alle opsigte terugwerkend van aard nie, aangesien die koerse wat toegepas word op dié oordragte die koerse is wat toegepas word by dood, tans 40 persent en nie die koerse wat van toepassing is op *inter vivos*-oordragte, tans 20 persent, nie (Coopers & Lybrand, 1998: U_26). (Daar word egter verligting verleen aan skenkings wat tussen vier en sewe jaar voor die skenker se dood gemaak is (sien 5.2.2.4)). Dit word verder ook in ag geneem by die berekening van erfenisbelasting by dood, omdat dit deel vorm van die totale kumulatiewe oordrag waarop die belasting bereken word (Pinson & Thomas, 1986: 429).

5.2.2.2 Gevestigde eiendom waarin geen belang tot eie voordeel gehou word nie

Dit is eerstens belangrik om twee begrippe te definieer, naamlik "gevestigde eiendom" en "belang tot eie voordeel":

- Gevestigde eiendom

Die wetgewer definieer hierdie tipe beskikking as enige beskikking ten opsigte van eiendom waardeur die eiendom vir 'n tydperk:

- in 'n trust gehou word vir persone in suksessie of vir enige ander persone onderworpe aan 'n voorwaarde, of
- deur trustees gehou word om te akkumuleer en waaruit hul die diskresie het om verdelings van die inkomste uit die eiendom te maak, of

- beswaar is met die verpligtinge om 'n annuïteit of ander periodieke betaling te maak (Wallington, 1998: 5105).

- Belang tot eie voordeel

In 'n uitspraak in die "House of Lords", in die saak *Pearson v IRC*, het die hof beslis dat beide 'n trust en die mag om te akkumuleer, die bestaan van 'n belang in eiendomsreg kan vernietig, maar in beide gevalle bly die toets steeds of die begunstigde 'n reg het om inkomste of die eiendomsreg van die bates te eis (Wallington, 1998: 5131).

Die wetgewer verwys spesifiek na hierdie tipe belang, soos dit voorkom by diskresionêre trusts, omdat daar gepoog word om 'n soortgelyke heffing op te lê as wat van toepassing sou wees indien die gevestigde eiendom een keer per generasie oorgedra sou word (Pinson, 1984: 417). In terme van die bepalings vervat in artikels 58 tot 85 van die IHTA is daar drie tipes heffings wat opgelê word om bogenoemde doelwit te bereik, naamlik (Pinson, 1984: 500 – 508):

a) Die toegangsheffing

Dit is kapitaaloordragbelasting wat gehef word op die oordrag (sonder genoegsame teenprestasie) van eiendom na 'n diskresionêre trust.

b) Die tien jaar-heffing

Die vernaamste heffing op relevante eiendom na die toegangsheffing, is 'n heffing wat onmiddellik voor elke tiende bestaansjaar van die trust opgelê word op die waarde van sodanige relevante eiendom.

c) Die proporsionele heffing tussen elke tiende bestaansjaar

Aangesien die tien jaar-heffing die vernaamste heffing ten opsigte van relevante eiendom is, is dit nodig om 'n sogenaamde "rugsteun"-heffing te

hê indien die waarde van relevante eiendom doelbewus voor die tien jaar-heffing deur die trustees verminder word, deur byvoorbeeld kapitaal aan begunstigdes uit te keer. Artikel 65 maak voorsiening vir 'n heffing in sodanige gevalle, met ander woorde wanneer eiendom nie meer relevante eiendom is nie, of wanneer die trustees 'n beskikking maak wat die waarde van die relevante eiendom verlaag.

5.2.2.3 Berekening van erfenisbelasting

Die volgende progressiewe skale word gebruik om erfenisbelasting te hef (Coopers & Lybrand, 1998: U_26):

<u>Oorskry (£)</u>	<u>Nie oorskry (£)</u>	<u>Koers (%)</u>
0	215 000	0
215 000	-	40

Hierdie koerse is van toepassing op oordragte by dood. *Inter vivos*-belasbare oordragte word belas teen 50 persent van hierdie koerse, dit wil sê teen 20 persent.

Indien die oordraggewer die belasting moet betaal, word die belasting egter gehef op die "grossed-up" waarde. Dit beteken bloot dat die erfenisbelasting wat die skenker of erflater betaal ook as 'n belasbare oordrag beskou word (Pinson, 1984: 460). Die effektiewe koerse wat in sodanige geval van toepassing is, is dus 25 persent in die geval van *inter vivos*-oordragte en 66,67 persent by die oordragte tydens sterftes.

Die koerse wat van toepassing is op eiendom in 'n diskresionêre trust is soos volg:

- a) Die toegangsheffing: dit stem ooreen met bogenoemde koerse, aangesien dit volgens die normale reëls as 'n belasbare oordrag of 'n vrygestelde (of potensieel vrygestelde oordrag) geklassifiseer word (Pinson, 1984: 485).

- b) Die tien jaar-heffing: Die koers waarteen erfenisbelasting gehef word op relevante eiendom waarin geen belang tot eie voordeel gehou word nie is 30 persent van die effektiewe koers waarteen 'n denkbeeldige *inter vivos*-oordrag, gemaak net voor die tiende bestaansjaar deur 'n denkbeeldige persoon wat sekere belasbare oordragte gedurende die onmiddellik voorafgaande sewe jaar gemaak het, belas sou word. Die maksimum moontlike koers is dus 6 persent (30 persent van 20 persent). Hierdie beperkte heffing elke tien jaar is by benadering gelyk aan die heffing wat een keer elke generasie, by die dood van 'n individu (aanvaar 'n generasie kom ongeveer elke 33 jaar voor), gehef sou word. Die sewe jaar periode waarna verwys word is nodig, omdat die geagte oordrag veronderstel word deur 'n denkbeeldige persoon gemaak te word, wie se kumulatiewe totaal slegs skenkings gemaak gedurende die voorafgaande sewe jaar kan insluit. (Alle oordragte uit 'n diskresionêre trust gedurende die tien jaar-periode word egter geag in die laaste sewe jaar gemaak te wees.) (Wallington, 1998: 5431; Pinson, 1984: 501 – 502).
- c) Die heffing tussen die tien jaar-periodes: Die koers in hierdie geval is die toepaslike gedeelte van die koers wat op die laaste tiende bestaansjaar gehef is. Die toepaslike gedeelte is soveel 40stes as wat daar voltooide kwartjare sedert die mees onlangse tien jaar-heffing is (Wallington, 1998: 5412; Pinson, 1984: 508).

Die spesifieke koers van toepassing tydens 'n bepaalde belasbare oordrag word bereken met in agneming van die kumulatiewe waarde van die oordraggewer se belasbare oordragte gedurende die sewe jaar voor die oordrag. Erfenisbelasting by oordragte tydens dood word gehef teen die volle koers op die waarde van die oorledene se boedel, wat saam met alle belasbare *inter vivos*-skenkings gedurende die sewe jaar periode voor dood geakkumuleer word om die belastingkoers te bepaal (Coopers & Lybrand, 1998: U_25).

5.2.2.4 Verligting en kortings

Verligting ten opsigte van skenkings gemaak gedurende die sewe jaar voor dood word soos volg bereken:

Jare tussen skenking en dood:	0 – 3	3 – 4	4 – 5	5 – 6	6 – 7
Persentasie van volle belastingkoers	100%	80%	60%	40%	20%

Hierdie verligting is beskikbaar vir *inter vivos*-oordragte wat by dood belas word, dit wil sê potensieel vrygestelde oordragte wat as gevolg van die dood van die skenker binne sewe jaar na die skenking, wel belasbaar word (Wallington, 1998: 3508).

Daar is verder ook verligting ten opsigte van opeenvolgende belasbare oordragte. Indien 'n persoon se boedel verhoog is met 'n bepaalde bedrag en hy dan binne vyf jaar daarna sterf, sal die koers waarteen die tweede oordrag belas word, verminder word soos volg (Wallington, 1998: 3512 – 3513; Pinson, 1984: 430):

Jare tussen eerste oordrag en dood	Persentasie vermindering
1	100%
2	80%
3	60%
4	40%
5	20%

5.2.3 Samevatting

Kapitaaloordragbelasting in die VK word gehef op die kumulatiewe waarde van belasbare oordragte. Indien dit *inter vivos*-oordragte is, is die koers 20 persent en indien dit 'n oordrag by dood is, is die koers 40 persent. Die gemiddelde koers sal dus hoër wees vir 'n persoon wat meer oordragte van 'n

groter waarde gemaak het, as vir 'n persoon wat min oordragte van 'n kleiner waarde gemaak het.

Diskresionêre trusts word onderworpe gestel aan hierdie kapitaaloordragbelasting deurdat daar elke tien jaar 'n belasting gehef word op die waarde van die eiendom waarin niemand 'n belang tot eie voordeel hou nie. Die koers van hierdie heffing is 30 persent van die effektiewe koers van 'n *inter vivos*-oordrag in soortgelyke omstandighede.

5.3 KAPITAALOORDRAGBELASTING IN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA

Voordat kapitaaloordragbelasting bespreek word, sal daar slegs kortliks verwys word na die posisie ten opsigte van kapitaalwinstbelasting in die VSA, aangesien dié twee tipes belastings die oorhoofse groep, kapitaalbelasting, uitmaak.

Korttermyn en langtermyn kapitaalwinste word in die VSA belas. Die maksimum koers is 20 persent op netto kapitaalwinste (dit wil sê kapitaalwinste min kapitaalverliese). Vanaf 6 Mei 1997 kan 'n individu egter tot \$250 000 van die wins van sy hoof residensiële woonplek uitsluit van dié belasting. (Die woonplek moes 'n hoof residensiële woonplek vir ten minste twee uit die voorafgaande vyf jare gewees het) (Coopers & Lybrand, 1998: U_36 – U_40).

Kapitaaloordragbelasting in die VSA bestaan hoofsaaklik uit twee klasse belastings, naamlik boedel- en skenkingsbelasting as een klas en die sogenaamde "generation skipping transfer tax" (GSTT) as die ander klas.

5.3.1 Boedel- en skenkingsbelasting

Indien 'n persoon geld of eiendom gedurende sy leeftyd aan 'n ander persoon gee, mag hy aanspreeklik wees vir belasting op geskenke; terwyl sy boedel weer aanspreeklik mag wees vir boedelbelasting wanneer hy sterf, in die geval

waar hy die geld en eiendom as sy eiendom hou. Die twee tipes belastings sal vervolgens bespreek word:

5.3.1.1 Belasting op geskenke

Ingevolge artikel 2501(1) van die VSA-kode word skenkingsbelasting ten opsigte van elke kalenderjaar gehef op die oordrag van eiendom deur middel van 'n skenking, gedurende sodanige jaar. 'n Skenking kom voor wanneer 'n persoon eiendom (insluitend geld), of die gebruik van of inkomste uit eiendom oordra aan 'n ander persoon, sonder om iets van ten minste dieselfde waarde in ruil daarvoor te verwag. Indien iets verkoop word teen minder as sy volle waarde of as 'n rentevrye of lae rentekoerslening toegestaan word, kan dit ook beskou word as 'n skenking.

Die algemene reël is dat enige skenking 'n belasbare oordrag is. Daar is egter uitsonderings op hierdie reël, waarvan die vernaamste die volgende is:

- a) In die geval van 'n skenking aan enige persoon deur die belastingpligtige gedurende 'n bepaalde kalenderjaar, sal die eerste \$10 000 van die oordrag aan sodanige persoon vrygestel wees van skenkingsbelasting. 'n Persoon kan dus tot \$10 000 aan enige aantal persone elke jaar gee, sonder om aanspreeklik te wees vir belasting op geskenke.
- b) Skenkings aan liefdadigheidsorganisasies, onderworpe aan spesifieke vereistes, kan as 'n aftrekking verkry word (artikel 2522).
- c) Skenkings aan politieke organisasies kan as 'n aftrekking geëis word.
- d) Skenkings aan 'n persoon se gade is kragtens artikel 2523 as 'n aftrekking beskikbaar.
- e) Indien 'n persoon mediese of opvoedkundige kostes namens 'n ander persoon betaal, sal dit ook afgetrek kan word.

Belasbare oordragte is dus alle skenkings wat 'n persoon gedurende 'n betrokke jaar gemaak het, uitgesonderd die uitsluitings (die \$10 000-vrystelling ten opsigte van skenkings aan enige persoon), verminder met die toelaatbare aftrekkings (waarvan die vernaamste bo gelys is).

5.3.1.2 Boedelbelasting

Boedelbelasting is kragtens artikel 2001 van die VSA-kode betaalbaar op 'n persoon se belasbare boedel wanneer hy te sterwe kom. 'n Persoon se belasbare boedel is sy bruto boedel minus toelaatbare aftrekkings:

a) Bruto boedel

Die bruto boedel van 'n oorledene sluit in alle eiendom waarin hy 'n belang gehad het op die datum waarop hy te sterwe gekom het. Ingevolge artikels 2031 tot 2046 is daar sekere eiendom en belange wat spesifiek ingesluit moet word. Die vernaamste hiervan sal kortliks gelys word:

- die waarde van eiendom wat deur die oorledene voor sy dood verkoop of oorgedra is vir minder as die volle waarde daarvan, indien hy enige belang daarin behou het (artikel 2043)
- die waarde van eiendom wat gesamentlik met 'n ander persoon gehou word (artikel 2040)
- die opbrengs van lewensversekeringspolisse kan deel vorm van die bruto waarde van die boedel, indien die oorledene ook die eienaar van die polis was of indien die boedel die begunstigde van die polis is (artikel 2042)
- die waarde van sekere annuïteite wat aan die boedel of begunstigdes betaalbaar is, naamlik dié ten opsigte waarvan die oorledene 'n reg besit het om dit lewenslank of vir 'n bepaalde tydperk (wat nie voor sy dood geëindig het nie) te ontvang (artikel 2039).
- die waarde van sekere eiendom wat deur die oorledene in die drie jaar voor sy dood oorgedra is (sonder genoegsame teenprestasie) (artikel 2035).

- die bedrag wat deur die belastingpligtige as skenkingsbelasting in die drie jaar voor sy dood betaal is (artikel 2035)

b) Toelaatbare aftrekkings

Die volgende is die vernaamste aftrekkings wat ingevolge artikels 2053 tot 2056 teen die bruto waarde van die boedel verreken kan word om die netto waarde vas te stel:

- begrafniskoste betaalbaar deur die boedel (artikel 2053(1))
- koste ten opsigte van die administrasie van die boedel (artikel 2053(2))
- skulde deur die oorledene verskuldig (artikel 2053(3) en (4))
- oordragte aan staats-, liefdadigheids- of godsdienstige inrigtings (artikel 2055)
- oordragte aan die oorlewende gade (artikel 2056)

Die netto waarde van die boedel is dan die belasbare waarde waarop boedelbelasting gehef sal word.

5.3.1.3 Berekening van boedel- en skenkingsbelasting

Boedelbelasting word kragtens atikel 2001(b) bereken deur die glyskaal, soos uiteengesit in artikel 2001(c), toe te pas op die waarde van die belasbare boedel. 'n Skedule wat hierdie koerse aandui, word uiteengesit in Bylae 5.

Skenkingsbelasting word bereken deur dieselfde koerse te gebruik (artikel 2502).

5.3.1.4 Verligting en kortings

'n Korting is 'n bedrag wat die belastingaanspreeklikheid verminder. Daar is verskeie kortings beskikbaar ten opsigte van boedel- en skenkingsbelasting. Dit sal vervolgens kortliks bespreek word:

a) Gesamentlike korting

Elke persoon beskik oor 'n enkele korting van \$192 800 wat hy oor sy leeftyd kan gebruik om enige skenkingsbelasting waarvoor hy aanspreeklik is te verminder. Indien 'n persoon nie die volle \$192 800 gedurende sy leeftyd gebruik nie, kan die oorblywende gedeelte gebruik word om die boedelbelastingaanspreeklikheid, wat moontlik kan ontstaan wanneer hy te sterwe kom, te verminder. Dit wil sê 'n persoon kan belasbare skenkings maak en/of oor 'n boedel beskik wat in totaal nie meer as \$600 000 in waarde is nie, sonder om enige kapitaaloordragbelastingaanspreeklikheid op te loop (artikels 2010 en 2505).

b) Korting vir boedelbelasting in die state

Die boedelbelastingaanspreeklikheid kan verminder word met enige boedel-, erfenis- of suksessiebelasting wat werklik betaal is aan enige staat of die distrik van Columbia, ten opsigte van enige eiendom wat ingesluit is in die bruto waarde van die boedel. Hierdie korting word egter beperk. Die beperking word bereken deur middel van 'n skedule wat op 'n glykskaal-basis werk, waarvan die eerste en die laaste groep soos volg is (artikel 2011):

Waarde van boedel MIN \$60 000

\$0 - \$90 000

\$10 040 000 +

Maksimum korting

0.8% van die bedrag waarmee die belasbare boedel \$40 000 oorskry

\$1 082 800 + 16% van elke \$1 wat \$10 040 000 oorskry

c) Korting ten opsigte van skenkingsbelasting betaal

Indien 'n belasbare skenking, ten opsigte waarvan daar skenkingsbelasting betaal is, ingesluit word by die bruto waarde van die boedel (sien 5.1.1.1 (a)), is die bedrag skenkingsbelasting wat betaal is, as korting beskikbaar.

Hierdie korting word egter beperk tot 'n bedrag wat in dieselfde verhouding tot die boedelbelasting staan as wat die waarde van die eiendom, wat as geskenk oorgedra is, tot die bruto waarde van die boedel staan (artikel 2012).

d) Korting vir belasting op vorige oordragte

Daar is 'n korting beskikbaar vir belasbare oordragte as gevolg van opeenvolgende sterftes. Die boedelbelasting sal verminder word met die hele of 'n gedeelte van die boedelbelasting wat as gevolg van die eerste oordrag betaal is, indien die eerste sterfte tien jaar of minder voor die tweede sterfte voorkom:

Indien die tweede sterfte binne twee jaar na die eerste voorkom sal die korting gelyk wees aan 'n bedrag wat in dieselfde verhouding tot die boedelbelasting betaal staan as wat die eiendom wat oorgedra is tot die belasbare boedel, verminder met die bedrag boedelbelasting betaal, staan.

Indien die aantal jare tussen-in meer as twee is word hierdie korting verminder. Die vermindering kan soos volg skematies voorgestel word:

Aantal jare	Persentasie van korting soos bo bereken
3 - 4	80 %
5 - 6	60 %
7 - 8	40 %
9 - 10	20 %

5.3.2 "Generation Skipping Transfer Tax" (GSTT)

Individue het egter begin om boedel- en skenkingsbelasting te vermy deur eiendom in 'n trust te plaas. Die idee was dus om die bate in die trust te hou vir solank as moontlik, sonder om die eiendomsreg aan 'n begunstigde toe te ken. Elke opeenvolgende generasie het slegs die inkomste uit die trust, wat deur die bates gegenerer word, ontvang. Intussentyd het die waarde van die bates steeds bly toeneem sonder om onderworpe te wees aan boedelbelasting. Die trustees het wel die diskresie gehad om die bates te versprei aan begunstigdes, sou die inkomste onvoldoende wees.

Die Interne Inkomstediens het egter voorgestel dat oordragbelasting op rykdom gehef moet word soos wat elke generasie daaruit voordeel trek. Hierdie voorstel is wel in 1976 aanvaar toe die GSTT in wetgewing vervat is (Hochberg, 1997: 76).

5.3.2.1 Heffing van GSTT

GSTT word kragtens artikel 2601 van die VSA-kode gehef op:

- (a) direkte oordragte aan begunstigdes wat meer as een generasie na die oordraggewer is en
- (b) op oordragte waar trusts, waarvan die begunstigdes meer as een generasie na die oordraggewer is, gebruik word. (Die term "trust" sluit in enige ooreenkoms wat in wese dieselfde effek as 'n trust het.)

GSTT word gehef op die volgende tipes oordragte (Income Tax Reporter, 1998: 65).

a) 'n Direkte oorslaan ("direct skip") (artikel 2612(c))

Dit kom voor wanneer eiendom wat onderworpe is aan óf boedel-, óf skenkingsbelasting, oorgedra word aan 'n "oorslaan" persoon ("skip person"). 'n "Oorslaan" persoon word gedefinieer as (artikel 2613; Roeleveld, 1995: 16):

- i. 'n natuurlike persoon wat behoort aan 'n generasie wat twee of meer generasies na dié van die die oordraggewer is, of
- ii. 'n trust waarvan die volle belang deur persone soos in (a) beskryf, gehou word, of as geen persoon 'n belang in die trust hou nie, daar op geen tydstip 'n verspreiding aan 'n persoon wat nie 'n persoon soos in (a) bedoel, gemaak mag word nie.

b) 'n Belasbare beëindiging ("taxable termination") (artikel 2612(c))

Dit kom voor wanneer die belang in eiendom, gehou deur 'n trust, beëindig word; tensy 'n nie-oorslaan ("non-skip") persoon onmiddellik na die beëindiging 'n belang in die eiendom het of as daar na die beëindiging geen verdeling vanaf die trust na 'n oorslaan-persoon gemaak mag word nie.

c) 'n Belasbare verdeling ("taxable distribution") (artikel 2612(b))

Dit is 'n verdeling vanaf 'n trust aan 'n oorslaan persoon. Die ontvanger is verantwoordelik vir die betaling van die GSTT. Indien die trust dit namens hom betaal, word dit as 'n verdere belasbare verdeling beskou.

5.3.2.2 Berekening van GSTT

Kragtens artikel 2602 word GSTT bereken as: die belasbare bedrag vermeningvuldig met die toepaslike koers.

a) Belasbare bedrag

Die belasbare bedrag ten opsigte van elke tipe oordrag word soos volg bepaal:

- i. Direkte oorslaan (artikel 2623): die waarde van eiendom ontvang deur die oordragnemer
- ii. Belasbare beëindiging (artikel 2622): die waarde van eiendom ten opsigte waarvan die beëindiging voorgekom het.
- iii. Belasbare verdeling (artikel 2621): die belasbare bedrag in die geval van enige belasbare verdeling sal gelyk wees aan die waarde van die eiendom ontvang deur die oordragnemer, verminder met enige onkoste wat die ontvanger moes aangaan in verband met die bepaling of invordering van die GSTT ten opsigte van sodanige verdeling.

b) Toepalike koers (artikel 2641)

Dit is die maksimum boedel- en skenkingsbelastingkoers, wat tans 55 persent is (Blasé, 1997: 480).

5.3.2.3 Verligting en kortings

Elke individu beskik kragtens artikel 2631 oor 'n vrystelling van \$1 000 000 wat hy aan enige oordrag, waarvan hy die oordraggewer is, kan toeken (Gilbert, 1997: 14).

Kragtens subartikel (b) sal 'n toedeling van hierdie vrystelling egter onherroeplik wees.

5.3.2.4 Samevatting

In die VSA bestaan die kapitaaloordragbelastingstelsel dus uit boedel- en skenkingsbelasting wat op 'n glykskaal-basis gehef word op belasbare oordragte

gedurende 'n persoon se leeftyd, of wanneer hy te sterwe kom. Daar is egter 'n hele aantal kortings en verligtings beskikbaar ten opsigte van hierdie aanspreeklikheid, waarvan die gesamentlike \$192 800 korting, wat aan elke individu beskikbaar is om teen hierdie belastings te verreken, asook die \$10 000 jaarlikse korting, ten opsigte van skenkings aan enige persoon, die vernaamste is.

Daar is egter ook 'n addisionele belasting wat bo en behalwe boedel- en skenkingsbelasting gehef word, naamlik die sogenaamde "generasie oorslaan oordrag belasting" (GSTT). Hierdie belasting word teen die maksimum koers van boedel- en skenkingsbelasting gehef (55 persent) op sekere oordragte aan persone wat meer as een generasie jonger as die oordraggewer is. Daar is egter weereens 'n vrystelling ten opsigte van hierdie belasting beskikbaar, naamlik \$1 000 000 per individu.

5.4 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die kapitaaloordragbelastingstelsel van die VK en die VSA ondersoek, ten einde dit ook teen die norme (soos uiteengesit in hoofstuk twee) te kan meet. Dié evaluering sal in hoofstuk ses gedoen word.

Daar is gevind dat die voorgestelde stelsel in Suid-Afrika in 'n groot mate beskou kan word as 'n vereenvoudigde weergawe van die VK se belastingstelsel, behalwe dat daar verder ook ingewikkelde teenvermydingsbepalings in die VK se stelsel voorkom. Die VSA het weer die probleem van generasie-spronge aangespreek deur middel van die instel van 'n "generasie oorslaan oordragbelasting", wat gehef word wanneer daar 'n belasbare oordrag na 'n persoon is wat twee of meer generasies jonger as die oordraggewer is.

VSA relatief hoog is, is die opbrengs wat daaruit verkry word sodanig dat dit steeds doeltreffend is.

6.4.6 Buigsaamheid en stabiliteit

Daar bestaan wel 'n mate van buigsaamheid in die kapitaaloordragbelasting van die VSA deurdat daar voortdurend aanpassings aan die waardes van die gesamentlike korting (wat tans \$192 800 is), asook die vrystelling ten opsigte van die "generasie oorslaan oordragbelasting" (van \$1 000 000) gemaak word. Die koerse en grense van die onderskeie groepe in die glyskaal kan ook gewysig word indien daar byvoorbeeld 'n nuwe regering aan bewind kom of as inflasie dit vereis.

Die stelsel is egter baie stabiel, aangesien dit al vir etlike jare in plek is en behalwe vir die instel van die "generasie oorslaan oordragbelasting" in 1976, geen wesenlike struktuurveranderinge ondergaan het nie.

6.4.7 Samevatting

Alhoewel die kapitaaloordragbelastingstelsel in die VSA 'n ingewikkelde stelsel is, wat baie administrasie verg, is dit 'n neutrale en billike stelsel wat 'n minimale invloed op die ekonomiese doeltreffendheid van die grootste deel van die bevolking het.

6.5 SAMEVATTING

Uit die evaluasie wat in hierdie hoofstuk gedoen is, blyk dit dat die kapitaaloordragbelasting wat in beide die VK en VSA gehef word ingewikkelde belastings is en dus groot administrasie- en nakomingskoste kan meebring. Die administratiewe stelsels wat in die VK en VSA voorkom, ten opsigte van elke individu se besonderhede, word egter so volledig in stand gehou, dat die addisionele koste-effek wat hierdie belasting het, relatief klein is.

Afgesien van die ingewikkeldheid daarvan, voldoen die stelsels wel in 'n groot mate aan die ander beginsels (soos in hoofstuk twee uiteengesit).

HOOFSTUK 7**'N VERGELYKING TUSSEN DIE
KAPITAALOORDRAGBELASTINGSTELSELS VAN SUID-AFRIKA
MET DIE VAN GESELEKTEERDE LANDE**

7.1	INLEIDING.....	101
7.2	'N VERGELYKING VAN DIE KAPITAALOORDRAGBELASTING- STELSELS VAN SUID-AFRIKA, DIE VK EN DIE VSA EN DIE TOEPASSING DAARVAN OP DIE POSISIE IN SUID-AFRIKA	101
7.2.1	Neutraliteit	101
7.2.1.1	'n Vergelyking tussen die lande.....	101
7.2.1.2	Toepassing op Suid-Afrika	102
7.2.2	Billikheid	104
7.2.2.1	'n Vergelyking tussen die lande.....	104
7.2.2.2	Toepassing op Suid-Afrika	105
7.2.3	Aansporing en ekonomiese doeltreffendheid	106
7.2.3.1	'n Vergelyking tussen die lande.....	106
7.2.3.2	Toepassing op Suid-Afrika	107
7.2.4	Sekerheid en eenvoud.....	107
7.2.4.1	'n Vergelyking tussen die lande.....	107
7.2.4.2	Toepassing op Suid-Afrika	108
7.2.5	Koste en doeltreffendheid.....	108
7.2.5.1	'n Vergelyking tussen die lande.....	108
7.2.5.2	Toepassing op Suid-Afrika	108
7.2.6	Buigzaamheid en stabiliteit.....	109
7.2.6.1	'n Vergelyking tussen die lande.....	109
7.2.6.2	Toepassing op Suid-Afrika	109
7.3	ANDER FAKTORE	110
7.3.1	Die verhouding direkte tot indirekte belasting.....	110

7.3.2	Die administratiewe vermoë van die kommissaris.....	110
7.3.3	Aansporing tot besparing en belegging	111
7.4	SAMEVATTING.....	111

7.1 INLEIDING

In hoofstukke vier en ses is die kapitaaloordragbelastingstelsels van Suid-Afrika, die VK en VSA gemeet aan sekere maatstawwe (soos in hoofstuk twee bepaal). In hierdie hoofstuk gaan die verskille wat uit bogenoemde ontleding blyk, uiteengesit word. Die verskille sal ondersoek word ten einde vas te stel of daar moontlike verbeteringe voorgestel kan word ten opsigte van die kapitaaloordragbelastingstelsel in Suid-Afrika.

Die verskille sal bespreek word volgens die norme. Daarna sal sekere ander faktore oorweeg word wat saam met bogenoemde ontleding sal dien as die basis vir die aanbevelings wat in hoofstuk ag gemaak sal word.

7.2 'N VERGELYKING VAN DIE KAPITAALOORDRAGBELASTINGSTELSEL VAN SUID-AFRIKA, DIE VK EN DIE VSA EN DIE TOEPASSING DAARVAN OP DIE POSISIE IN SUID-AFRIKA

7.2.1 Neutraliteit

7.2.1.1 'n Vergelyking tussen die lande

Die huidige kapitaaloordragbelastingstelsel in Suid-Afrika is nie neutraal nie, aangesien individue se belastingaanspreeklikheid onder een opsie (die gebruik van diskresionêre trusts) minder is as wanneer 'n ander opsie geselekteer word. Dit is dan ook veral hierdie probleem wat deur die onderskeie kommissies in hul verslae aangespreek is, en wat aanleiding gegee het tot die aanbevelings rakende trusts.

In die VK is hierdie probleem (die oorslaan van generasies) aangespreek deur die heffing van kapitaaloordragbelasting op sogenaamde gevestigde eiendom ("settled property") waarin daar geen belang tot eie voordeel gehou word nie. Dit is 'n tienjaarlikse heffing op die waarde van sodanige bates, asook 'n proporsionele heffing op die verdeling van sodanige bates uit die trust, tussen die tien jaar periodes.

In die VSA is die probleem weer opgelos deur die instel van 'n addisionele belasting, naamlik 'n generasie oorslaan oordragbelasting ("generation skipping transfer tax"). Hierdie belasting word gehef op die oordrag van bates na 'n sogenaamde oorslaan-persoon ("skip person"). Dit skakel dus die vermyding, van kapitaaloordragbelasting deur die oordrag van bates na individue wat twee of meer generasies na die oordraggewer is, asook na trusts waarvan sodanige individue begunstigdes is, uit.

7.2.1.2 Toepassing op Suid-Afrika

Die kapitaaloordragbelastingstelsel in Suid-Afrika skiet ver tekort wat betref die beginsel van neutraliteit, veral as die situasie in die ander lande in ag geneem word. Aangesien die beginsel baie hoog aangeslaan word (Margo, 1987: 54) en selfs as noodsaaklik vir goeie belastingwetgewing beskou word, sal dit beslis aangespreek moet word in Suid-Afrika.

Moontlike wyses waarop hierdie tekortkoming aangespreek kan word, sluit die volgende in:

- a) Die implementering van die aanbevelings ten opsigte van diskresionêre trusts soos deur die Katz-kommissie voorgestel (sien 1.2.3(e)) sal die probleem aanspreek. Die voorgestelde stelsel stem in sekere opsigte baie ooreen met die stelsel wat tans in die VK in werking is.
- b) Die hantering van rentevrye of lae rentekoers lenings as belasbare oordragte, dit wil sê oordragte ten opsigte waarvan skenkingsbelasting betaalbaar is. Alhoewel dit nie die probleem ten volle sal oplos nie, sal dit wel meebring dat individue nie, soos tans die geval is, hul groeibates bloot kan oordra na 'n diskresionêre trust sonder enige belastingimplikasies nie.

Die oordraggewer sal dan 'n keuse tussen die volgende alternatiewe moet uitoefen:

- i. Hy kan die bate aan die trust oordra teen geen of onvoldoende vergoeding. Skenkingsbelasting teen die koers van toepassing op die datum van oordrag, sal dan betaalbaar wees.
- ii. Hy kan die bate aan die trust “verkoop” teen markwaarde en die koopsom as 'n rentevrye of lae rentekoers lening in sy boedel hou. In sodanige geval sal die verskil tussen die leningsbedrag verdiskonteer teen 'n markverwante rentekoers en die leningsbedrag verdiskonteer teen die rentekoers wat werklik gehef word, as 'n belasbare oordrag beskou word, dit wil sê skenkingsbelasting sal betaalbaar wees daarop.
- iii. Hy kan die bate aan die trust “verkoop” teen markwaarde en die koopsom as 'n lening waarop rente teen 'n markverwante rentekoers betaalbaar is in sy boedel hou. Die individu sal nou hierdie rente-inkomste by sy jaarlikse inkomstebelastingopgawe moet insluit en inkomstebelasting, teen die koers wat op hom van toepassing is, betaal.
- iv. Hy kan die bate in sy boedel hou. Die bate sal dan deel vorm van sy boedel waarop daar boedelbelasting betaalbaar is wanneer hy te sterwe kom.

Onder die huidige stelsel is opsies (i), (iii) en (iv) wel beskikbaar vir individue. Tans hou opsie (ii) egter geen belastingimplikasies vir 'n individu in nie en dit is dus die voordeligste wyse waarop individue hul groeibates uit hul boedel verwyder.

- c) Die toevoeging van 'n teenvermydingsartikel, soortgelyk aan artikel 103 van die Inkomstebelastingwet, tot die Boedelbelastingwet. Hierdeur moet enige transaksie, handeling of skema (en nie net die gebruik van diskresionêre trusts nie) wat uitsluitlik of hoofsaaklik aangegaan word om boedelbelasting te vermy steeds aan boedelbelasting onderwerp word.

7.2.2 Billikheid

7.2.2.1 'n Vergelyking tussen die lande

In al drie lande ten opsigte waarvan die ondersoek uitgevoer is, word daar 'n omvattende benadering ten opsigte van die kapitaaloordragbelastingstelsels gevolg, deurdat alle vrygewige oordragte van bates en eiendom, aanvanklik ingesluit word by die bruto waarde van die kapitaaloordragte. (Alhoewel dié insluiting baie verwater kan word deur vrystellings en kortings, bly die algemene doelwit steeds 'n omvattende benadering.) Hierdie benadering bevorder dus billikheid van die kapitaaloordragbelastingstelsel in al die lande.

Die beginsel van billikheid kan egter verdeel word in horisontale en vertikale billikheid:

a) Horisontale billikheid

Alhoewel boedel- en skenkingsbelasting in Suid-Afrika teen dieselfde koerse gehef word (dit wil sê die vermyding van boedelbelasting deur middel van skenkings voor dood word uitgeskakel), kan boedelbelasting steeds maklik vermy word. Individue met dieselfde belasbare kapasiteit word dus nie eenders behandel nie.

In die VK is daar spesifieke bepalings ten opsigte van eiendom waarin daar geen regte tot eie voordeel gehou word nie, asook teenvermydingsbepalings wat die vermyding, vermindering of uitstel van erfenisbelasting verhoed.

In die VSA word boedel- en skenkingsbelasting ook teen dieselfde koerse gehef en daar word voorsiening gemaak vir die vernaamste wyse waarop boedelbelasting vermy word, naamlik die oorslaan van generasies, deurdat 'n addisionele generasie oorslaan oordragbelasting gehef word op sodanige oordragte.

In die VK en VSA word individue met dieselfde belasbare kapasiteit dus wel eenders behandel.

b) Vertikale billikheid

In Suid-Afrika en die VK word belasbare oordragte vrygestel tot 'n sekere bedrag (£215 000 in die VK en R1 000 000 in Suid-Afrika) waarna kapitaaloordragbelasting teen 'n enkelkoers (van 40 persent in die VK en 25 persent in Suid-Afrika) gehef word. Individue met verskillende belasbare kapasiteite groter as die belastingdrempel, word dus nie verskillend behandel nie.

In die VSA word boedel- en skenkingsbelasting gehef by wyse van progressiewe koerse volgens 'n glyskaal. Dit bevorder vertikale billikheid.

7.2.2.2 Toepassing op Suid-Afrika

Die omvattende benadering, soos tans in gebruik is, moet behou word, aangesien billikheid daardeur bevorder word.

a) Horisontale billikheid

Die vernaamste rede hoekom boedelbelasting in Suid-Afrika nie voldoen aan die beginsel van horisontale billikheid nie, is omdat dit so maklik vermy kan word.

Die heffing van boedel- en skenkingsbelasting moet, soos tans die geval is, teen dieselfde koers geskied. Daar moet egter óf teenvermydings-bepalings in die Boedelbelastingwet ingevoer word, óf daar moet spesifieke bepalinge ten opsigte van oordragte waardeur generasies oorgeslaan word (soos byvoorbeeld deur die Katz-kommissie aanbeveel) ingestel word.

b) Vertikale billikheid

Deur hierdie beginsel word die herverdeling van rykdom bewerkstellig, deurdat persone met 'n groter belasbare kapasiteit swaarder belas behoort te word as dié met 'n kleiner belasbare kapasiteit.

In Suid-Afrika het die invloed van inflasie die korting van R1 000 000, sedert 1988, sodanig verminder dat die effek wat dit gehad het (om tot 'n mate te onderskei tussen individue met verskillende belasbare kapasiteite) grootliks uitgeskakel is.

Hierdie probleem sou dus opgelos kon word deur 'n stelsel van progressiewe koerse ten opsigte van kapitaaloordragbelasting in Suid-Afrika in te stel, asook deur die korting van R1 000 000 jaarliks aan te pas vir inflasie.

7.2.3 Aansporing en ekonomiese doeltreffendheid

7.2.3.1 'n Vergelyking tussen die lande

Lae koerse oor 'n groot belastingbasis sal minder vervangings-afwykings veroorsaak as wanneer die inkomste ingevorder word deur te konsentreer op hoë koerse ten opsigte van 'n relatief klein hoeveelheid aktiwiteite (Meade, 1978: 9).

In al die lande is die basis van kapitaaloordragbelasting nie baie groot nie, hoofsaaklik as gevolg van vrystellings en kortings. Dit kan dus beskou word as 'n eienskap van die tipe belasting.

Die vergelyking sal dus hoofsaaklik konsentreer op die verskille in die belastingkoerse.

Die koers in Suid-Afrika ('n enkelkoers van 25 persent) is relatief laag in vergelyking met dié van ander lande. Die koers in die VK is weer relatief hoog (40 persent) veral as in gedagte gehou word dat dit 'n enkelkoers is. In die VSA

wissel die koerse tussen 18 en 55 persent. Die marginale koers is dus baie hoog, maar geld eers vir kumulatiewe belasbare oordragte van meer as \$3 000 000.

7.2.3.2 Toepassing op Suid-Afrika

Indien daar slegs op die koerse gefokus word, is Suid-Afrika se koers ten opsigte van boedel- en skenkingsbelasting heelwat laer as dié van ander lande.

In Suid-Afrika is die korting van R1 000 000 egter sodanig dat, in vergelyking met die ander lande, 'n groter groep individue, veral ten opsigte van die middel-inkomstegroep individue, onderwerp word aan boedelbelasting; terwyl dit in die ander lande met hoër kortings nie die geval is nie. (Alhoewel die kortings in ander lande kumulatief bereken word, is daar stees 'n jaarlikse korting ook beskikbaar.) Die laer koers ten opsigte van die kapitaaloordragbelasting in Suid-Afrika is dus wel regverdigbaar.

7.2.4 Sekerheid en eenvoud

7.2.4.1 'n Vergelyking tussen die lande

Die kapitaaloordragbelasting in die VK en VSA word gehef deur middel van 'n enkele wet, wat eenvoud bevorder. Dit is egter steeds in beide lande 'n ingewikkelde belasting, veral omdat dit afhanklik is van die voortdurende waardasie van bates, die hou van volledige rekords en goeie administrasie.

In Suid-Afrika is boedelbelasting ook 'n ingewikkelde belasting omdat die vasstelling van die aanspreeklikheid waardasies en ingewikkelde berekeninge verg, maar in vergelyking met die stelsels in ander lande, is dit relatief eenvoudig.

In al die lande kan die huidige stelsels as seker beskou word, omdat dit vir 'n aantal jare in gebruik is en duidelik in wetgewing uiteengesit is.

7.2.4.2 Toepassing op Suid-Afrika

Alhoewel Suid-Afrika se stelsel relatief eenvoudig is in vergelyking met dié van ander lande, beskik die kommissaris nie oor die nodige hulpbronne en administratiewe stelsels om 'n meer ingewikkelde stelsel te akkommodeer nie.

7.2.5 Koste en doeltreffendheid

7.2.5.1 'n Vergelyking tussen die lande

Die nakomingkoste ten opsigte van die kapitaaloordragbelasting in al die lande is hoog, aangesien (soos bo bespreek) dit 'n ingewikkelde belasting is en individue dus kundiges nodig het om hul by te staan in die berekening van hul aanspreeklikheid.

Die belasting is egter steeds doeltreffend in die VK en VSA, omdat die opbrengs wat daaruit vloei (as gevolg van relatief hoë koerse en 'n groot aantal vermoënde individue) in lyn is met die invorderingskoste wat spesifiek daarmee verband hou.

In Suid-Afrika is die opbrengs wat uit boedel- en skenkingsbelasting voortvloei 'n baie klein persentasie van die totale belastingopbrengs (sien Bylae 1 en 2). Die redes wat hiervoor aangevoer kan word is die gemak waarmee die belasting vermy kan word, asook swak administrasie.

7.2.5.2 Toepassing op Suid-Afrika

Die administratiewe stelsels wat inligting ten opsigte van elke individu in die VK en VSA hou, is baie volledig en omvattend. Die addisionele koste wat kapitaaloordragbelasting dus verg ten opsigte van die instelling en instandhouding van 'n belastingadministrasie is nie baie nie.

In Suid-Afrika word kapitaaloordragbelasting nie deur sodanige goeie administratiewe stelsels ondersteun nie en die invorderingskoste daarvan is dus

baie hoog. Die doeltreffendheid van die belasting kan dus slegs verhoog word deur die opbrengs daaruit te verhoog sonder om gepaardgaande invorderingskoste te verhoog. Dit kan op een van die volgende wyses gedoen word:

- a) Verhoog die koers waarteen kapitaaloordragbelasting gehef word.
- b) Stel teenvermydingsbepalings in om die vermyding, vermindering of uitstel van boedelbelasting te voorkom.

7.2.6 Buigsaamheid en stabiliteit

7.2.6.1 'n Vergelyking tussen die lande

Die kapitaaloordragbelastingstelsel in al drie lande voldoen aan die vereiste van buigsaamheid, aangesien veranderinge en verbeteringe, soos wat dit nodig geword het, wel aangebring is.

Die stelsels is egter ook stabiel, aangesien dit in al die lande vir 'n geruime tyd funksioneer.

7.2.6.2 Toepassing op Suid-Afrika

Alhoewel die voorgestelde stelsel of ander wysigings 'n bedreiging vir die stabiliteit van die stelsel in Suid-Afrika inhou, sou dit beslis nie sin maak om 'n stelsel wat tekortkominge het in stand te hou bloot omdat dit die stabiliteit van die stelsel bevorder nie (selfs al sou dit beteken dat sekere skemas wat voorheen toegelaat is nou verbied word). In sodanige geval is dit wel belangrik om deur middel van oorgangsmatreëls vir individue wat hul sake op 'n bepaalde wyse gereël het as gevolg van die bestaande stelsel, 'n kans te gee om hul sake te wysig sonder dat hulle daardeur benadeel word.

7.3 ANDER FAKTORE

Die basis van die studie tot dusver was die suiwer teoretiese aspekte van kapitaaloordragbelasting. Voordat daar egter enige aanbevelings rakende die kapitaaloordragbelastingstelsel in Suid-Afrika gemaak kan word, moet sekere ander faktore eers in ag geneem word:

7.3.1 Die verhouding direkte tot indirekte belasting

Soos in 2.2 bespreek, is die verhouding indirekte tot totale belasting groter in ontwikkelende lande as in ontwikkelde lande. Hierdie verhouding behoort in ontwikkelende lande, volgens die Chelliah-kommissie (1986: 69), te wissel tussen 60 en 80 persent.

In Bylae 3 en 4 word aangetoon dat die persentasie indirekte tot totale belasting vanaf 1985 tot 1997, asook die begrote syfers tot 2001, tussen 39 en 46 persent wissel. Aangesien Suid-Afrika as 'n ontwikkelende land beskou kan word, is dit duidelik dat hierdie persentasie beslis te laag is.

Aangesien kapitaaloordragbelasting deel is van die groep direkte belastings, sal 'n wysiging wat die inkomste uit hierdie belasting verhoog, bogenoemde verhouding verder verlaag. 'n Verandering aan die kapitaaloordragbelastingstelsel, sonder 'n gepaardgaande verlaging in byvoorbeeld die inkomstebelastingkoers of 'n verhoging in die indirekte belasting (deur middel van 'n uitbreiding van die basis of 'n verhoging in die koers), sal teenproduktief en onbillik wees in die huidige omstandighede in Suid-Afrika.

7.3.2 Die administratiewe vermoë van die kommissaris

Aangesien die administratiewe reëlins in elke land verskil ten opsigte van die belastingstruktuur en metodes van administrasie, sal die metode wat in een land toepaslik is nie noodwendig ook in 'n ander land gebruik kan word nie. Dit is dus baie belangrik om die koste van die verandering in ag te neem: addisionele administrasie- en nakomingskoste, gepaardgaande met die nuwe bepalinge,

kan moontlik die voordele daaruit oorskry en moet dus nie geïmplementeer word nie (OESO, 1979: 9).

In Suid-Afrika kan die Kommissaris van Binnelandse Inkomste tans byna nie die huidige belastingadministrasielas hanteer nie. Indien bepalinge ingestel word wat hierdie las nog groter maak (byvoorbeeld die aanbevelings deur die Katz-kommissie), sal dit dus nie uitgevoer kan word sonder dat addisionele hulpbronne ingespan word nie. Die vraag is dus of die voordele wat daaruit verkry kan word sodanige kostes regverdig?

7.3.3 Aansporing tot besparing en belegging

Hierdie faktor sluit aan by die beginsel van aansporing en ekonomiese doeltreffendheid. Tans is daar baie geleenthede vir individue om hul geld uit die land te neem en in die buiteland te belê. Die huidige ekonomiese klimaat moedig ook nie buitelanders aan om beleggings in Suid-Afrika te maak nie. Indien die aanspreeklikheid ten opsigte van kapitaaloordragbelasting in Suid-Afrika verhoog word, sal dit beslis 'n verdere negatiewe effek op die kapitaalakkumulاسie in Suid-Afrika hê.

7.4 SAMEVATTING

Die vergelyking tussen die kapitaaloordragbelastingstelsels van Suid-Afrika, die VK en VSA het aan die lig gebring dat daar sekere ernstige tekortkominge in die huidige stelsel wat in Suid-Afrika toegepas word, bestaan, veral ten opsigte van die beginsels van neutraliteit en billikheid.

Daar bestaan egter ook sekere ander faktore wat in ag geneem moet word voordat daar aanbevelings rakende die stelsel in Suid-Afrika gemaak kan word, naamlik die verhouding direkte tot indirekte belasting, die administrasievermoë van die kommissaris en die effek wat kapitaaloordragbelasting op die aansporing tot kapitaalakkumulاسie het.

Hierdie vergelykende studie, asook die ander faktore sal as basis dien vir die aanbevelings wat in hoofstuk ag gemaak sal word.

HOOFSTUK 8**SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKING VAN STUDIE**

8.1	INLEIDING.....	114
8.2	AANBEVELINGS EN VOORSTELLE WAT UIT DIE STUDIE VOORTVLOEI.....	115
8.2.1	Behou kapitaaloordragbelasting in Suid-Afrika.....	115
8.2.2	Die koers van kapitaaloordragbelasting.....	115
8.2.3	Administrasie onder een wet.....	116
8.2.4	Aanpassing van korting.....	116
8.2.5	Aanbevelings betreffende diskresionêre trusts.....	117
8.2.6	Teenvermydingsbepalings.....	117
8.2.7	Lae rentekoers en rentevrye lenings.....	118
8.3	EVALUERING VAN AANBEVELINGS.....	119
8.3.1	Grondliggende beginsels.....	119
8.3.2	Die Grondwet.....	120
8.3.3	Kundige mening.....	122
8.3.4	Verslag van die Portefeulfe Komitee Finansies.....	125
8.3.4.1	Algemene kommentaar.....	125
8.3.4.2	Insette van persone/instansies.....	126
8.3.5	Oorgangsprobleme.....	128
8.4	SAMEVATTING.....	129

Hoofstuk 6

'N EVALUERING VAN DIE KAPITAALOORDRAGBELASTING- STELSELS IN ANDER LANDE

6.1	INLEIDING.....	89
6.2	BEGINSELS AS EVALUERINGSMAATSTAWWE.....	89
6.3	'N EVALUERING VAN DIE KAPITAALOORDRAGBELASTING STELSEL VAN DIE VERENIGDE KONIKRYK.....	89
6.3.1	Neutraliteit	89
6.3.2	Billikheid	90
6.3.2.1	Horisontale billikheid	90
6.3.2.2	Vertikale billikheid	90
6.3.3	Aansporing en ekonomiese doeltreffendheid	90
6.3.4	Sekerheid en eenvoud.....	91
6.3.5	Koste en doeltreffendheid.....	92
6.3.5.1	Nakomingskoste.....	92
6.3.5.2	Invorderingskoste.....	92
6.3.6	Buigsaamheid en stabiliteit.....	93
6.3.7	Samevatting	93
6.4	'N EVALUERING VAN DIE KAPITAALOORDRAGBELASTING- STELSEL VAN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA	94
6.4.1	Neutraliteit	94
6.4.2	Billikheid	94
6.4.2.1	Horisontale billikheid	94
6.4.2.2	Vertikale billikheid	95
6.4.3	Aansporing en ekonomiese doeltreffendheid	95
6.4.4	Sekerheid en eenvoud.....	95
6.4.5	Koste en doeltreffendheid	96

6.4.5.1	Opbrengs	96
6.4.5.2	Nakomingskoste.....	96
6.4.5.3	Invorderingskoste.....	96
6.4.6	Buigsaamheid en stabiliteit.....	97
6.4.7	Samevatting	97
6.5	SAMEVATTING.....	97

6.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk sal die evalueringsmaatstawwe, soos uiteengesit in hoofstuk twee, gebruik word om die kapitaaloordragbelastingstelsels in die Verenigde Koninkryk en die Verenigde State van Amerika (soos bespreek in hoofstuk vyf) te evalueer.

6.2 BEGINSELS AS EVALUERINGSMAATSTAWWE

Soos reeds genoem, bestaan daar waarskynlik geen bevredigende kapitaaloordragbelastingstelsel nie. Die verskillende stelsels kan egter steeds gemeet word teen sekere algemene beginsels. Die resultate van sodanige ondersoek kan gebruik word om probleemgebiede te identifiseer en om dan spesifiek ondersoek in te stel na die wyse waarop hierdie probleme in die bepaalde lande hanteer en moontlik opgelos is.

Met in agneming van die spesifieke omstandighede in 'n bepaalde land (byvoorbeeld Suid-Afrika) sal daar dan aanbevelings gemaak kan word ten einde moontlike verbeteringe, wat blyk uit bogenoemde ondersoek, voor te stel.

Die VK en die VSA se kapitaaloordragbelastingstelsels gaan vervolgens gemeet/geëvalueer word aan die hand van hierdie beginsels, soos uiteengesit in hoofstuk twee:

6.3 'N EVALUERING VAN DIE KAPITAALOORDRAGBELASTING-STELSEL VAN DIE VERENIGDE KONINKRYK

6.3.1 Neutraliteit

Die bestaan van sogenaamde "potensieel vrygestelde oordragte" (sien 5.2.2.1(ii)) waardeur sommige belasbare oordragte wat meer as sewe jaar voor die skenker se dood gemaak is, vrygestel word van erfenisbelasting, kan 'n individu aanmoedig om sy sake op 'n bepaalde wyse te reël. So kan 'n individu gedurende sy leeftyd aan ander individue bates (insluitend geld) skenk, wat hy

onder ander omstandighede moontlik sou spaar, bloot omdat die moontlikheid bestaan dat die oordragte vrygestel kan wees van erfenisbelasting.

6.3.2 Billikheid

6.3.2.1 Horisontale billikheid

Erfenisbelasting, anders as die vorige boedelbelasting wat in die VK gehef is, kan nie maklik deur individue vermy word nie. Die rede hiervoor is die bestaan van teenvermydingsbepalings, asook die heffings wat ingestel is ten opsigte van diskresionêre trusts (sien 5.2.2.2). Individue met dieselfde belasbare kapasiteit sal dus wel eenders behandel word; tensy die een baie meer vrygestelde of potensieel vrygestelde oordragte gedurende sy leeftyd gemaak het.

6.3.2.2 Vertikale billikheid

Daar is wel 'n mate van progressie teenwoordig in die VK se erfenisbelastingstelsel, aangesien slegs belasbare oordragte en boedels groter as £215 000 aan die belasting onderworpe is; dus word daar in 'n mate voldoen aan die vereiste van vertikale billikheid. Ten opsigte van boedels en oordragte groter as £215 000 is die koers egter 'n enkelkoers, wat veroorsaak dat daar geen onderskeid getref word tussen individue met verskillende belasbare kapasiteite nie. Ten opsigte van individue met boedels en belasbare skenkings groter as £215 000 word daar dus nie voldoen aan die vereiste van vertikale billikheid nie.

6.3.3 Aansporing en ekonomiese doeltreffendheid

Die VK se erfenisbelastingkoers is relatief hoog, veral is daar in ag geneem word dat dit 'n enkelkoers is. Dít sou dus kapitaal-akkumulاسie deur individue kon ontmoedig. As verder ook in ag geneem word dat daar 'n moontlikheid bestaan dat oordragte gedurende die individu se leeftyd vrygestel kan wees van erfenisbelasting, sowel as die verminderde koers wat van toepassing is op belasbare *inter vivos*-oordragte, blyk die stelsel met die eerste oogopslag 'n

vermindering in die koers van kapitaal-akkumulاسie te veroorsaak, wat 'n ooreenstemmende negatiewe effek op die ekonomiese groeikoers kan hê.

Daar moet egter in gedagte gehou word dat die erfenisbelasting slegs op belasbare oordragte van meer as £215 000 (kumulatief bereken) gehef word. Bogenoemde argument is dus slegs geldig ten opsigte van individue wat meer as £215 000 se oordragte in totaal maak.

6.3.4 Sekerheid en eenvoud

Die erfenisbelasting wat in die VK gehef word is 'n baie ingewikkelde belasting. Hierdie stelling word gemaak as gevolg van verskeie faktore, waarvan die volgende die vernaamste is:

- Daar is by die bepaling van die "belasbare bedrag" verskeie faktore wat in ag geneem moet word, byvoorbeeld die bestaan van vrygestelde en potensieel vrygestelde oordragte, asook die wyse waarop die waarde van die oordrag vasgestel moet word.
- Die heffing van erfenisbelasting elke tien jaar op die waarde van bates waarin daar geen gevestigde regte gehou word nie (byvoorbeeld die bates in 'n diskresionêre trust), vereis die waardasie van bates. Sodanige bates word gewoonlik nie in 'n georganiseerde mark verkoop nie; dus is die waardasieproses baie ingewikkeld.
- Die koers wat van toepassing is op 'n spesifieke oordrag word bereken met in agneming van die kumulatiewe waarde van die belasbare oordragte wat die oordraggewer gedurende die sewe jaar voor die bepaalde oordrag gemaak het.

Alhoewel die belastingaanspreeklikheid ten opsigte van erfenisbelasting in die VK nie eenvoudig is nie, sou daar wel aangevoer kon word dat dit seker is, aangesien dit al vir 'n geruime tyd in werking is (vanaf 1986) en dit duidelik

uiteengesit word in die "Inheritance Tax Act". Die administratiewe kapasiteit van die kommissaris in die VK is verder ook van so 'n aard, dat die hou van volledige rekords nie 'n probleem is nie.

6.3.5 Koste en doeltreffendheid

Soos reeds genoem is 'n belasting slegs doeltreffend as die nakomings- en invorderingskoste wat verband hou met die belasting, in verhouding met die opbrengs wat daaruit voortvloei, redelik is. Vervolgens sal die nakomings- en invorderingskoste van erfenisbelasting in die VK geëvalueer word:

6.3.5.1 Nakomingskoste

Die tyd, geld en moeite wat belastingpligtiges moet bestee, ten einde hul aanspreeklikheid vas te stel, is groot, aangesien erfenisbelasting 'n ingewikkelde belasting is en individue waarskynlik 'n kundige op die gebied sal moet raadpleeg in die berekening van sodanige aanspreeklikheid.

6.3.5.2 Invorderingskoste

Alhoewel die administratiewe las wat erfenisbelasting inhou, groot is, bestaan daar reeds 'n goeie belastingadministrasie in die VK en word die administrasiekoste nie aansienlik verhoog deur die erfenisbelasting nie.

Die tienjaarlikse heffing ten opsigte van diskresionêre trusts, vereis egter die waardasie van bates wat nie gereeld in 'n ope mark verkoop word nie, en dit verhoog beslis die invorderingskoste.

Daar moet egter in gedagte gehou word dat daar slegs nakomings- en invorderingskoste ten opsigte van belasbare oordragte van groter as £215 000 bestaan en dat die koerse ten opsigte van sodanige oordragte relatief hoog is. Daar sou dus aangevoer kan word dat die opbrengs uit erfenisbelasting wel verband hou met die kostes daaraan verbonde.

6.3.6 Buigsaamheid en stabiliteit

Alhoewel daar konflik bestaan tussen die vereistes van buigsaamheid en stabiliteit, is dit belangrik om hierdie vereistes altyd in balans met mekaar te hou. Die huidige kapitaaloordragbelastingstelsel in die VK is al vir ongeveer twaalf jaar in werking. Die stelsel is wat die struktuur daarvan betref (behalwe vir sekere aanpassings, byvoorbeeld die belasting op eiendom waarin daar geen gevestigde regte is nie) min of meer dieselfde as die stelsel wat sedert 1976 in werking is. Die beginsel van stabiliteit word dus wel in stand gehou.

Dit is egter moontlik om veranderinge aan die stelsel aan te bring, soos byvoorbeeld die verhoging in die limiet-bedrag (wat tans £215 000 is) asook veranderinge in die koers.

6.3.7 Samevatting

Alhoewel die stelsel van erfenisbelasting in die VK ingewikkeld is, is dit steeds koste-doeltreffend, aangesien dit die ondersteuning van 'n goeie administrasiewe stelsel geniet. Aangesien dit ook net op oordragte (kumulatief bereken) van groter as £215 000 gehef word, het dit nie 'n baie groot invloed op ekonomiese doeltreffendheid nie.

Die sogenaamde "potensieel vrygestelde oordragte" beïnvloed egter wel die neutraliteit van die stelsel.

6.4 'N EVALUERING VAN DIE KAPITAALOORDRAGBELASTING-STELSEL VAN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA

6.4.1 Neutraliteit

Die invloed wat die kapitaaloordragbelasting in die VSA, in die vorm van boedel- en skenkingsbelasting en "generasie oorslaan oordragbelasting", op die ekonomiese gedrag van individue het, is minimaal, aangesien die belastingaanspreeklikheid van 'n individu min of meer dieselfde sal wees, ongeag die wyse waarop, of persone aan wie hy sy bates oordra.

In die VSA word daar dus aan die beginsel van neutraliteit voldoen, aangesien individue nie deur die belastingstelsel beïnvloed word om een handelswyse bo 'n ander te kies nie.

6.4.2 Billikheid

6.4.2.1 Horisontale billikheid

Individue met 'n vergelykbare belasbare kapasiteit word wel eenders behandel ten opsigte van die aanspreeklikheid wat hulle ten opsigte van kapitaaloordragbelasting in die VSA oploop, as gevolg van die volgende bepalings:

- Die heffing van skenkingsbelasting teen dieselfde koers as boedelbelasting verhoed die vermyding van boedelbelasting deurdat belastingpligtiges hul bates voor hul sterf aan ander persone oordra.
- Die heffing van "generasie oorslaan oordragbelasting" verhoed die vermyding van boedelbelasting deurdat 'n individu sy bates na 'n ander individu wat meer as een generasie jonger as die betrokke individu is, of aan 'n trust waarvan die begunstigdes sodanige individue is, oordra.

Daar word dus wel voldoen aan die vereiste van horisontale billikheid.

6.4.2.2 Vertikale billikheid

Boedel- en skenkingsbelasting word deur middel van progressiewe koerse gehef (daar bestaan sewentien verskillende groepe – sien Bylae 5). Belastingpligtiges met verskillende belasbare kapasiteite word dus wel verskillend belas.

6.4.3 Aansporing en ekonomiese doeltreffendheid

Die belastingbasis van kapitaaloordragbelasting in die VSA is klein, aangesien slegs belasbare oordragte wat kumulatief meer as \$600 000 is, aan hierdie belasting onderworpe is. Die koerse waarteen die belasting gehef word is verder ook hoog, met die maksimum koers van 55 persent vir belasbare oordragte van meer as \$3 000 000. Hierdie belasting kan dus “vervangings”-afwykings veroorsaak deurdat belastingpligtiges ontmoedig word om te spaar en aangemoedig word om hul kapitaal te verbruik. Dit sal egter net geld vir individue wat meer as \$600 000 se belasbare oordragte in totaal maak.

6.4.4 Sekerheid en eenvoud

Die heffing van skenkingsbelasting is 'n relatief eenvoudige proses, behalwe dat die koerse wat gebruik moet word in 'n glyskaal (sien Bylae 5) vervat is. Die berekening van 'n individu se boedelbelastingaanspreeklikheid is egter 'n ingewikkelde proses, aangesien die belasbare boedel bereken word deur eerstens die bruto boedel vas te stel en dan die toelaatbare aftrekkings daarteen te verreken. Daar is verder ook verskeie kortings wat teen die aanspreeklikheid afgespeel kan word.

Die berekening van die “generasie oorslaan oordragbelasting” is relatief eenvoudig, aangesien dit teen 'n enkelkoers gehef word.

Alhoewel die vasstelling van die belastingaanspreeklikheid dus 'n ingewikkelde proses is, is die aanspreeklikheid egter seker, aangesien dit duidelik uiteengesit is in die VSA-kode (onder opskrif 26, subopskrif B, hoofstukke 11 tot 13).

6.4.5 Koste en doeltreffendheid

In die evaluering van die doeltreffendheid van 'n belasting, moet die opbrengs daaruit vergelyk word met die koste daaraan verbonde:

6.4.5.1 Opbrengs

Aangesien die koerse ten opsigte van kapitaaloordragbelasting relatief hoog is (dit begin op 18 persent vir oordragte groter as \$10 000 en styg na 55 persent vir oordragte groter as \$3 000 000), is die opbrengs wat daaruit voortspruit ook hoog. Dit word egter slegs gehef op oordragte wat meer as \$600 000 (kumulatief bereken) is.

6.4.5.2 Nakomingskoste

Aangesien die berekening van die belasting 'n ingewikkelde proses is, sal dit baie tyd, geld en moeite van die belastingpligtiges verg om die aanspreeklikheid te bereken.

6.4.5.3 Invorderingskoste

Die administrasie wat nodig is om hierdie belastings te hef, sal kostes meebring, aangesien dit 'n ingewikkelde berekeningsproses vereis, asook volledige rekords van oordragte wat elke individu gedurende sy leeftyd maak. Dit word egter ondersteun deur 'n gevestigde administrasiestelsel, wat die addisionele koste verbonde aan die belastings weer verminder.

Uit bogenoemde blyk dit dus dat, alhoewel die koste verbonde aan die berekening, administrasie en invordering van kapitaaloordragbelasting in die

8.1 INLEIDING

In die meeste lande word kapitaal op die een of ander wyse belas. Sommige lande gebruik 'n verskeidenheid van kapitaalbelasting; terwyl ander slegs op een of twee konsentreer. Om die studiedoelwitte effektief na te vors is daar ondersoek ingestel na die kapitaaloordragbelastingstelsels in die VK en die VSA (sien hoofstuk vyf), om dit met dié van Suid-Afrika te vergelyk (sien hoofstuk sewe). Lande verskil egter wat die regstelsel, geskiedenis, sosiale struktuur, ekonomiese organisasie en vlak van ekonomiese ontwikkeling betref. 'n Vergelyking tussen lande is dus wel nuttig, maar moet met die nodige mate van versigtigheid gebruik word (OESO, 1979: 9).

Baie min lande sal aanspraak maak daarop dat hul die finale oplossing het, veral aangesien kapitaalbelasting 'n onderwerp is wat deel vorm van die politieke arena in die meeste lande (OESO, 1979: 10).

Indien die huidige posisie in Suid-Afrika in oënskoue geneem word, veral die regering se beleid ten opsigte van die herverdeling van rykdom as deel van die Heropbou- en Ontwikkelingsprogram, is dit duidelik dat kapitaaloordragbelasting beslis een van die meganismes is wat op die politieke terrein in Suid-Afrika gebruik kan word.

Dit is egter baie belangrik om nie so vasgevang te word in die politieke doelwitte van 'n belastingstelsel dat die ekonomiese doeltreffendheid en selfs die praktiese uitvoerbaarheid daarvan agterweë gelaat word nie.

In Suid-Afrika word daar dringend 'n groei in produktiwiteit verlang. Dit word egter redelik algemeen aanvaar dat omstandighede van groter gelykheid lei tot 'n afname in produktiwiteit. Sidgwick se voorstel, dat daar 'n keuse uitgeoefen moet word tussen 'n ongelyke verdeling van rykdom en 'n gelyke verdeling van armoede, sluit hierby aan (Wedgwood, 1939: 32 – 33).

Die doel van die studie was om die huidige en voorgestelde kapitaaloordragbelastingstelsels in Suid-Afrika te ondersoek ten einde enige

tekortkominge te identifiseer en met voorstelle vorendag te kom wat sodanige tekortkominge kan uitskakel en die stelsel sodoende kan verbeter.

Die vergelyking met ander lande, asook sekere ander faktore wat in hoofstuk sewe bespreek is, dien as basis vir die volgende aanbevelings.

8.2 AANBEVELINGS EN VOORSTELLE WAT UIT DIE STUDIE VOORTVLOEI

8.2.1 Behou kapitaaloordragbelasting in Suid-Afrika

Soos in 2.6.2 bespreek, is die grondrede vir kapitaalbelasting die sogenaamde "sosiale oorwegings", naamlik horisontale en vertikale billikheid. Dit verwys na die verdelingseffek van belasting en word as een van die noodsaaklike eienskappe van 'n goeie belastingstruktuur beskou (Meade, 1978: 12).

Soos in ander lande moet kapitaaloordragte as 'n basis vir belasting ook in Suid-Afrika behou word. Sodoende word persone se vermoë om te betaal wel in ag geneem en word bogenoemde beginsel van billikheid dus bevorder.

(Daar moet in gedagte gehou word dat daar in baie ander lande, onder andere in die VK en VSA, ten minste twee tipes kapitaalbelasting voorkom, naamlik kapitaalwinsbelasting en kapitaaloordragbelasting. Die posisie in Suid-Afrika is dus steeds gunstiger ten opsigte van kapitaalbelasting in die geheel.)

8.2.2 Die koers van kapitaaloordragbelasting

Die gebruik van progressiewe koerse bevorder vertikale billikheid (soos in 7.2.2.2(b) bespreek), maar aangesien dit die stelsel meer ingewikkeld sal maak, asook 'n swaarder administratiewe las sal meebring, word daar aanbeveel dat die gebruik van 'n enkelkoers steeds behou word.

Die koers van 25 persent, wat tans in Suid-Afrika gebruik word, is relatief laag in vergelyking met ander lande. Daar word egter aanbeveel dat dit so behou word, as gevolg van die volgende oorwegings:

- a) Die verhouding direkte tot totale belasting is reeds baie hoog (sien Bylae 3) en om bloot die belastingkoers verder te verhoog sal teenproduktief en onbillik wees (sien 7.3.1).
- b) Die "vervangings"-afwykings (sien 2.6.3) sal tot 'n minimum beperk word aangesien inwoners nie ontmoedig sal word om te spaar nie en buitelanders aangemoedig kan word om in Suid-Afrika te belê (sien 7.3.3).
- c) 'n Verhoogde koers sal teenproduktief wees, aangesien die belastingbetalers dan nog meer aangemoedig sal word om hul boedelbeplanning sodanig te doen, dat daar so min as moontlik bates in hul eie naam sal wees.

8.2.3 Administrasie onder een wet

Eenvoud en sekerheid sal bevorder word indien boedel- en skenkingsbelasting in Suid-Afrika in een wet vervat word. Dit kan steeds in die vorm van boedel- en skenkingsbelasting gehef word, of dit kan as 'n enkele kapitaaloordragbelasting gehef word, maar dit moet, soos in ander lande (sien 7.2.4.1) onder een wet geadministreer word.

8.2.4 Aanpassing van korting

Die korting van R1 000 000 is in 1988 ingestel (Begrotingsrede, 1988: 7 – 8) en nog nooit sedertdien aangepas nie. Alhoewel dit waarskynlik te hoog was toe dit in 1988 ingestel is, het die waarde van die korting nou sodanig verwater, dat individue wat in die middelinkomstegroep val, en nie net meer vermoënde individue nie, aan boedelbelasting onderworpe is.

Daar word dus aanbeveel dat die korting jaarliks aangepas word vir die effek van inflasie, soos in die VK die geval is (sien 6.3.6).

8.2.5 Aanbevelings betreffende diskresionêre trusts

Soos uit 7.2.1 en 7.2.2 blyk sal die tekortkoming in die kapitaaloordragbelastingstelsel van Suid-Afrika, deurdat die stelsel nie aan die beginsels van neutraliteit en billikheid voldoen nie, verbeter kan word deur die instel van 'n periodieke heffing op die bates in 'n diskresionêre trust (met 'n gepaardgaande heffing op kapitaalverdelings uit die trust in die jare tussen die periodes).

Dit sal 'n vereenvoudigde weergawe wees van die stelsel wat in die VK toegepas word.

Indien die administratiewe kapasiteit van die kommissaris egter in ag geneem word (sien 7.3.2), word daar aanbeveel dat bogenoemde verbetering nie ingestel word nie. Die addisionele koste (byvoorbeeld die fooi vir 'n geswore waardeerder) en tyd wat dit vir die kommissaris én die belastingpligtiges sal inhou, sal nie die opbrengs daaruit op die huidige stadium regverdig nie.

Die resultaat wat deur middel van bogenoemde bepalings beoog word, sal ook in 'n mate deur die aanbevelings soos in 8.2.6 en 8.2.7 vervat, bereik word, sonder die oormatige addisionele koste en moeite.

8.2.6 Teenvermydingsbepalings

Tans kan boedelbelasting en Suid-Afrika relatief maklik vermy word deur middel van skemas soos in 3.2.2.2(a) bespreek, as gevolg van die feit dat daar geen teenvermydingsbepalings in die Boedelbelastingwet voorkom nie. Daar word dus aanbeveel dat sodanige teenvermydingsbepalings wel ingestel word in die Boedelbelastingwet.

Hierdie teenvermydingsbepalings moet sodanig wees dat enige transaksie, handeling of skema wat tot gevolg het dat boedelbelasting in die toekoms vermy, verminder of uitgestel sal word (uitgesluit die spesifiek vrystellings), en wat met die uitsluitlike of hoofdoel om sodanige belastingvoordeel te verkry,

aangegaan is, beskou word as 'n geagte skenking, waar op skenkingsbelasting betaalbaar is.

Daar moet verder bepaal word dat, indien enige transaksie, handeling of skema die gevolg het dat boedelbelasting vermy, verminder of uitgestel sal word, die onus op die belastingpligtige rus om te bewys dat die transaksie, handeling of skema nie met die uitsluitlike of hoofdoel om 'n belastingvoordeel te verkry, aangegaan is nie.

Belastingpligtiges sal daardeur verhoed word om tyd en geld te spandeer om ingewikkelde skemas uit te werk bloot om hul boedelbelasting aanspreeklikheid te vermy, uit te stel of te verminder.

8.2.7 Lae rentekoers en rentevrye lenings

Soos in 7.2.1.2 bespreek, sal die hantering van lae rentekoers of rentevrye lening as belasbare oordragte, individue ontmoedig om skemas, soos in 3.2.2.2(e) bespreek, aan te gaan ten einde hul aanspreeklikheid ten opsigte van kapitaaloordragbelasting te verminder, aangesien hul dan nie meer sodanige skemas kan uitvoer sonder enige belastingimplikasies nie.

Die waardasie van die belasbare oordrag kan egter 'n baie ingewikkelde proses wees (Katz, 1997: 10), aangesien dit bereken moet word as die verskil tussen die leningsbedrag, verdiskonteer teen 'n markverwante koers en die leningsbedrag, verdiskonteer teen die koers wat werklik gehef word. Die bepaling van 'n markverwante koers wat in die omstandighede en vir die betrokke periode gepas sal wees, is egter 'n baie moeilike taak.

Om dit dus te vereenvoudig (en sodoende die praktiese implementeerbaarheid daarvan te vergemaklik), sou daar 'n stelsel geïmplementeer kon word waar die individu aan wie die lening verskuldig is, jaarliks op 'n "berekende bedrag" rente belas word.

Hierdie “berekende bedrag” moet gelyk wees aan die verskil tussen ’n denkbeeldige rentebedrag, wat bereken word deur ’n sogenaamde “amptelike” koers (wat jaarliks deur die Minister van Finansies bepaal word, na aanleiding van heersende marktoestande) toe te pas op die uitstaande leningsbedrag, en die rente wat werklik gedurende die jaar gehef is. (Die rente wat ingesluit word, word dus op dieselfde wyse bereken as wat ’n rentevrye of lae rentekoers lening, wat as ’n byvoordeel aan ’n werknemer verskaf word, bereken word.) Alhoewel hierdie heffing dus nie ’n kapitaaloordagbelasting in die ware sin van die woord sal wees nie, sal dit wel sodanige skemas tot ’n mate ontmoedig.

8.3 EVALUERING VAN AANBEVELINGS

Die aanbevelings wat gemaak is, moet geëvalueer word aan die hand van die beginsels soos in hoofstuk 2.6 uiteengesit. Dit is egter ook belangrik dat sekere ander faktore in aanmerking geneem word:

- die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika
- die mening van ’n belastingkundige uit die praktyk
- die verslag van die Portefeulje Komitee Finansies oor die Vierde verslag van die Katz Kommissie
- oorgangsprobleme

8.3.1 Grondliggende beginsels

Alhoewel daar nie aan al die beginsels, soos in hoofstuk twee uiteengesit is, voldoen kan word nie, is die skrywer dit eens dat die beginsels van billikheid en neutraliteit die belangrikste is.

Die aanbevelings ten opsigte van teenvermydingsbepalings (sien 8.2.6), asook dié ten opsigte van lae rentekoers of rentevrye lenings (sien 8.2.7) is spesifiek daarop gerig om die vermyding, vermindering of uitstel van boedelbelasting te verhoed. Die beginsels van neutraliteit en billikheid word dus daardeur bevorder.

Indien boedelbelasting verder onder een wet en steeds teen 'n enkelkoers van 25 persent gehef word, sal die eenvoud van die kapitaaloordragbelasting-stelsel in Suid-Afrika bevorder word. Hierdie beginsel is ook belangrik aangesien die administratiewe kapasiteit van die belastingowerhede tans sodanig is, dat ingewikkelde belastings moeilik hanteer sal kan word.

8.3.2 Die Grondwet

Alhoewel daar geen spesifieke verwysing na kapitaaloordragbelasting in die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika gemaak word nie, is dit tog belangrik om die voorstelle te meet aan die algemene beginsels en regte wat in die Grondwet uiteengesit word, aangesien dit die hoogste reg van die Republiek is en enige regsvoorskrif of optrede wat onbestaanbaar is daarmee, ongeldig is (Grondwet, 1996: 3).

Kragtens paragraaf 9 van hoofstuk 2 van die Grondwet, word gelykheid ingesluit by die "Handves van regte". Kragtens die paragraaf is elkeen gelyk voor die reg en het die reg op gelyke beskerming en voordeel van die reg, maar dit sluit ook in dat alle persone volle en gelyke genieting van alle regte en vryhede het. Daar word dan spesifiek melding gemaak dat, ten einde die bereiking van gelykheid te bevorder, wetgewende en ander maatreëls, wat ontwerp is vir die beskerming of ontwikkeling van persone, of kategorieë persone, wat deur onbillike diskriminasie benadeel is, ingestel kan word (Grondwet, 1996: 7).

Soos in hoofstuk een bespreek, kan een van die doelwitte van 'n kapitaaloordragbelasting wees om gelykheid te bevorder. Daar is egter verskeie menings oor die effektiwiteit en doeltreffendheid. Aangesien hierdie studie nie ten doel gehad het om die effektiwiteit, al dan nie, van kapitaaloordragbelasting as instrument om gelykheid te bevorder, te ondersoek nie, word daar vervolgens verwys na die menings van persone wat wel sodanige ondersoeke gedoen het:

Volgens Dennis Davis (Schrire, 1992: 105) is belasting slegs een en beslis nie die belangrikste wyse waarop nasionale ekonomiese doelstellings bereik kan word nie. Dit wil voorkom asof die moontlikheid

van die bereiking van baie van die doelstellings in ontwikkelende lande deur aanpassings aan die belastingstelsel grootliks oorstateer is. Daar is duidelik 'n drempel waarbo die verhoging in belasting ekonomies teenproduktief raak.

“Sekondêre inkomste-herverdeling kan bereik word deur die inkomste-kant van die begroting, deur progressiewe belasting en die heffing van welvaartbelasting; terwyl sosiale uitgawes weer die vernaamste verdelingsmeganisme aan die uitgawe-kant van die begroting is. Uit verskeie bronne blyk dit dat herverdelingspogings eerder moet fokus op die uitgawe- in plaas van die inkomste-kant van die begroting.” (Botha, 1996: 70)

Volgens Lieb Loots is “die algehele herverdelings effek van die regering se herverdelingsbeleid meer afhanklik van die uitgawe- as van die belasting-kant van die begroting; dus behoort die hoofdoelstelling van die belastingbeleid sodanig te wees dat inkomste op so 'n wyse verkry word dat handhaafbare herverdeling aan die uitgawe-kant van die begroting bewerkstellig kan word.” (Schrire, 1992: 90)

Hy is verder van mening dat die fokus op doeltreffendheid, die siening dat die algehele herverdelingseffek van die regering se fiskale beleid meer afhanklik is van die uitgawe- as die inkomste-kant van die begroting, reflekteer; terwyl handhaafbare herverdeling, wat verder kan uitbrei, afhanklik is van 'n belastingstelsel wat ekonomiese groei aanmoedig (Moll, Natrass & Loots, 1991: 39).

“Ekonomie is dit eens dat, alhoewel toenemende belastings in 'n mindere mate 'n hoër inkomste vir die nuwe regering kan verseker, dit afbrekend kan wees, deurdat dit 'n negatiewe impak op beleggersvertroue het, veral in 'n tyd van politieke onstabiliteit.” (Van der Berg, 1998: 258)

Uit bogenoemde menings blyk dit dus dat, alhoewel gelykheid een van die regte is wat deur die Grondwet aan alle mense in Suid-Afrika toegeken word, die rol wat kapitaaloordragbelasting kan speel in die bereiking daarvan, beperk is.

8.3.3 Kundige mening

Ter evaluering van die voorstelle gemaak, is die mening van 'n kundige op die gebied van belasting ingewin. Die kundige is mnr. Pieter Steenkamp, Hons BCompt, GR (SA), Hons Bcomm Belasting, LL.M. Die vrae wat aan hom gestel is, asook sy mening word vervolgens weergegee:

Hoekom is die aanbevelings rakende diskresionêre trusts (die periodieke heffing van kapitaaloordragbelasting op trustbates waarin daar geen gevestigde regte is nie), wat deur die Margo en Katz kommissies gemaak is, na u mening nie deur die regering aanvaar en ingestel nie?

Hy het veral drie redes genoem, naamlik:

- Die administrasie van sodanige wetgewing sal baie moeilik wees. Sekere waardasies, byvoorbeeld genoteerde aandele, is relatief eenvoudig; terwyl die waardasie van ander bates, byvoorbeeld vaste eiendom, aandele in 'n private maatskappy en handelsmerke is baie ingewikkeld kan raak. Die beskikbaarheid van persone met die nodige kundigheid om hierdie ingewikkelder waardasies te doen, is beperk. Vir die persone in die praktyk sal die administrasie wat die toepassing van die wetgewing sal meebring moeilik wees, aangesien daar waarskynlik lang wagtydperke sal wees (dit kom reeds voor by boedelberedding); terwyl die administrasie vir die Staat ook moeilik sal wees, veral die beoordeling van die redelikheid van die waardasies.
- Dit sal moeilik wees om wetgewing sonder enige leemtes daar te stel, veral as in ag geneem word dat die wet eers oor 25 – 30 jaar getoets sal word (daar bestaan byvoorbeeld steeds leemtes in die Inkomstebelastingwet wat

elke jaar toegepas word). Die waarskynlikheid dat kundiges trusts "leeg" gaan maak binne die 25 – 30 jaar tydperk is dus baie groot.

- Dit sal nie vir die Regering doeltreffend wees om sodanige wetgewing te implementeer nie, aangesien die invorderingskoste verbonde aan sodanige wetgewing waarskynlik hoër as die inkomste wat daaruit verkry sal word, gaan wees.

Wat is u mening in verband met die instelling van kapitaaloordragbelasting, of dan Inkomstebelasting op "denkbeeldige" rente, op rentevrye of lae rentekoerslenings, ten einde die gebruik van trusts bloot vir belastingvoordeel te ontmoedig?

Hy het veral vier redes genoem hoekom hy nie van mening is dat daar sodanige belasting gehef behoort te word nie, naamlik:

- Dit is 'n wydverspreide normaliteit tussen familie of verwante partye om rentevrye of lae rentekoerslenings aan mekaar toe te staan.
- Dit is normale besigheidspraktyk om trusts en private maatskappye met sodanige lenings vanaf die aandeelhouers of trustees te befonds. Indien hierdie bepaling dus vir trusts ingestel word, sal soortgelyke bepaling oor ten opsigte van private maatskappy moet geld, anders sal daar nie voldoen word aan die bepaling in die Grondwet dat daar nie diskriminasie mag wees nie. Dit sal veroorsaak dat die ekonomie in Suid-Afrika lamgelê word, deurdat private maatskappye byvoorbeeld nie meer geredelik lenings by die bank sal kan kry nie, aangesien daar vereis word dat 'n maatskappy oor aandeelhouersfondse in die vorm van kapitaal of aandeelhouerslenings moet beskik.
- Sodanige bepaling sal ook 'n baie groot administratiewe las op die regering plaas.

- Die doel van trusts is beslis nie net om belasting te bespaar nie. Die rede hoekom baie besigheidsmense trusts stig is byvoorbeeld om hul bates teen krediteure te beskerm; dus sal die instelling van sodanige bepalinge intrepeneurskap in Suid-Afrika ontmoedig, aangesien persone versigtig gaan wees om besigheidsrisiko te neem, omdat daar soveel meer is om te verloor.

Dink u dat kapitaaloordragbelasting (tans boedel- en skenkingsbelasting) deur middel van een wet geadministreer behoort te word?

Hy is van mening dat die twee belastings bymekaar hoort en dat, aangesien skenkingsbelasting eintlik maar die gevolg van boedelbelasting is, daar geen rede is hoekom dit nie deur een wet geadministreer moet word nie.

Die rede hoekom dit nog nie gedoen is nie, is moontlik omdat daar verwag was dat daar veranderinge aan die belastings ingestel gaan word, en dit dus sinvol sal wees om al die veranderinge gelyktydig aan te bring.

Is u van mening dat daar teenvermydingsmaatreëls in die Boedelbelastingwet ingebring kan word, ten einde skemas, waarvan die uitsluitlike of hoofdoel is om boedelbelasting te bespaar, te ontmoedig?

Hy is van mening dat die instelling van sodanige bepalinge moontlik nog nie regtig oorweeg is nie. Dit sal egter nie bloot net die ekwivalent van artikel 103 van die Inkomstebelastingwet kan wees nie, aangesien dit meer spesifiek sal moet wees, byvoorbeeld in die vorm van 'n uitbreiding van die "geagte skenkings"-artikel. Die toepassing van sodanige artikel sal egter ook moeilik wees, veral aangesien die bedoeling van die belastingpligtige (die erflater) nie deur sy *ipse dixit* (die belastingpligtige se getuienis met betrekking tot sy bedoeling) bevestig kan word nie.

Verder moet daar ook in gedagte gehou word dat, soos reeds genoem, die hoofrede vir die oprigting van 'n trust nie noodwendig belastingbesparing is nie. Dit word ook baie gebruik tot voordeel van minderjarige kinders of

geestesongestelde persone en dit sou moontlik as onregverdig beskou kan word indien die stigting van trusts ontmoedig word deur streng en ingewikkelde wetgewing en hierdie "beskerming" wat hulle geniet sodoende weggeneem word.

Is u van mening dat die korting van R1 miljoen genoegsaam is?

Hy is van mening dat hierdie korting beslis verhoog kan word – selfs tot R2 miljoen, veral as daar in ag geneem word dat die middel-inkomste groep ook reeds deel vorm van die kapitaaloordragbelasting-betalers.

8.3.4 Verslag van die Portefeulje Komitee Finansies

Hierdie verslag lewer aanvanklik algemene kommentaar oor die aanbevelings van die Katz Kommissie se vierde verslag, waarna verskeie insette van persone en instansies uit die praktyk ook weergegee word. 'n Opsomming van die algemene aanbevelings, asook sommige van die toepaslike insette (en die persone/instansies wat dit gemaak het) word vervolgens weergegee:

8.3.4.1 Algemene kommentaar

- Sommige komitee-lede was van mening dat die Katz Kommissie nie genoegsame inligting verskaf het in die vorm van tasbare numeriese berekeninge ten opsigte van die impak wat die belastings kan hê nie en bevraagteken dus ook die waarde van sodanige belastings in ag genome die minimale opbrengs en moontlike beperkte herverdelingseffek.
- Daar kon nie konsensus binne die komitee bereik word ten opsigte van die koerse van welvaartbelastings nie – sommige was van mening dat die koerse tans te hoog is en sodoende vermyding aanmoedig; terwyl ander weer van mening was dat die koerse te laag is en daarom geen betekenisvolle invloed op gelykheid het nie.

- Ten opsigte van die aanbevelings rakende die oorslaan van generasies, het sommige lede die sukses daarvan bevraagteken, veral terwyl daar steeds ander metodes bestaan waardeur generasies oorgeslaan kan word. Verder is die lede van mening dat, alhoewel die Katz Kommissie wel oorweging geskenk het aan die teenvermydingsmaatreël van belasting op lae rentekoers of rentevrye lenings, hul poging om vermyding hok te slaan te eng was in die betrokke verslag.
- Daar is na insette wat deur Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID) gemaak is, tot die gevolgtrekking gekom dat die Kommissie in die toekoms nouer met SAID moet saamwerk om die praktiese implikasies van aanbevelings te oorweeg voordat dit in 'n verslag aangebied word.

In breë terme het die Komitee tot die gevolgtrekking gekom dat daar geen dringende noodsaak is vir veranderinge aan die bestaande skenkings- en boedelbelasting nie.

8.3.4.2 Insette van persone/instansies

- Ten opsigte van die aanbeveling van die kommissie dat, alhoewel skenkings- en boedelbelasting in een wet (as kapitaaloordragbelasting) hanteer behoort te word, daar tans nie 'n dringende noodsaak is om hierdie samevoeging te implementeer nie; dus kan dit gedoen word wanneer en as die SAID hulpbronne beskikbaar het:

Die Suid-Afrikaanse Instituut vir Geoktrooieerde Rekenmeesters (SAIGR) en die Suid-Afrikaanse Instituut vir Geoktrooieerde Sekretarisse en Administrateurs (SAIGSA) stem saam met die aanbeveling; terwyl daar geen insette is wat spesifiek verskil nie.

- Ten opsigte van die koers van kapitaaloordragbelasting was die verskillende menings soos volg:
 - Suid-Afrikaanse Besigheidskamer: 6%
 - Life Offices' Association of Southern Africa (LOA): minder as 20%
 - Suid-Afrikaanse Landbou-unie (SALU): hoë koerse moet vermy word
 - SAIGR: maksimum van 20%
 - SAIGSA: maksimum van 35%
 - Suid-Afrikaanse Besigheidskamer: 16% op rentevrye lenings of 6% heffing elke tien jaar

- Die doel met kortings is om te verhoed dat persone met 'n relatief lae inkomste ook deur die kapitaaloordragbelasting (wat eintlik gemik is op persone met 'n groot kumulatiewe rykdom) geraak word. Menings oor die maksimum korting ten opsigte van boedelbelasting was ook verskillend:
 - LOA: Korting op boedelbelasting behoort verhoog te word na ten minste R1 500 000 en daarna gereeld aangepas word vir inflasie.
 - GH Venter: Huidige kortings behoort aangepas te word om voorsiening te maak vir inflasie.
 - SALU: Die effektiewe vlak van die bestaande kortings moet jaarliks aangepas word vir inflasie op so 'n wyse dat die reële waarde daarvan in stand gehou word.
 - SAIGSA: Daar word aanbeveel dat die korting ten opsigte van skenkingsbelasting verander word na 'n R1 miljoen korting oor elke persoon se leeftyd; terwyl die boedelbelastingkorting ook elke jaar moet vermeerder in ooreenstemming met die inflasiekoers.

- Daar is uiteenlopende menings oor die aanbeveling van die kommissie dat daar tans geen spesifieke remedies ingestel moet word om die probleem van lae rentekoers of rentevrye lenings op te los nie, maar dat spesifieke teenvermydingsbepalings in die toekoms deur die SAID oorweeg moet word,

aangesien die implementering van algemene teenvermydingsbepalings baie ingewikkeld kan wees:

- Suid-Afrikaanse Besigheidskamer beveel aan dat die Kommissaris van Binnelandse Inkomste stappe neem om belasting te hef op lae rentekoers en rentevrye lenings.
 - SAIGR erken die beperking op die hulpbronne beskikbaar aan die SAID en stem dus met die aanbeveling saam.
 - LOA is van mening dat die voorstel ten opsigte van die instel van teenvermydingsbepalings beter is as die heffing van belasting op lae rentekoers of rentevrye lenings.
- Die voorstel van die kommissie ten opsigte van die heffing van 'n periodieke belasting op die waarde van die bates in 'n trust, word ook verskillend deur die persone/instansies gesien:
- SAIGR is van mening dat dit nie reg is om die kapitaalgroei in 'n trust te belas nie. Die voorgestelde periode van 25 – 30 jaar is dan ook onrealisties volgens hulle, aangesien die oordrag van bates van een generasie na die volgende eers elke 50 jaar plaasvind.
 - LOA verkies die periodieke heffing van kapitaaloordragbelasting bo die heffing van belasting op rentevrye lenings en stel voor dat die tydperk ten minste 30 jaar moet wees.

8.3.5 Oorgangsprobleme

Dit is laastens ook belangrik om die aanbevelings te evalueer deur te verwys na enige oorgangsprobleme wat mag voorkom (sien 2.6.7). Een van die redes hoekom die aanbevelings rakende diskresionêre trusts gemaak is soos in 8.2.5 uiteengesit, is die groot mate van oorgangsprobleme wat sal ontstaan indien die voorstelle wel geïmplementeer word. Alhoewel die voorstelle moontlik die gewenste resultate sal lewer indien dit ten volle sou funksioneer en korrek

geadministreer word, moet sodanige oorgangsprobleme wel in ag geneem word.

Die implementering van teenvermydingsbepalings, asook die heffing van belasting op lenings (soos in 8.2.7 uiteengesit) behels nie die instel van 'n addisionele belasting wat die voortdurende waardasie van bates insluit nie, en ook nie 'n wesenlike struktuurverandering aan die bestaande stelsel nie; dus sal die probleme wat tydens die "oorgangsfase" kan ontstaan nie wesenlik wees nie en dit behoort meestal uit interpretasieverskille te bestaan.

8.4 SAMEVATTING

In die Westerse wêreld is die heffing van kapitaaloordragbelasting, as 'n tipe kapitaalbelasting wat die betaalvermoë van 'n individu in ag neem, 'n aanvaarbare wyse waarop die staatsinkomste aangevul word. Dit word ook algemeen gebruik as 'n meganisme waardeur herverdeling bewerkstellig word (alhoewel nie noodwendig die mees doeltreffende nie).

Daar moet dan ook in gedagte gehou word dat die belangrikste beperking op die instelling van 'n kapitaaloordragbelasting waarskynlik die mobiliteit van kapitaal in Suid-Afrika is. Suid-Afrika beskik oor 'n relatief klein ekonomie en is oop met betrekking tot handel; dus kan kapitaal vinnig in en uit die land beweeg. (Moll, Natrass & Loots, 1991: 39)

Alhoewel dit dus belangrik is dat 'n belasting neutraal, billik en ekonomies doeltreffend moet wees, en daar sekere aanbevelings in hierdie studie in hierdie verband gemaak is, moet 'n laaste oorweging beslis wees of daar werklik soveel klem op 'n verandering aan die kapitaaloordragbelastingstelsel (wat nie 'n baie doeltreffende belasting is nie) gelê moet word; terwyl daar soveel tekortkominge in die administrasie en invorderingsprosesse ten opsigte van die ander, meer doeltreffende belastings (byvoorbeeld persoonlike belasting, maatskappybelasting en BTW) bestaan.

Dit is egter 'n beleidsoorweging ten opsigte waarvan die uiteindelijke besluit by die regering van die dag berus.

BIBLIOGRAFIE

1. WETTE

1.1 Suid-Afrika

Inkomstebelastingwet, No. 58 van 1962

Boedelbelastingwet, No. 45 van 1955

Die Grondwet van Suid-Afrika van 1996

1.2 Verenigde Koninkryk

Inheritance Tax Act 1984

1.3 Verenigde State van Amerika

United States Code, Title 26; Subtitle B; Chapter 11 - 13

2. BOEKE, TYDSKRIFTE EN ANDER ARTIKELS

ADELMAN, I. & ROBINSOM, S. 1978: **Income distribution policy in developing countries**. Londen: Oxford University Press.

BEGROTINGSREDE 1988: Republiek van Suid-Afrika: **Begrotingsrede deur die Minister van Finansies**. Pretoria: Staatsdrukkers

BEGROTINGSREDE 1998: Republiek van Suid-Afrika: **Begrotingsrede deur die Minister van Finansies**. Pretoria: Staatsdrukkers

BERTRAM, D. & EDWARDS, S. 1983: **Comprehensive aspects of taxation**; 35th Edition. London: Holt, Rinehart and Winston.

BLASE, J.G. 1997: **The WRAP Trust**. The Tax Adviser, Augustus 1997: 480 - 482.

BOTHA, P. 1996: **Primary and secondary income distribution in South Africa and possibilities for redistribution**. Ongepubliseerde Magistertesis. Universiteit van Stellenbosch.

CHELLIAH, R.J. 1986: **Report of the Commission of Inquiry into Taxation**. Harare: Government Printer.

- COETZEE, H. 1995: **Dividing up the tax cake**. Accountancy SA, March 1995: 5 - 9.
- CRONJE, W. 1997: **Tax and Wealth**. Finance Week, 12 June 1997: 27.
- DANZIGER, E. & CRONJÉ, M. 1998: **Belastinghandboek**; sewende uitgawe. Durban: Butterworths.
- DAVIS, D. 1988: **Heavy Clamps**. Finance Week, 7 - 13 April 1988: 17 - 19.
- DE KOKER, W. & URQUHART, G.A. 1996: **Income Tax in South Africa**. Durban: Butterworths.
- FINANCIAL MAIL 1987: **Biting the hand that feeds**. Financial Mail, 21 August 1987: 30 - 32.
- FINANCIAL MAIL 1987: **Margo's Wealth Tax**. Financial Mail, 23 October 1987: 52 - 54.
- FINANCIAL MAIL 1992: **A case of fiscal envy**. Financial Mail, 10 April 1992: 28 - 29.
- FINANCIAL MAIL 1994: **Eyes on the rate**. Financial Mail, 3 June 1994: 32 - 33.
- FOX-CROFT, M. 1988: **The Trust Property Control Act, 1988**. Insurance and Tax: 29 - 35.
- FRIEDLAND, R. 1997: **Targeting the Super Rich**. Financial Mail, 4 April 1997: 17 - 21.
- GILBERT, V. 1997: **Generation Skipping Gifts: It's all in timing**. Sales News & Trends, 5 May 1997: 14.
- HAMMAN, J.H. 1995: **Kapitaaloordragbelasting: 'n Vergelykende studie van kapitaaloordragbelasting in 'n aantal lande ter evaluering van die Suid-Afrikaanse kapitaaloordragbelasting**. Ongepubliseerde Magistertesis. Universiteit van Stellenbosch.
- HUXHAM, K. & HAUPHT, P. 1998: **Aantekeninge oor Suid-Afrika se Inkomstebelasting**; 17de uitgawe. Roggebaai: H & H Publications.
- HOCHBERG, R.M. 1997: **Presto. You're a Dynasty**. Financial World, 21 January 1997: 76 - 77.
- INCOME TAX REPORTER 1998: **Anti-Generation Skipping Devices**. Income Tax Reporter, 1 April 1998: 65.

- KATZ, M. (Voorsitter), 1995: **Third Interim Report of the Commission of Inquiry into certain aspects of the Tax Structure of South Africa.** Pretoria: Staatsdrukker.
- KATZ, M. (Voorsitter), 1997: **Fourth Interim Report of the Commission of Inquiry into certain aspects of the Tax Structure of South Africa.** Pretoria: Staatsdrukker.
- KOURIE, M.A. & OOSTHUIZEN, J. 1994: **Tax and Trusts Easiguide.** Pretoria: Digma.
- KOURIE, M.A. & RYDER, K. 1997: **Law and Estate Planning Easiguide.** Durban: Butterworths.
- LATEGAN, T. 1990: **Begin van nuwe belastingtydvak?** Finansies & Tegniek, 5 Januarie 1990: 16 - 19.
- LEIBRANDT, M., BHORAT, H. & WOOLARD, I. 1999: **Understanding Contemporary Household Inequality in South Africa.** Cape Town: Development Policy Research Unit University of Cape Town.
- MARGO, C.S. (Voorsitter) 1987: **Verslag van die Kommissie van Onderzoek na die Republiek van Suid-Afrika se belastingstruktuur.** Pretoria: Staatsdrukkers.
- MCGRATH, M.D. 1983: **The distribution of personal income in South Africa in selected years over the period from 1945 to 1980.** Natal: University of Natal.
- MCGRATH, M.D. 1984: **The determinants of poverty: A theoretical analysis.** Cape Town: Carnegie Conference Paper No. 269.
- MEADE, J.E. 1978: **The structure and Reform of Direct Taxation.** London: George Allen & Unwin.
- McCUTHEON, B.D. 1984: **Capital Transfer Tax;** Second Edition. London: Sweet & Maxwell.
- MOLL, P., NATTRASS, N. & LOOTS, L. 1991: **Redistribution - How can it work in South Africa?** Cape Town: Clyson Printers (Pty) Ltd.
- OLIVIER, P.A. & VAN DEN BERG, G.P.J. 1991: **Praktiese Boedelbeplanning;** Eerste uitgawe. Wetton: Juta en Kie, Bpk.
- OESO (Organisasie vir Ekonomiese Samewerking en Ontwikkeling) 1979: **The Taxation of net wealth, capital transfers and capital gains of individuals.** Paris: Organisation for economic co-operation and development.

PINSON, B. & THOMAS, R. 1986: **Pinson on Revenue Law**; 17th Edition. London: Sweet & Maxwell.

PRICE WATERHOUSE 1994: **Caution urged on Capital Tax**. Finance Week, 10 - 16 November 1994: 26 - 27.

ROELEVELD, J.J. 1995: **Towards re-defining source capital transfer tax specifically related to estate duty and generation skipping transfer tax**. Unpublished thesis. University of Cape Town (Faculty of Law).

SCANNELL, P.J. 1977: **Die effek van belasting by afsterwe op die vermoë van 'n individu**. Ongepubliseerde Magistertesis. Universiteit van Stellenbosch.

SCHRIRE, R. 1992: **Wealth or Poverty? Critical Choices for South Africa**. Cape Town: Oxford University Press.

SMITH, A. 1977: **The wealth of Nations**. Londen: Everyman's Library.

THE TAXPAYER 1985: **The Margo Commission: Some Submissions by ASSOCOM**. The Taxpayer, September 1985: 161 - 162.

TINGLEY, K.R. 1976: **Key to Capital Transfer Tax**; Second Edition. London: Taxation.

VAN BLERCK, M. 1993: **Tax Trends in democracies worldwide (their application to South Africa)**. SA Tax Review, December 1993: 102 - 107.

VAN DEN BERG, G. 1998: **Trusts seminaar**. Ongepubliseerde handleiding as deel van 'n seminaar gehou te Kaapstad. CPA.

VAN DER BERG, S. 1992: **Wealth of Poverty: Critical Choices for South Africa**. Cape Town: Oxford.

VAN DER BERG, S. 1998: **Consolidating South African democracy: the political arithmetic of budgetary redistribution**. Cape Town: African Affairs.

VAN DER BERG, S. & BHORAT, H. 1999: **The Present as 'n Legacy of the Past: The Labour Market, Inequality and Poverty in South Africa**. Cape Town: Draft paper for the AERC Poverty Project.

VAN VUUREN, W. 1999: **Implications of intra-african inequality for nation-building**. Stellenbosch: Institute for Futures Research University of Stellenbosch.

VALLINGTON, R.A. & SIMS, B.J. 1998: **Simon's Direct Tax Service**. Durban: Butterworths.

WEDGWOOD, J. 1939: **The Economics of Inheritance**. Londen: Penguin Books.

WERTLIEB, F.J. 1997: **Generation Skipping Transfer Tax Planning and the Charitable Lead Trust**. Journal of the American Society of CLU & ChFC, March 1997: 70 - 77.

WHITEFORD, A., POSEL, D. & KELAWANG, T. 1995: **A Profile of Poverty, Inequality and Human Development**. Pretoria: Human Sciences Research Council (HSRC).

WHITEFORD, A. & MCGRATH, M.D. 1998: **Income inequality over the apartheid years**. Cape Town: South African Network for Economic Research.

3. ELEKTRONIESE MEDIA

Estate Tax. Publication 950, Introduction to Estate and Gift Taxes. Hp. 9 January 1998 [last update]. Available: http://www.irs.ustreas.gov/plain/forms_pubs/pubs/p95003.htm. 9 Januarie 1998.

Gift Tax. Publication 950, Introduction to Estate and Gift Taxes. Hp. 9 January 1998 [last update]. Available: http://www.irs.ustreas.gov/plain/forms_pubs/pubs/p95003.htm. 9 Januarie 1998.

Unified Credit. Publication 950, Introduction to Estate and Gift Taxes. Hp. 9 January 1998 [last update]. Available: http://www.irs.ustreas.gov/plain/forms_pubs/pubs/p95003.htm. 9 Januarie 1998.

Bylae 1


**BOEDEL- EN SKENKINGSBELASTING AS 'N PERSENTASIE
VAN TOTALE BELASTINGVERWANTE INVORDERINGS:**

Fiskale jaar	1 Boedel- belasting	2 Skenkings- belasting	3 Totale inkomste uit belastings	4(*) Persen- tasie
1984/85	100.4	4.7	23 158.7	0.45
1985/86	139.4	3.2	29 375.5	0.49
1986/87	147.3	3.9	32 945.4	0.46
1987/88	142.6	5.5	38 184.5	0.39
1988/89	136.5	3.2	49 404.1	0.28
1989/90	75.9	4.3	63 371.6	0.13
1990/91	82	6.5	69 955.3	0.13
1991/92	78.7	6.8	76 203.4	0.11
1992/93	84.9	18	80 561.0	0.13
1993/94	118.3	39	94 125.0	0.17
1994/95	125.3	104.4	110 259.8	0.21
1995/96	181.3	61	123 104.8	0.20
1996/97	181.8	46.7	142 578.4	0.16
1997/98	195	35	158 929.6	0.14
1998/99 (voori)	400	16	173 587.4	0.24
1999/00 (begr)	437	17.5	189 713.9	0.24
2000/01 (begr)	482	19	206 429.8	0.24

(*): $4 = (1 + 2) / 3$

Begrotingsrede, 1998: B.1 – B.4

Bylae 2 - FIGUUR 1:


**DIE BEWEGING IN DIE PERSENTASIE BYDRAE VAN
BOEDEL- EN SKENKINGSBELASTING TOT DIE TOTALE
BELASTINGVERWANTE INKOMSTE**

Bylae 3

**DIREKTE EN INDIREKTE BELASTINGS AS 'N PERSENTASIE VAN
DIE TOTALE INKOMSTE UIT BELASTING IN SUID-AFRIKA**

Jaar	Direkte be-	%	Indirekte be-	%	Totale be-
	lastig		lastig		lastig
	R' 000 000		R' 000 000		R' 000 000
1984/85	13 916,20	60,09%	9 242,50	39,91%	23 158,70
1985/86	17 417,60	59,29%	11 957,90	40,71%	29 375,50
1986/87	19 654,90	59,66%	13 290,50	40,34%	32 945,40
1987/88	22 109,20	57,90%	16 075,30	42,10%	38 184,50
1988/89	26 671,10	53,99%	22 733,00	46,01%	49 404,10
1989/90	34 430,70	54,33%	28 940,90	45,67%	63 371,60
1990/91	39 580,90	56,58%	30 374,40	43,42%	69 955,30
1991/92	44 661,60	58,61%	31 541,70	41,39%	76 203,30
1992/93	47 559,40	59,04%	33 001,60	40,96%	80 561,00
1993/94	50 933,70	54,11%	43 191,30	45,89%	94 125,00
1994/95	61 004,70	55,33%	49 255,10	44,67%	110 259,80
1995/96	68 883,80	55,96%	54 221,00	44,04%	123 104,80
1996/97	82 876,10	58,13%	59 702,10	41,87%	142 578,20
1997/98(voorl)	92 973,00	58,50%	65 956,60	41,50%	158 929,60
1998/99(begr)	100 968,00	58,17%	72 619,40	41,83%	173 587,40
1999/00(begr)	110 847,00	58,43%	78 866,90	41,57%	189 713,90
2000/01(begr)	120 777,00	58,51%	85 652,80	41,49%	206 429,80

Begrotingsrede, 1998: B.1 - B.4

Bylae 4 - Figuur 2:**Die persentasie indirekte belasting tot totale belasting: Die posisie in Suid-Afrika.**

Bylae 5

**KOERSE WAARTEEN BOEDEL- EN SKENKINGSBELASTING
IN DIE VSA GEHEF WORD**

Bedrag	Belastingkoerse
\$0 - \$10 000	18 %
\$10 000 - \$20 000	\$1 800 + 20% van elke \$1 wat \$10 000 oorskry
\$20 000 - \$40 000	\$3 800 + 22% van elke \$1 wat \$20 000 oorskry
\$40 000 - \$60 000	\$8 200 + 24% van elke \$1 wat \$40 000 oorskry
\$60 000 - \$80 000	\$13 000 + 26% van elke \$1 wat \$60 000 oorskry
\$80 000 - \$100 000	\$18 200 + 28% van elke \$1 wat \$80 000 oorskry
\$100 000 - \$150 000	\$23 800 + 30% van elke \$1 wat \$100 000 oorskry
\$150 000 - \$250 000	\$38 800 + 32% van elke \$1 wat \$150 000 oorskry
\$250 000 - \$500 000	\$70 800 + 34% van elke \$1 wat \$250 000 oorskry
\$500 000 - \$750 000	\$155 800 + 37% van elke \$ wat \$500 000 oorskry
\$750 000 - \$1 000 000	\$248 300 + 39% van elke \$1 wat \$750 000 oorskry
\$1 000 000 - \$1 250 000	\$345 800 + 41% van elke \$1 wat \$1 000 000 oorskry
\$1 250 000 - \$1 500 000	\$448 300 + 43% van elke \$1 wat \$1 250 000 oorskry

\$1 500 000 - \$2 000 000	\$555 800 + 45% van elke \$1 wat \$1 500 000 oorskry
\$2 000 000 - \$2 500 000	\$780 800 + 49% van elke \$1 wat \$2 000 000 oorskry
\$2 500 000 - \$3 000 000	\$1 025 800 + 53% van elke \$1 wat \$2 500 000 oorskry
\$3 000 000 +	\$1 290 800 + 55% van elke \$1 wat \$3 000 000 oorskry

(United States Tax Code; Title 26;
Subtitle B: Estate and Gift Taxes;
Chapter 11; article 2001(c))